

Die filosofiese grondslae van ekonomiese beginsels

E.P.J. Kleynhans

Studentenommer: 11289570

Skripsie ter gedeeltelike vervulling van die gedoseerde graad:

Magister Philosophiae in Filosofie

(M.Phil.)

Aan die

Skool vir Filosofie, Noordwes-Universiteit: Potchefstroomkampus

Studieleier: Prof. Paul Styger

November 2011

Potchefstroom

Die filosofiese grondslae van ekonomiese beginsels

OPSOMMING

Hierdie skripsie ondersoek of die wyse waarop markdeelnemers die ekonomie vertolk en in die ekonomie optree, uit die Westerse denke afgelei kan word. Die moderne ekonomiese wetenskap berus op 'n aantal aannames en beginsels en daar moet bepaal word of dit na behore gesubstansieer is.

Die studie neem 'n aanvang deur die ontwikkeling van die Westerse filosofiese denke kortliks te skets – vanaf die Antieke Griekse denke tot by die kontemporêre filosofie. Die onderskeie denkrigtings deur die geskiedenis is kortliks beskryf in sover dit moontlik insig op die probleemstelling kan werp. Daar is veral gesoek na denke wat die basiese ekonomiese beginsels onderlê of bespreek het.

Die derde hoofstuk het die basiese ekonomiese aannames en beginsels waarop die ekonomiese wetenskap gebou is, uiteengesit en verduidelik. Ekonomie as wetenskap is eerstens gedefinieer, en daarna is aannames, soos byvoorbeeld volmaakte inligting by markdeelnemers, rasionele optrede, entrepreneurskap, die marginale reël, ruil as menslike instink en die vryemarkbeginsel bespreek. Die hoofstuk is afgesluit deur die beginsel van vraag-en-aanbod en ekonomiese ewewig op die mark te ondersoek.

Die vierde hoofstuk het as toepassing van die vorige twee hoofstukke gedien en daar is op bepaalde temas en kerndebatte, wat die moderne ekonomie vorm, gefokus. Daar is oor die ekonomiese agent as rasionele wese, volmaakte kennis en onsekerheid, die konflikmotief, vrye mededinging, empirisme, utilitarisme, pragmatisme, individualisme, privaatbesit, Ekonomie as natuurwetenskap, die rol van ekonometrie en wiskunde, ekonomiese teorie as heilige waarheid, en die vervreemding tussen teorie en praktyk besin. Laastens is daar oor morele aspekte wat die moderne ekonomiese denke ten gronde lê besin en is daar uiteindelik weer oor die marginale reël herbesin. Die bevindinge van hierdie skripsie is in die laaste hoofstuk opgesom en bespreek.

In hierdie studie is daar vanuit die filosofiese geskiedenis aangetoon waar die basiese beginsels en konsepte van Ekonomie vandaan kom. Daar is aangetoon dat dit reeds by die Antieke Grieke begin het. Daar is ook aangetoon dat die klassieke ekonomiese aannames nie bloot lukraak geneem is nie, maar op deeglike fundamente, wat deur die groot filosowe van die verlede, soos Plato, Aristoteles, Locke en Leibniz, gelê is, gebou is.

Alhoewel die ekonomiese aannames by die sienings van sommige filosowe van die verlede inpas, behoort dit egter met omsigtigheid bejeën te word. Weens die kompleksiteit van die ekonomie en die samelewing is dit nie moontlik om die ekonomie as geheel te isoleer en te bestudeer nie. Nie een teorie of skool is by magte om die werking van die ekonomie in sy geheel te verklaar nie. Dit is dan ook die rede waarom Ekonomiese teorieë, en dit wat in die praktyk gebeur, dikwels verskil. Elke teorie en skool maak 'n bydrae om die werking van die ekonomie te verklaar, maar die mensdom kan die kompleksiteit nie ten volle beheers nie, en weens die dinamiese aard daarvan verander die mark en die ekonomie voortdurend. Die beste wat ekonome en die sakewêreld kan doen, is om 'n eklektiese benadering te volg en die beste uit elke teorie te benut. Dit beteken egter dat geen ekonomiese teorie ooit 'n deeglik-aaneenskakelende beeld van die ekonomie gee nie. Die kompleksiteit van die ekonomiese werklikheid bring dan ook mee dat hiërdie skripsie slegs 'n "inleidende verkenning" van die probleem is.

Daar is aangetoon dat meeste ekonomiese beginsels wel vanuit die filosofiese denke van die verlede afgelei kan word. Daar is egter ook aangetoon dat die aannames van die Ekonomie in baie gevalle nie waar is nie, of vereenvoudigings van die komplekse werklikheid is. Spore uit die filosofie wat Ekonomie onderlê, is wel gevind, maar dit was nie soveel en so sterk as wat die navorser beoog het nie. Dit is egter slegs 'n inleidende studie en baie navorsing is nog nodig.

Sleutelwoorde: *Ideë geskiedenis, Gronslaestudies, Vakfilosofie, Geskiedenis van Filosofie, Ekonomiese denke, Neo-Klassieke aannames, Ekonomiese beginsels, Ekonomiese geskiedenis, Kerndebatte, Bedryfsetiek.*

The philosophical foundations of economic principles

ABSTRACT

This dissertation explores whether the way that market agents act and understand the economy can be derived from Western philosophy. Modern economic science is based on a few assumptions and principles, and the intention is to determine if these assumptions and principles are properly substantiated.

The study commences with an overview of the development of Western philosophical thought – from Ancient Greek philosophy through to today's contemporary philosophy. The various views of thought through history were described, as far as it might provide some insight into the problem statement. The focus was to search mainly for philosophies that supported the basic economic principles to some extent.

The third chapter described and explained the basic economic assumptions and principles that underlie modern Economic science. Economics as a science was defined first, and thereafter the assumptions were discussed, for example perfect information of market participants, rational conduct, entrepreneurship, the marginal rule, trade as a basic human instinct and the free market principle. The chapter concludes with an investigation into the principles of demand and supply and economic equilibrium in the marketplace.

The fourth chapter served as an application of the previous two chapters and focused on specific themes and central debates that form the modern economy. There was a reflection on the economic agent as a rational being, perfect knowledge and uncertainty, the conflict motive, free completion, empiricism, utilitarianism, pragmatism, individualism, private property, Economics as a natural science, the role of econometrics and mathematics, economic theory as holy truth, and the alienation between theory and practice. Finally, consideration was given to moral aspects that underlie modern economic thought and the study concluded by considering the

marginal rule once again. The findings of the study were summarised and discussed in the last chapter.

A study was made of the philosophical history to determine where the basic principles and concepts of Economics come from. It was shown that some elements originated with the ancient Greeks. It was also shown that the Classical Economic assumptions were not made randomly, but were built on a sound foundation provided by the great philosophers of the past, such as Plato, Aristotle, Locke and Leibniz.

Although the economic assumptions are similar to the views of some philosophers of the past, it should, however, be treated with circumspection. Due to the complexity of the economy and society, it is not possible to isolate and study it as a whole. No single theory or school is able to explain the functioning of the economy completely. This is the main reason why economic theory often differs from what happens in practice. Each theory and school makes a contribution to explain the functioning of the economy, but mankind cannot control its complexity, and because of the dynamic nature of markets and the economy, it is also continually changing. The best that economists and the business world can do is to follow an eclectic approach and take the best from each theory or school. This means, however, that no Economic theory will ever be able to provide a comprehensive picture of the whole economy. The scope and complexity of economic reality cause this dissertation to be only an introductory survey of the problem.

It was shown that most of the economic principles built on the work of earlier thinkers, but it was also indicated that the assumptions are in many cases not true, and in others, simplifications because of the complexity of economic reality. Traces from Philosophy, which underlies Economics, were found, but they were not as strong and as much as the researcher intended. It is, however, only a preliminary investigation and much more research is still needed.

Key words: *History of Ideas, Foundational studies, Subject philosophy, History of Philosophy, Economic thought, Neo-Classical assumptions, Economic principles, Economic History, Central issues, Business ethics.*

Dankbetuiging

Dit is vir my 'n besondere voorreg om die volgende persone te bedank vir hul bydrae tot hierdie studie:

- My studieleier, Prof. Paul Styger, wat bereid was om my te help om hierdie studie suksesvol af te handel. Sonder u sou ek dit beslis nie kon doen nie. Om leiding te ontvang en saam met 'n persoon van u statuur te werk, is 'n besondere voorreg.
- Aan die Direkteur van die Skool vir Filosofie, Prof. Michael Heyns en sy personeel, baie dankie vir die geleentheid wat u Skool mens bied om homself nagraads in hierdie besondere vakgebied te verdiep.
- My mentor in Filosofie, Prof. Ponti Venter. Dankie vir al die kennis en wysheid wat ek deur die jare van u kon tap. Om van 'n outoriteit soos u te leer, is 'n voorreg by uitnemendheid. Baie dankie vir al u hulp en leiding en die groot moeite wat u ook met hierdie studie gedoen het. Dit was altyd raakgesien en gewaardeer.
- Aan Me. Cecile van Zyl vir die taalkundige versorging van hierdie studie. Om die taal van die filosowe te versoen met goeie Afrikaans is in baie gevalle 'n onmoontlike taak. Baie dank is u verskuldig vir hierdie moeilike taak wat u met uitmuntendheid voltooi het.
- Aan my liewe vrou Susie en my seun Duncan, baie dankie vir die aanmoediging en ondersteuning wat ek altyd van julle ontvang. Dikwels vra dit opofferings van julle en ek sê baie dankie dat julle dit altyd so ondersteunend aanvaar.

Ewert Kleynhans

Potchefstroom

September 2011

Sola Gratia

“Laudate Dominum de caelis; laudate eum in excelsis” (Psalm 48;1)

Die filosofiese grondslae van ekonomiese beginsels

INHOUDSOPGAWE

	<u>Bladsy</u>
Opsomming	i
Abstract	iv
Dankbetuiging	vii
1. INLEIDING	1
1.1 Inleiding	1
1.2 Probleemstelling	3
1.3 Doelstellings	3
1.4 Omvangwydte van die Studie	4
1.5 Uitleg van die Studie	4
1.6 Slot	5
2. DIE ONTWIKKELING VAN FILOSOFIESE DENKE	7
2.1 Inleiding	7
2.2 Die Antieke Grieke	8
2.3 Die Middeleeuse Filosofie	15
2.4 Die Renaissance	19
2.5 Era van die Rede	21
2.6 Die Eeu van Verligting	30
2.7 Kontemporêre Filosofie	40
2.8 Samevatting	45
3. DIE BASIESE EKONOMIESE BEGINSELS	50
3.1 Inleiding	50
3.2 Definisie van Ekonomie	51
3.3 Die Basiese Ekonomiese Aannames	55

3.3.1 Die Aanneme van Volmaakte Inligting	59
3.3.2 Die Rol van die Entrepreneur	61
3.3.3 Winsmaksimering as Eerste Ekonomiese Aanneme	62
3.3.4 Die Marginale Reël	62
3.4 Ruil as Menslike Instink en 'n Reg	66
3.5 Die Vryemarkbeginsel	66
3.6 Ewewig	68
3.7 Vraag-en-Aanbod	72
3.8 Samevatting	77
4. TEMAS EN KERN-DEBATTE VAN DIE MODERNE EKONOMIE	78
4.1 Inleiding	78
4.2 Ekonomiese Agente as Rationele Wesens	81
4.3 Die Konflikmotief en Vrye Mededinging	87
4.4 Empirisme	93
4.5 Pragmatisme	95
4.6 Die Natuurwetenskap van Ekonomie	96
4.7 Wiskunde en Ekonometrie	99
4.8 Vervreemding tussen Teorie en Praktyk	104
4.9 Utilitarisme	112
4.10 Ekonomiese Teorie as Onweerlegbare Waarheid	113
4.11 Indiwidualisme	116
4.12 Private Besitreg	117
4.13 Volmaakte Kennis en Onsekerheid	120
4.14 Morele Uitgangspunte	123
4.15 Die Marginale Beginsel Herbesin	137
3.16 Slotsopmerkings	142
4. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING	145
5. BIBLIOGRAFIE	154

LYS VAN FIGURE

Figuur 1: Die Marginale Beginsel	110
Figuur 2: Koste-en-Inkome Krommes	135

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 Inleiding

Die ekonomie is een van die belangrikste instellings van die mensdom. Dit het die mens reeds instaatgestel om die hoogste vlak van ontwikkeling en welvaart te bereik. Deur die vrye werking van die ekonomiese stelsel word pyn, lyding en hongersnood verlig en verbetering in lewensomstandighede neem by die dag toe. Ekonomiese ontwikkeling stel individue ook in staat om die wetenskap en tegnologie tot die voordeel van die mensdom aan te wend – en tog voel individue dikwels dat hulle deur die ekonomie uitgebuit word.

Meeste denkers stem saam met die wiskundige, Morris Kline (1985:15), dat die mag van die rede die grootste uitvinding in die geskiedenis van die mensdom is. Die deurslaggewende bydrae van die Grieke was hul gebruik van die menslike rede. Dit is 'n kragtige instrument. Teen die einde van die sewentiende eeu en gedurende die agtiende eeu breek 'n nuwe intellektuele benaderingswyse aan, wat as die Eeu van die Rede ("Age of Reason") bekend gestaan het. Hierdie era was veral geïnspireer deur die sukses van die wiskunde, wat in samewerking met die wetenskap menslike kennis georden het. Besiel met die oortuiging dat die rede, ondersteun deur wiskunde, nie alleen die fisiese wêreld sou oorneem nie, maar alle menslike probleme sou kon oplos, is 'n metode gevind om die wêreld te beheers. Die oortuiging was dat die menslike denke, met die wiskunde as hulpmiddel, in alle intellektuele ondernemings van die mensdom benut moes word, om kennis te herorden, insluitend die filosofie, religie,

literatuur, en die estetiese (Kline, 1985:24). Uit hierdie rasonale ondersoekes het nuwe wetenskappe soos die sielkunde, die politiek en die ekonomie gespruit. Die moderne intellektuele doktrine van vandag is daarop gevestig.

Deur die mag van sy rede skep die mensdom vir homself strukture om die lewe meer leefbaar te maak en te vergemaklik. Hier is die ekonomie een van die belangrikste ontwikkelings. Tog voel verbruikers, en veral die armes, dikwels magteloos teen die groot geldmagte van die kapitalistiese wêreld. Waar die ekonomie veronderstel is om almal se lewenslot te verbeter, werk dit dikwels nie. Die rykes word dikwels net ryker, terwyl die armes al armer word. Ekonomiese advies van talle ekonomiese raadgevers werk ook dikwels slegs vir 'n tydperk, maar uiteindelik loop dit uit op die een ekonomiese katastrofe na die ander.

In die akademie is ekonomiese teorie volgens ekonome tot 'n fyn wetenskap vervolmaak en hou dit vir die mensdom groot belofte in. Dit is egter juis dié ekonomiese beginsels wat in die praktyk deelnemers in die mark daartoe lei om oneties op te tree, ter wille van besigheid. In die praktyk is die ekonomie 'n mag wat markdeelnemers meesleur in 'n stryd om oorlewing. Die wedywing wat mededinging bied, verplig markdeelnemers om op bepaalde wyses op te tree, selfs al is dit ook teen hul beginsels.

'n Verdere aspek van die ekonomie is dat daar wel gesofistikeerde ekonomiese teorieë bestaan, maar dat markdeelnemers hulle in die praktyk nie veel daaraan steur nie. Daar is slegs die allesoorheersende neiging om winste te maksimeer en in die gees van besigheid word dit die allesoorheersende beginsel.

Dit lei denkers tot die vraag of ekonomiese beginsels wat in die teorie en praktyk gevolg word, behoorlik in die Westerse denke gefundeer is, en of die ekonomie bloot op ongestaafde aannames gefundeer is.

1.2 Probleemstelling

Die probleem wat hierdie studie van nader wil ondersoek, is:

In hierdie studie wil bepaal word of die wyse wat markdeelnemers die ekonomie vertolk en in die ekonomie optree, afgelei kan word uit die Westerse denke.

1.3 Doelstellings

Hierdie studie wil vasstel of daar in die geskiedenis filosofiese grondslae vir die hedendaagse ekonomiese beginsels bestaan, en/of word dit bloot *ad hoc* geneem is.

Daar moet dus vasgestel word:

- i. wat die basiese ekonomiese aannames en beginsels is;
- ii. hoe die filosofiese denke tot vandag ontwikkel het;
- iii. wat die belangrike konsepte is wat die ekonomiese denke onderlê;
- iv. of die ekonomiese wetenskap behoorlik gesubstansieer is; en
- v. hoe hierdie konsepte die werking van die moderne ekonomiese temas bepaal.

Daar wil dus vasgestel word of die basiese ekonomiese beginsels grondslae in die filosofiese geskiedenis het, wat die hedendaagse optrede van ekonomiese agente vandag bepaal. In die konteks van die hoofprobleemstelling vloei die sekondêre doelstellings wat hierbo gelys is voort. Daar sal eerstens gekyk moet word na die ontwikkeling van die filosofiese denke gedurende die afgelope drie millennia, wat moontlik 'n relevante bydra kan maak tot die probleemstelling. Dan sal die basiese Klassieke Ekonomiese aannames gestel en verduidelik moet word, sodat daar duidelikheid bestaan waaroor die studie in besonder handel. Dan word die belangrikste konsepte en temas wat die ekonomiese denke in hierdie verband onderlê behandel om die onderliggende filosofiese grondslae te probeer bepaal. Uiteindelik lei hierdie studie ook tot 'n besinning oor die morele uitgangspunte wat in die ekonomie aangetref word. Laastens word die studie saamgevat en gevolgtrekkings gemaak.

1.4 Omvangwydte van die Studie

Die studie gaan hoofsaaklik fokus op die aannames van die Klassieke Ekonomie, soos vertolk deur ekonome en filosowe voor die publikasie van John Maynard Keynes se seminale werk “The General Theory of Employment, Interest, and Money” gepubliseer is gedurende 1936; asook die Neoklassieke ekonomie en die algemene opvattinge en toepassing daarvan in die hedendaagse sakewêreld.

1.5 Uitleg van die Studie

Die hoofstukke van die studie word soos volg ingedeel:

1. Inleiding
2. Die Ontwikkeling van Filosofiese Denke
3. Die Basiese Ekonomiese Beginsels
4. Temas en Kern-debatte van die Moderne Ekonomie
5. Samevatting
6. Bibliografie

In die inleiding word die basiese probleem gestel en gemotiveer. Die tweede hoofstuk gee 'n uiteensetting van die ontwikkeling van Westerse denke gedurende die afgelope drie-duisend jaar. Hier sal nie 'n volledige uiteensetting verskaf word nie, maar bloot 'n raamwerk geskets word en klem op enkele momente soos wat moontlik 'n invloed op die ontwikkeling van moderne ekonomiese denke gehad het, geplaas word.

Die doel van die derde hoofstuk is om konsepte te verduidelik en die basiese ekonomiese beginsels en aannames weer te gee. Hier sal die basiese ekonomiese uitgangspunte en teorie, soos ekonome dit vertolk, saaklik weergegee word, sodat die leser verdere verduidelikings daarvan kan begryp.

Die vierde hoofstuk is basies 'n toepassing van wat in die voorafgaande hoofstukke bespreek is. Hier sal op bepaalde momente en konsepte wat die moderne ekonomiese denke bepaal, gefokus word. Temas en voorbeelde van die impak van die filosofiese paradigmaverskuiwings op die vernaamste kern-debatte in die ekonomie sal bespreek word.

Die finale hoofstuk sal as 'n samevatting en bespreking van die bevindinge van hierdie studie dien.

1.6 Slot

Hierdie studie wil ondersoek instel waarom ekonomiese beginsels nie altyd die wêreld soos dit in werklikheid is voorstel nie, maar berus op 'n aantal aannames, wat nie noodwendig gesubstansieer is nie. Dit kom dikwels voor asof daar iewers iets met die ekonomie skort. Die doel is ook om ondersoek in te stel waarom daar dikwels in die ekonomiese praktyk 'n konflik tussen sogenaamde ekonomiese beginsels en individuele lewensvisie bestaan. Daar word vermoed dat daar iets skort met die voorveronderstellings en die aannames van die ekonomiese wetenskap en die filosofiese grondslae en/of uitgangspunte van huidige ekonomiese denke verdien daarom aandag.

In hierdie studie word onderskei tussen “die ekonomie”, wat na die materiële versorgingswêreld en die sakewêreld verwys en “Ekonomie”, wat na die akademiese vakgebied verwys en wat die ekonomie wetenskaplik bestudeer. Die onderskeid is egter nie altyd duidelik nie.

Daar moet op gelet word dat hierdie omvattende onderwerp nie na behore hier gedek kan word nie en dat hierdie slegs 'n *skripsie* van 'n *gedoseerde magisterstudie* is. Dit dien slegs as 'n inleiding en 'n eerste verkenning van die onderwerp. Aangesien hier slegs 'n oorsig van hul denke gegee word, en al die werke van die “groot” filosowe nie

geredelik in Engels beskikbaar is nie, noodsaak dit in baie gevalle die gebruik van sekondêre bronne.

Hierdie studie wil ondersoek of die Westerse denke die denkmilieu, waarbinne ekonomiese denke vandag figureer, gevorm het. Daar wil nagespeur word of die filosofiese denke van die verlede 'n invloed gehad het op die wyse wat die mensdom die wêreld vandag sien. Dit is daarom nodig dat daar nou in die volgende hoofstuk eers aandag aan die ontwikkeling van die Westerse filosofiese denke geskenk word.

HOOFSTUK 2

DIE ONTWIKKELING VAN FILOSOFIESE DENKE

2.1 Inleiding

Met die mag van die menslike denke het die mensdom in die hede reeds so ver ontwikkel en 'n vlak van welvaart beleef, wat hoër is as ooit in die geskiedenis. Die doel van hierdie studie is om na te speur waar die beginsels van die moderne ekonomie vandaan kom. Daar wil vasgestel word of die Westerse denke van 'n bepaalde era bepalend is in die vorming van die ekonomiese teorie van 'n spesifieke denkskool en of die wyse wat markdeelnemers die ekonomie vertolk, uit die Westerse denke afgelei kan word. Ten einde dit te kan doen, is dit nodig om die filosofiese denke deur die geskiedenis na te speur, en dit word in hooftrekke in hierdie hoofstuk beskou.

Die filosofie is die moederwetenskap en die grondslae waaruit alle ander wetenskappe ontstaan het. Die filosofie is 'n sistemativering van idees oor hoe die werklikheid in mekaar steek. Die filosofie is 'n proses en die basiese manier van dink en dit is daarom belangrik om hier te oordink of die grondslae van ander wetenskappe soos die ekonomie nagespeur wil word. Parmenides en Plato het aanvaar dat die primêre bron van ware kennis die menslike denke is (Kline, 1986:43).

Ten einde hierdie studie na behore te begrens, word die volle ensiklopedie van die filosofie nie hier in totaliteit weergegee nie, maar word daar slegs bepaalde hoofmomente van die geskiedenis van die filosofie aangespreek wat moontlik lig kan

werp op die probleemstelling en die agtergrond kan verskaf waarmee dit die denke van die Westerse wêreld ingeklee het en waarbinne ekonomiese denke kon ontwikkel.

Eerstens word aandag geskenk aan die Antieke Griekse denkers wat die fundamente van die Westerse filosofiese denke gelê het. Daarna word kortliks na die Middeleeue verwys, waarna die Renaissance logies volg. Dan word aandag geskenk aan die sogenaamde “*Age of Reason*” waartydens die Rasionalisme veral sy beslag kry, gevolg deur die Eeu van Verligting van die agtiende eeu. Gedurende hierdie era ontvang die Empirisme meer aandag en die Humanisme lei tot ’n besinning oor die lot van die mensdom en welvaart. Laastens word die moderne strominge van die kontemporêre filosofie kortliks aangeraak.

Vervolgens word hierdie filosofiese denkskole van nader beskou. Aangesien daar na die grondslae en oorsprong van die basiese ekonomiese beginsels in hierdie studie gesoek word, is dit logies om by die oorsprong van die Westerse filosofie te begin. Die volgende afdeling fokus gevolglik op die Antieke Griekse denkers.

2.2 Die Antieke Grieke

Gedurende die Antieke Griekse tyd het persone bepaalde geloofsoortuigings en opvattinge oor die wêreld gehad en dit het in hul filosofie neerslag gevind. Vanuit die gedagtes van enkele denkers het die Griekse filosofie tot ’n magtige en ingewikkelde gedagtestelsel gegroei (Venter, 1968:35). Die Grieke het veral die onderliggende wette van die natuur gesoek – veral in die denke van die individu. Die basiese grondmotief was die goddelike ewig-vloeiende lewensstroom wat uit die moederaarde opkom en waaruit, in die kringloop van die tyd, alles wat bestaan ontspruit. Te midde hiervan was daar ook ’n soeke na ’n blywende konstante faktor wat te midde van hierdie aanhoudende wisselende verskynsels vas bly staan.

Uit hierdie ewigdurende vloei het Parmenides afgelei dat “Nothing comes from nothing” (Stumpf & Fieser, 2007:18). In die natuur verander alles se voorkoms aanhoudend,

maar in werklikheid bestaan dit steeds ewigdurend en niks verdwyn werklik ooit nie. Menslike sintuie is misleidend en die menslike rede of denke word daarom eerder as die bron van alle gesien kennis. By hom word die spore van rasionalisme wat later sou volg al reeds aangetref.

Daarteenoor sien Heraclitus (540 v.C.) weer hierdie ewigdurende vloei as 'n aanduiding dat alles aanhoudend verander (Venter, 1968:35). Die bron van alle kennis is vir hierdie denker ook die rede, maar hy stel dit aan God gelyk (Frost, 1962:8). Volgens Heraclitus word die wêreld deur omgekeertes gekenmerk. Sonder die konstante wisselwerking van teenoorgesteldes sou die wêreld ophou bestaan. Terwyl alles verander en teenoorgesteldes is, vorm dit steeds 'n eenheid wat die bron van alles is, wat Heraclitus as die “universele rede” beskou – en hierdie bron van alles is steeds vir hom God en die menslike rede.

Aangesien die lewe en gedagte wêreld dan 'n konstante vloei is, het denkers na 'n konstante faktor gesoek wat alles ten grondslag lê. Thales van Miletus (524-546 v.C.) het dan water as die bron van alles beskou (Stumpf & Fieser, 2007:7). Aangesien die ewige vloei die werking van die gode is, het Miletus ook gesê “All things are full of Gods”. Anaximenes het egter aanvaar dat die water van iewers af moet kom en dit as gekondenseerde lug beskou. Miletus het dan geredeneer dat alles lug is. Wanneer dit reën, word water uit die lug gedruk, en indien dit nog meer gepers word, word dit grond of aarde. Vuur daarteenoor is dan veredelde lug. Vir lewe, en alle ander dinge, om te ontstaan, is daar dus lug nodig (Stumpf & Fieser, 2007:10). Die basiese onderliggende boustene van alles is dus volgens Anaximenes lug, water, grond en vuur. Empedocles het hiermee saamgestem en aangevoer dat niks werklik ooit verander nie, dit is bloot verkillende kombinasies van hierdie vier elemente (Frost, 1962:55). Empedocles voer egter verder aan dat daar basies twee kragte is wat alles beheer, naamlik liefde wat dinge saambind en wedywer wat verdeel.

Daar was ook ander wysgere wat na die grondslae, basiese of konstante boustene gesoek het. So byvoorbeeld het Anaximander veronderstel dat daar baie wêreldes, wat

kom en gaan in die grenslose, bestaan. Anaxagoras het veronderstel dat die natuur uit ontelbare klein onsigbare deeltjies opgebou is, wat oor 'n bloudruk van alles beskik, en die krag wat dit alles saambind is intelligensie. Democritus het selfs sover gegaan en gesê dat alles uit atome bestaan – maar hulle was nie ernstig opgeneem nie (Venter, 1968:20).

Sokrates dui egter die begin van die werklike groot Griekse filosowe aan. Deur vrae te stel het Sokrates persone gelei in die soeke na antwoorde in hul eie gedagtes (Plato, 1986:213). Die grondslae van die rasionalisme het dus al tussen 470 en 399 v.C. begin ontwikkel. Sokrates het aan ewigdurende beginsels en abstrakte reëls geglo wat lewensnorme bepaal. Denkers kan egter deur die rede onveranderbare norme bepaal, want die rede is ewigdurend en onveranderlik.

Hierteenoor het die Sofiste geglo dat die etiese vloeibaar is. Geregtigheid word deur die menslike stand bepaal (Frost, 1962:83). Die Sofiste het retoriek en die vermoë om te redeneer vooropgestel. Vir hulle was die waarheid niks meer as 'n opinie nie en individue behoort te argumenteer om enige konklusie wat hulle goedvind, te bewys, selfs al is dit ook oneerlik. Skeptisisme en pragmatisme is gevolglik ook naverwant aan hul sienings geleë.

Aangesien Sokrates self geen geskrewe nalatingskap gelever het nie, verskuiwe die fokus na sy leerling Plato. Plato se lewensprojek was die ewigdurende teenoor dit wat vloei; die konstante versus verandering (Venter, 1968:20). Om dit te onderskei, onderskei Plato dan ook tussen die materiële en die ideewêreld. Alles in die materiële wêreld kan vloei en verander. Individue word egter met 'n siel gebore en daar bestaan wel 'n volmaakte ideewêreld iewers. Perfeksie bestaan nie op aarde nie, maar wel in hierdie ideewêreld (Stumpf & Fieser, 2007:55).

Soos Parmenides redeneer Plato ook dat die primêre bron van ware kennis die menslike denke is en dat ware kennis slegs dit is wat deur die menslike denke en rede verstaan kan word. Tog beweer Plato dat die individu nooit ware kennis van iets kan hê

nie, want in die materiële wêreld verander alles voortdurend. Daarteenoor staan alles in die ideewêreld vas en volmaak. Wanneer iets in die alledaagse lewe teëgekom word, is dit nie die werklikheid self nie, maar net 'n namaaksel van die volmaakte wat in die ideewêreld bestaan. Dit staan as sy teorie van idees of vorme bekend.

In sy werk "Simposium" redeneer Plato (1986:237) dat diegene betrokke by navorsing op die volmaakte ideewêreld, wat slegs in denke bestaan, reageer. Die vloeiende en dinamika van die vorige Griekse denkers bestaan nog, maar vir Plato word dit uit die gedagte-wêreld afgelei. Met die opvattinge wat so uit die ideewêreld kom en waaruit logiese denke vloei, ontwikkel die spore van die rasionalisme, wat later nog sou volg. Daar moet deurgaans onthou word dat die ideewêreld van Plato op 'n fondament van immateriële idees gebou is. Voorwerpe en idees bestaan slegs in die idee en nie konkreet in die natuur nie. Wat die mens dus sien en beleef, bly onwerklik en die nastrewing daarvan sal nooit volmaak kan wees nie (Downs, 2004:50), dit is alreeds kunsmatig.

Plato beskou wiskundige orde as die ware weergawe van die aard van realiteit (Kline, 1986:43). Die wiskunde is vir hom nie net die mediator tussen idees en dinge wat waargeneem kan word nie. Plato beweer dat die gode (die *Demiorgos*) die beginsels van die meetkunde en wiskunde tydens die skepping gebruik het, ten einde die beste moontlike verhouding en harmonie in die wêreld te bewerkstellig (Gregory, 2001:53). Daar is spesifiek van vorm en getal gebruik gemaak om die kosmos te skep en te orden. Die wêreld besit daarom 'n onderliggende geometriese en wiskundige struktuur. Volgens hom is kennis onweerlegbaar en onveranderbaar, en wiskunde is vir hom die volmaakte voorbeeld van wat kennis behoort te wees. Omdat God (of die gode) die wêreld met behulp van wiskunde en geometrie geskep het, reken Plato dat die wiskunde ook gebruik kan word om die struktuur van die wêreld te begryp en meer van sy werking te leer (Gregory, 2001:54). Die Antieke Grieke het dan ook geglo dat die wiskunde 'n sleutelrol kan vertolk in die studie van die wetenskap. Plato het dan ook die beginsels van die aksiomatiese-deduktiewe metode saamgestel. Die wiskunde werk meestal deduktief. Plato beskou gevolglik die wiskunde as die ideale manier om kennis

sistematies te orden en nuwe kennis te ontwikkel (Kline, 1986:43). Plato het egter verder gegaan en geglo dat die perke van die wiskunde oorskry moet word ten einde kennis van hoër orde te vind, soos van die Goeie. Daar moet egter nie uit die oog verloor word dat hierdie 'n moderne interpretasie is en as sodanig as moderne vooroordeel beskou kan word nie. In navolging van Plato en Euklides het die Middeleeuse denkers byna almal deduktief gedink en geredeneer.

Plato het ook besin oor die eienskappe van die ideale staatsbestel. Die samelewing in Antieke Griekeland, in die tyd van Sokrates en Plato, was gevestig op die beginsel van die private besit van eiendom (Roll, 1992:25). In sy werk "*The Republic*" verwys Plato reeds na spesialisasie van arbeid en produksie. Plato reken egter dat die staat grootliks op sosialistiese beginsels gefundeer behoort te word, terwyl filosowe die land moet regeer (Plato, 360 vC:5).

Wat morele waardes betref, was Plato self ook pragmaties. In sy "*The Republic*" en "*Gorgias*" stel Plato dat almal gelowig behoort te wees (Plato, 1986:340). Vir Plato maak dit nie saak of 'n geloof waar is nie, maar slegs of dit morele nut het. Plato was gewillig om selfs fabels te bevorder indien dit moraliteit sou verhoog (Downs, 2004:60). Plato het dan ook populêre metodologie veroordeel omdat dit nie geregtigheid bevorder het nie.

Die vernaamste Griekse filosowe is waarskynlik bekend omdat Aristoteles die leermeester van Alexander die Grote was (gebore in 356) en Aristoteles die leerling van Plato was. Aristoteles het begin om alle kennis te kategoriseer, in groepe te klassifiseer en te orden ten einde sin daaraan te gee. Daarmee lê Aristoteles ook die grondslag van die logika. Hierdie denker onderskei tussen vorm en materie en klassifiseer alles in basiese ryke. Aristoteles begin dus met 'n tipe empirisme, maar baseer dit nie ten volle op praktiese waarnemings nie. Menslike denke steun steeds meer op die denke van vorige wysgere as op die eie ervaring van individue.

Aristoteles ontken egter die onderskeid tussen verandering en konstantheid, of anders gestel, tussen idees en materie (Stumpf & Fieser, 2007:81). Aristoteles verskil van Plato daarin dat hy reken dat die individu geen aangebore idees het nie, maar self idees skep in reaksie op dinge wat hulle waarneem (Venter, 1968:31). Waar die hoogste graad van realiteit vir Plato dít is wat persone met die rede dink en hanteer, reken Aristoteles dat die hoogste graad van realiteit dít is wat deur die sintuie waargeneem word (Stumpf & Fieser, 2007:82).

Plato se basiese konsep van die ideale gemeenskap was gebaseer op privaatbesit, maar gemeenskaplike eienaarskap van hulpbronne. Aristoteles (350 vC:33) het dit egter beskou as 'n resep vir oligargiese vervloeking. In die werk "*Politics*" aanvaar Aristoteles dat eiendom tot 'n mate gemeenskaplik besit moet word, maar as 'n algemene reël is privaatbesit die beste. Wanneer elke persoon direkte belang het, sal daar nie oor ander gekla word nie en sal die gemeenskap meer vooruitgang geniet; omdat elkeen dan met sy eie sake besig sal wees en dit probeer bevorder. Verder reken Aristoteles (350 vC:28) dat die hoogste mate van plesier bereik word indien goehartigheid of diens aan vriende en gaste bewys word, en is dit slegs moontlik indien goed privaat besit word. Hierdie voordeel gaan verlore indien daar oormatige vereniging deur die staat nagestrewes word.

In "*Politics*" bespreek Aristoteles die algemene aard van huishoudings en ruilhandel op die mark. Volgens hom is die verkryging van lewensmiddele en die verkryging van welvaart 'n besondere "kuns". Opsigself het geld geen waarde nie, en voorsien nie in individue se basiese behoeftes nie. Dit het egter wel waarde as ruilmedium (350 vC:15). Aangesien geld egter 'n instrument is in hul vermoë om dinge te bereik, word die akkumulاسie van geld vir baie markdeelnemers 'n obsessie. Die skep van welvaart is wel nodig om aan huishoudings die nodige te voorsien en Aristoteles beskou dit as nodig en eerbaar. Ruilhandel slegs ter wille van akkumulاسie van rykdom is egter vir Aristoteles onaanvaarbaar en sien neer op woekerwins en die misbruik van monopolie (350 vC:17-19).

Wat die etiese betref, reken Aristoteles dat individue geluk bereik indien hul volle potensiaal benut word, want dan word 'n goeie lewe gelei. Geluk vereis egter ook volgens hom 'n "goue gemiddeld". Die vorm van geluk is eerstens plesier en gelyk, dan om 'n vrye en verantwoordelike landsburger te wees, en derdens om as denker en filosoof te lewe. Om geluk en vervulling te beleef, is al drie hierdie vorme nodig. Aristoteles benadruk egter dat individue slegs deur matigheid en balans 'n gelukkige en harmonieuse lewe kan lei.

Die neoplatoniste het later met Aristoteles ontologies saamgestem en Plato se sterk onderskeid tussen die ideë- en sintuiglike wêreld verwerp. Dit vorm in werklikheid 'n aaneengeskakelde geheel. Hulle maak egter 'n hiërargiese onderskeid tussen die ideale gedagte-wêreld en die onvolmaakte sintuiglike wêreld (Urmson & Rée, 2000:219).

Plotinus sê God is die lig en hoe verder daar van die lig af weg beweeg word, hoe meer duisternis is daar, en in die duisternis bestaan daar niks nie (Frost, 1962:108). Die siel word deur God verlig, terwyl materie in die duisternis is en nie werklik bestaan nie. God is die vuur en Sy glans verlig die materie. Verste van God se lig is grond, water en klip. Daar is iets van 'n Goddelike misterie in alles wat bestaan, maar die menslike siel of denke is naaste aan God; slegs daar kan mens een word met die groot misterie van die lewe, en dan is die individu self deel van die Goddelike misterie (Venter, 1968:45). Volgens Plotinus is alles een, want alles is God. 'n Mistieke ervaring is dan 'n vereniging met God op die kosmiese gees. 'n Persoon ervaar net die ware "self" as hy homself so verloor.

Die invloed van die Griekse denke het nog lank voortgeduur, maar sedert die derde eeu voor Christus het die Hellenistiese tyd aangebreek. Al meer volkere het in die Hellenistiese tyd na Griekeland en die res van die bekende wêreld beweeg, veral om handel te dryf, die wêreld te verken en te studeer. Verskeie kulture met hul verskillende gebruike en gelowe begin vermeng en nuwe idees word van ander geleer, terwyl daar vermenging van taal en denke plaasvind (Bouquet, 1954:215). In hierdie tyd begin filosofiese denke ook verander; sommige meer liberaal, maar die meerderheid raak

meer konserwatief en die kerk begin gaandeweg almal se lewens en denke gedurende die Middeleeue te beheer (Mautner, 2005:270).

Die volgende paragrawe gee aandag aan die filosowe en denkrigtings wat gedurende die Middeleeue van belang was en hoe dit ontwikkel het.

2.3 Die Middeleeuse Filosofie

Tydens die Hellenistiese tyd en vroeë Middeleeue was persone aan die eenkant vry om nuwe denkrigtings onder die invloed van vreemde kulture te ondersoek, maar aan die anderkant ook meer onderdruk en slegs toegelaat om oor die pistiese te besin. Gedurende hierdie tyd het denke gewissel vanaf die plesier-beginsel van die Epikureërs tot skeptisisme, maar ook meestal denke binne die raamwerk van die godsdiens soos voorgeskrywe deur die kerk (Brown, 1990:99). Aanvanklik is enige-een wat nadenkend soek na die waarheid as filosoof bestempel. Later is enige navorsing en akademiese gerigtheid, buiten teologie en medisyne, as filosofie beskou, maar uiteindelik was alle filosofie gedurende die Middeleeue beperk tot die kerk en die geestelike wêreld.

Die kerk het gedurende die Middeleeue net gekonsentreer op argument, waarheid en logika in sover dit kon bewys dat die kettters en andersdenkendes verkeerd was. Kreatiewe en persepsiedenke en ontwerp was nie nodig nie en waar dit gebeur het, was dit veroordeel. Uiteindelik het argument, waarheid en logika die kern van die Westerse denktradisie en werking van die een-en-twintigste eeu geword (De Bono, 2009:5).

Die Middeleeuse filosofie het veral op die Christendom, die aard en wil van God en op die toepassing daarvan op elke terrein van die lewe en denke van die mensdom gekonsentreer. Daar was ook gepoog om die filosofie van die vroeëre denkers, soos Aristoteles se logika op die Christelike lewe, toe te pas. Daar is selfs beweer dat Augustinus Aristoteles se filosofie gekersten het (Venter, 1968:47). Talle kettters (bv. Galilei) was later veroordeel, nie omdat hulle in stryd met die Bybel opgetree het nie,

maar wel in stryd met die algemene idees en denke van die tyd, wat dikwels oorspronklik van die Griekse filosowe geleer was.

Die skolastiek het veral probeer om die denke van daardie tyd, die klem op die Christelike en die Antieke Griekse filosofie met mekaar te versoen. Gedurende daardie tyd was daar veral gepoog om die bestaan van God deur middel van logika te bewys. Die doel was nie net om die geloof in God te regverdig nie, want in daardie tyd was dit aanvaar dat dit vanselfsprekend is, maar eerder om die klassieke filosofie by die Christelike konteks te laat inpas en aanvaarbaar te maak. Middeleeuse denkers wat die skolastiek bevorder het, soos Thomas van Aquino, het probeer om die geloof wat deur die hart aanvaar word ook vir die verstand aanneemlik te maak (Heyns, 1967:51). Hulle wou dus die rede en die geloof met mekaar laat rym.

Die Middeleeue filosowe het aanvaar dat die Christelike leer waar is en het dit as aanvangsaanname aanvaar. Die bekendste kerkvader van die Middeleeue is Augustinus. Augustinus se hoofleerstellings is in wese neoplatonisties en is veral deur die denkrigtings van Plato beïnvloed (Stumpf & Fieser, 2007:179). Augustinus het aanvaar dat alles wat bestaan van nature heilig is. Volgens Augustinus is die Christelike doktrine en Plato se leerstellings so eenders is dat die vermoede mag bestaan dat Plato dalk 'n kopie van die Ou Testament gehad het, alhoewel dit natuurlik nie mootlik is nie.

Augustinus stel dit ook dat daar perke is aan hoe ver die rede die mensdom by geloofsake kan bring (Stumpf & Fieser, 2007:183). Alles is vir die mensdom vooraf bestem en elkeen is dus totaal aan God se genade uitgelewer. Individue kan hulself slegs ken wanneer hulle hulself in die lig van God se openbaring sien (Heyns, 1967:45). Die Christendom is 'n misterie wat slegs deur geloof verstaan kan word. Augustinus reken egter dat God die siel verlig en elke individu het 'n tipe buitengewone natuurlike kennis van God. Die hart word eers stil wanneer dit rus in God, en so vind elkeen rus in sy eie siel. Hierdie idees van Augustinus vind dan aansluiting by die Platoniese siening van ewige idees (Venter, 1968:44).

Anselmus se argumente is waarskynlik die bekendste onder die ontologiese argumente. Voor Anselmus sy ontologiese argument as bewys van God geformuleer het (*sien hieronder in die teks*), het hierdie denker ook ander soortgelyke bewyse saamgestel. Eerstens het Anselmus beweer dat persone dit wat hulle geniet as voortreflik beskou. Aangesien dinge met mekaar vergelyk kan word ten opsigte van meer of minder goed, is daar goedheid in alle dinge. Hierdie goedheid moet noodwendig goedheid in homself wees en so is die opper-goedheid ook. Hierdie selfde argumentasielyn is ook van toepassing op grootheid. Daar moet dus iets wees wat die beste en grootste van alles is en dit is God (Stumpf & Fieser, 2007:153). Soos by talle ander denkers kan hierdie redenasie as 'n bewys of as 'n definisie vertolk word.

Die teenargument hier is dat Anselmus hier vir hom sy eie God per definisie geskep het en sy lewe daarvolgens rig. Indien 'n denkrigting of denk-entiteit geskep word en dit as God beskou word, kan dit nie ontken word nie. Dit bewys egter nie dat daar werklik 'n verhewe wese bestaan nie. Davies (2001:203) maak *Anselmus* se bewyse as “logical trickery” af en wys daarop dat Bertrand Russell dit ook uiteindelik verwerp het.

Thomas Aquinas (1256) beweer met sy kosmologiese argument dat alles wat bestaan 'n oorsaak het. Alles kan nie oneindigend terug in die verlede 'n oorsaak hê nie, dit moes iewers begin het, en dit skryf Aquinas toe aan God. God is dan die “eerste oorsaak”, wat self geen oorsaak het nie (Aquinas, 1256:182). Dit herinner aan Aristoteles se bewering dat alles beweeg en God die eerste beweger moes wees, om dit aan die gang te sit. Aquinas gebruik hierdie argument om God se goedheid te bewys (Heyns, 1967:62). Enige-iets het 'n mate van goedheid in hom, en die oorsaak van elke ding is dan ook beter as sy gevolg. Daarom is die eerste oorsaak die heel beste wat bestaan, naamlik God. Aquinas gebruik soortgelyke argumente om God se krag en uniekheid te bewys (Aquinas, 1256:79).

Aquinas was 'n Katolieke geleerde wat ook oor ekonomiese sake besin het. Volgens Aquinas is dit blatante diefstal indien handelaars pryse verhoog in reaksie op sterk markvraag. In sy werk “*Summa Theologica*” van 1274 het Aquinas naas teologiese,

filosofiese en natuurwetenskaplike kwessies ook aandag geskenk aan die idee van regverdige pryse, wat as noodsaaklik vir die sosiale orde beskou is (Stumpf & Fieser, 2007:164). Volgens Aquinas is 'n regverdige prys gelyk aan die produksiekoste van 'n item, wat die loon ter onderhoud van die werker en sy huishouding insluit. Om pryse bloot te verhoog omdat die samelewing 'n besondere groot behoefte aan daardie produk het, het Aquinas as immoreel beskou. Regverdigheid was vir hom besonder belangrike kwessies. Al sou wette nie oortree word tydens onregverdige optrede of swak diens nie, was dit volgens hom steeds teen die wil van God. Aquinas se grootste prestasie was om gedurende die Middeleeue teologie en filosofie te versoen (Stumpf & Fieser, 2007:183).

Teen die einde van die Middeleeue ontdek denkers weer die klassieke Griekse filosofie en talle wetenskaplikes begin om die natuur te ondersoek. Hierdie soeke het reeds begin by bekende Middeleeuse denkers soos Duns Scotus en Pierre Abélard. Soos Aquinas het Duns Scotus geglo dat die menslike wil ondergeskik aan die menslike denke is en nie daarvan kan ontsnap nie, en die mens gevolglik 'n morele wese is (Frost, 1962:137). Scotus het Aquinas egter gekritiseer en gereken dat regverdige pryse meer akkuraat bereken behoort te word en veral op die koste van arbeid en uitgawes moet let om iets te vervaardig. Scotus het egter besef dat kopers en verkopers oor regverdige pryse mag verskil. Hierdie denker het besef dat handelaars die gemeenskap bevoordeel omdat hulle nodige lewensmiddele vervoer en beskikbaar stel. Scotus het beweer dat geen ruilhandel sal plaasvind indien 'n transaksie nie albei partye sou bevoordeel nie.

Met die val van Rome en die inval van die barbare begin die kerk sy houvas verloor en individue begin weer ander dinge, naas die geestelike, bedink. Hierdie nuwe denkrigtings lei dan die Renaissance-era binne, waaraan vervolgens aandag geskenk word.

2.4 Die Renaissance

Die moderne filosofie begin met die aanbreek van die Renaissance. In dié tyd word die grondslae van die moderne natuurwetenskappe gelê en vind die hervorming plaas. Die Rasionalisme beleef 'n opbloeï onder denkers soos Galilei, Francis Bacon, Descartes, Newton en Leibniz, in die sogenaamde “Age of Reason” in die sewentiende eeu. Hulle poog veral om die rede en metodologie van wiskunde op alle kennis toe te pas (Kline, 1986).

Die Renaissance is dié era in die intellektuele geskiedenis waartydens die ondersoekende gees weer by persone ontwaak het. Hierdie ondersoekende gees begin in die veertiende eeu en beteken “herlewing”, omdat die ou geskryfte van die antieke tye weer ondersoek is, maar is ook modern omdat persone weer vir hulself begin dink het (Mautner, 2005:530). Daar was 'n groeiende belangstelling na, en suksesse in die natuurwetenskappe, intellektuele ondersoek en stimulasie van denke.

Tydens die Renaissance word die natuur en die planete weer ondersoek. Copernicus beweer dat die aarde saam met die planete om die son wentel en daarmee word die unieke posisie van die mens ook verwerp (De Santillana, 1956:157). Tycho Brahe het gedetailleerde rekords van die beweging van die sterre gehou en so ook Giordano Bruno. Johannes Kepler het later Copernicus se heliosentriese teorie bewys en talle natuurwette oor die beweging van die planete ontdek, soos byvoorbeeld dat die planete in elliptiese bane beweeg (De Santillana, 1956:157).

Bruno het ook van die bestaande tradisie afgewyk deur te beweer dat elke individu se visie van die wêreld van sy posisie daarin afhang (De Santillana, 1956:250). Bruno het ook beweer dat die heelal eindeloos en ruimte oneindig is. Bruno het geglo dat absolute waarheid nie haalbaar is nie, en dat kennis oneindigend is.

Kreatiwiteit en innovasie is egter steeds aan die individu oorgelaat, en steeds binne perke, sodat dit nooit deel van die Westerse onderwysstelsel geword het nie. Van die

Middeleeuse denke is die beginsels van argument, waarheid en logika oorgeërf. Dit het veral besondere vrugte in die regte, teologie en natuurwetenskappe opgelewer. Selfs in die een-en-twintigste eeu word sulke denke as volmaak en volledig beskou, en is daar geen behoefte om te verander nie. Die waarde van innovasie en kreatiwiteit verdien wel meer aandag, maar dit was steeds gedurende die Renaissance beperk (De Bono, 2009:5).

Die grondslae van die moderne wetenskaplike metode lê by die Britse regsgeleerde en staatsman, Sir Francis Bacon. In die soeke na die waarheid is Bacon 'n voorstander van die induktiewe metode waar daar vanaf bepaalde feite veralgemeen word. Die wêreld moes homself van ou vooroordele en ongestaafe feite bevry (Henry, 2002:42). Sir Francis Bacon was ook 'n voorstander van eksperimente en het hom daarvoor beywer dat die wetenskap 'n instrument ter verbetering van die lot van die mensdom moet wees. Bacon was een van die eerste denkers wat die konsep van vooruitgang benadruk het en geglo het dat die mensdom deur middel van die wetenskap sy omgewing uiteindelik sal beheers (Modell, 1974:111).

Bacon postuleer dat “waarheid” en “nut” sinoniem is. Sir Francis Bacon se beroemde slagspreuk is “Kennis is Mag” (Stumpf & Fieser, 2007:190). Indien kennis mag is, beteken dit dat dit bruikbaar moet kan wees en daarom geld die utiliteitsbeginsel ook as eerste kriterium vir kennis en die wetenskap (Henry, 2002:42). Vir Bacon moet kennis dus bruikbaar wees.

Een van die bekendste wetenskaplikes van die Renaissance is Galileo Galilei. Galilei het verklaar dat die werking van alle wette in die natuur wiskundig beskryf kan word (Frost, 1962:254). Galilei het byvoorbeeld die traagheidwette, waarop Newton later voortgebou het, geformuleer (Modell, 1974:113). Galilei het veral van die tradisionele afgewyk deur self eksperimente te doen en het so bepaal wat die waarheid is (De Santillana, 1956:227). Galilei is veral beroemd vir sy ontdekking van Jupiter se vier mane, die rowwe oppervlakte van die maan en Saturnus se ringe, wat deur middel van 'n teleskoop ontdek is, wat Galilei self gemaak het, ontdek het. Hierdie denker was

egter gedwing om sy steun van die Copernicus-teorie terug te trek, of tereggestel te word. Vir sy werke en opvattinge was Galilei egter die res van sy lewe onder huisarres.

'n Belangrike idee tydens die Renaissance was die terugkeer na die klassieke werke. Dit het idees wat die skolastiek reeds vergeet het weer uitgediep, wat weer aanleiding tot nuwe moderne denke gegee het. Een van die belangrikste denkers van die Renaissance en baanbreker akademikus van sy tyd was Desiderius Erasmus. Erasmus het die hervormingsgedagte gesteun maar nooit direk betrokke geraak nie. Hierdie denker was 'n sterk voorstander van die rasionalisme (Venter, 1968:64). Erasmus het die Middeleeuse betekenis van rasionalisme verander tot die moderne konnotasie (Stumpf & Fieser, 2007:198). In stede daarvan om rasionalisme in diens van die geloof te laat, het Erasmus die rede toegelaat om hom te lei in die ontleding van die tradisionele teologiese strukture wat die kerkvaders daargestel het. Hierdeur het Erasmus talle inkonsekwensies ontdek en ook die mensdom se plek in die skeppingsorde beter begryp. Erasmus het hom los gemaak van vooroordele en hom deur die suiwer rede laat lei (De Santillana, 1956:27).

Die moderne vryheid van denke wat die Renaissance ingelui het, lei daartoe dat die sewentiende eeu as die Eeu van die Rede bekend geword het en daaraan word in die volgende afdeling aandag geskenk.

2.5 Era van die Rede

Gedurende die sewentiende eeu begin denkers filosofiese strominge van vroeër op grond van die rasionalisme, logika en skeptisisme te herorganiseer. Die era staan bekend as die "Age of Reason". Veral wiskundiges soos René Descartes en Blaise Pascal en ander denkers soos Thomas Hobbes maak gedurende hierdie tyd besondere bydraes tot die filosofie (Stumpf & Fieser, 2007:215). Gedurende hierdie tyd poog denkers eers om religieuse opvattinge binne hul filosofiese raamwerke te integreer. Daar is ook pogings om ateïsme en ander ongelowigheid te bevog, deur die idee van 'n materiale ontologie oor realiteit aanvaarbaar te maak, en die dualisme tussen gees en

materie te versoen. Hierteen ontwikkel die idealisme, met die monistiese denke van Berkeley, en ook die dubbelaspektheorie van Spinoza.

Dié eienskap van “rasionaliteit” is gesien as kenmerkend van die denkende mens. Dit impliseer dat deur rasonale denke wat op die “Goeie” gerig is (die godheid), die sin van sy lewe in hierdie gerigtheid gevind kan word (Hampshire, 1964:17). Met die aanbreek van die moderne rasionalisme in die laat-sestiende eeu, het die mensdom self die sin van die heelal geword – met die rasonale elite as maghebbers. Mag is deur rykdom, tegniese-wetenskaplike kennis en glorieryke status verwerf. Hobbes (Stumpf & Fieser, 2007:215) het verklaar dat die individu net vir mag, eer en rykdom leef, instinktief met almal in konflik is, en selfbehoud dieselfde as “regte rede” is (Stumpf & Fieser, 2007:215). Eers in die negentiende eeu, na Darwin, is aanvaar dat kompeterende optrede as sodanig “rasioneel” is, en die “goeie” waarvoor almal meeding, hul hoogste Goeie, die verkryging van populêre genot is (veral mag, glorie, rykdom, en vryetyd), met die vermyding van “pyn” (armoede, magteloosheid, lae sosiale status en harde werk) daarteenoor.

Kenmerkend van die Era van die Rede is die geloof in die volmaakte potensiaal van die mens en vooruitgang wat deur selfstandige gebruik van die menslike rede, en die verwerping van tradisie, outoriteit en obskure idees as bron van kennis en vooruitgang bereikbaar is (Hampshire, 1964:17).

Gedurende hierdie era begin denkers daarop aandrang dat religieuse opvattinge intellektueel en rasoneel aanvaarbaar moet wees. Sommige het aangedring dat die religieuse uit terreine buite die kerk gehou moet word, terwyl ander selfs ateïstiese standpunte ingeneem het (Mautner, 2005:187). Die goeie was egter wel die teenkanting teen onderdrukking van persone, marteling van gevangenis, en ander misbruike, asook hervorming en verbetering van skole.

Spinoza benadruk in hierdie tyd steeds dat die hoogste doel die intellektuele liefde vir God is en dat liefde ’n gepaste perspektief op die heelal in al sy oneindige prag bied

(Modell, 1974:115). Spinoza was 'n Joodse filosoof, met 'n panteïstiese Godsbeeld. God is teenwoordig in alles. Alhoewel liggaam en gees saam bestaan, is hulle nie van mekaar afhanklik nie. Albei is 'n eienskap en is afhanklik van God. Hierdie panteïstiese siening van God en die natuur laat dan geen ruimte vir georganiseerde godsdienst, of konsepte soos goddelike openbaring, onsterflikheid, loon en straf nie (Hampshire, 1964:99).

Die wiskundige, Blaise Pascal, het sy loopbaan begin as wetenskaplike en filosoof en selfs belangrike uitvindings gemaak. Hierdie denker kom egter later tot die besef dat slegs God uiteindelik beduidendheid is en dat hierdie wêreld min betekenis het. Die rede lei slegs tot die slotsom dat kennis van die oneindige buite die bereik van die menslike rede geleë is (Stumpf & Fieser, 2007:203). Pascal se vroeëre werk het egter baie meer invloed op die heersende gees van sy tyd gehad.

René Descartes het die moderne denke van sy tyd saamgevoeg tot 'n samehangende filosofiese sisteem (Stumpf & Fieser, 2007:226). Natuurwetenskaplikes soos Sir Isaac Newton, Lavoisier en Priestly, het 'n hoë vlak van volmaaktheid bereik en as voorbeeld vir talle nakomelinge op talle gebiede van die lewe gedien. In landbou, handel, vervoer en ingenieurswese was daar 'n al groter motivering om nuwe innovasies te probeer. Die natuurwetenskaplikes het 'n metode met bevestigde eksakte beskrywings van natuurlike verskynsels ontwikkel. Descartes het gepoog om ook 'n bevestigde eksakte metode of stelsel vir filosofiese refleksie daar te stel. Soos die wiskunde is die filosofie dan ook vir Descartes refleksie volgens streng logiese afleidings en gevolgtrekkings (Hampshire, 1964:60).

Soos Plato glo Descartes ook aan die skerp dualisme tussen liggaam en siel, maar Descartes het gewonder hoe die siel wat slegs gees is dit regkry om die materiële te beheer (Venter, 1968:80). Descartes het beweer dat die mens iets soos 'n "pynappelklier" het wat dit beheer, maar kon dit nie verder verklaar nie. Hierdie denker het egter wel geglo dat as menslike denke iets duidelik en afsonderlik waarneem, soos wiskundige eienskappe, dan moet dit waar wees, want 'n volmaakte God sal mense nie

mislei nie. God waarborg dat dit wat waargeneem word met sy rede, en dit moet daarom met realiteit ooreenstem (Stumpf & Fieser, 2007:230).

Die ontologiese vraag of dinge werklik bestaan en die ordening van die filosofie het Descartes vanaf twyfel geredeneer. Daar kan oor alles getwyfel word, behalwe oor die feit dat daar wel getwyfel word, en as 'n persoon twyfel dan word daar gedink, en iets moet daardie dinkwerk doen. Dit was dan vir Descartes die bewys dat 'n mens bestaan. Descartes maak dan die beroemde stelling van “*Cogito, ergo sum*” – ek dink, daarom is ek (Descartes, 1637:53). Descartes het dit as vertrekpunt en fondament gebruik om sy filosofie op te bou.

Die meganiese siening van die natuur en die suksesse van die fisika het tot 'n verlating van die organiese beeld en die aanvaarding van 'n meganiese wêreldsbeeld in die filosofie gelei (Venter, 1968:81). Gaandeweg het Descartes die metafisiese begin verloor en die wêreld as 'n masjien begin sien. Dit het hom oortuig dat alles deur die rasionalisme bewysbaar is (Hampshire, 1964:67).

Die beginsel van vryheid, gelykheid en basiese menseregte het gedurende die sewentiende eeu al belangriker geword. Filosofiese stroming in botsing met die heersende religieuse opvattinge van die tyd, soos materialisme en determinisme, het egter in hierdie tyd begin veld wen (Mautner, 2005:187).

As alternatief vir die Skeptisisme ontwikkel die Empirisme onder leiding van denkers soos John Locke en Berkeley. Locke, Hobbes en Edmund Burke het ook gedurende hierdie tyd hul politieke filosofieë en epistemologie (teorie van kennis) ontwikkel (Hampshire, 1964:17).

John Locke se sienings was grootliks deur sy siening van die menslike natuur en Newton se teorieë oor die fisiese wêreld bepaal. Volgens Locke (1689:59) was die menslike brein by geboorte 'n skoon doek, 'n “*tabula rasa*”, en word ervarings daarop geskrywe. Individue word nie gebore met *a priori*-idees en beginsels nie, maar dit word

deur ervaring via sintuie en sintuiglike belewenis op jou denke aangebring. Sommige sielkundiges in die twintigste eeu stem daarmee saam (*sien* Dehaene, 1998:42). Daar word geleer deur ervaring en alle kennis word deur waarneming en rede daaroor verkry. Eers na waarnemings gedoen is, kan hierdie ervaringsbrokke geneem en rasioneel tot eenheid saamgebind word. Hierdie samewerking tussen eenvoudige idees en die bestaan van dinge is vir Locke voldoende voorwaarde vir werklike kennis. Deur onderwys, refleksie en die gebruik van die rede kan die mensdom sy omgewing verander. 'n Veranderde omgewing kan weer lei tot nuwe ervarings en sodoende lei tot fundamentele veranderinge in die menslike natuur. 'n Oneindige mate van verbetering van die mens is gevolglik moontlik. Dit het dan ook die grondslag gelê vir die optimistiese uitkyk van die tyd, veral vir die liberalisme en humanisme. Locke het ook aangevoer dat individue basiese regte het wat geen owerheid mag wegneem nie.

Locke se epistemologie huldig die standpunt dat die natuur oor die mensdom heers en dat kennis nie verder geneem kan word as wat die grense van die natuur stel nie (Stark, 1943:3). Ten spyte van hierdie grense, en veral as gevolg van daardie beperkings wat die natuur bied, is die menslike ontologie, sy begrip van die werklikheid, dikwels in positiwisme en empirisme gegrond (Locke, 1689:360). Locke reken dat die getroue navolging van die heilige wette van die natuur, daargestel deur God, tot die hoogste moontlik vlak van welvaart vir die gemeenskap as geheel sal lei. Die vrye werking van die natuur (wat ook die ekonomie insluit) sal dan ook die welsyn van elke individu verseker (Stark, 1943:151).

Aangesien alle kennis volgens Locke (1689:189) deur ervaring en waarneming van sy sintuie na die individue kom en elke persoon se idees van geluk verskil, impliseer dit dat die klem in die samelewing op individualiteit gefokus is. Die kenmerkende egoïsme en individualiteit is vir Locke die uiteindelijke waarborg van universele harmonie. Dit vorm dan ook vir Locke die basis vir morele kodes in die samelewing. Etiek is dan daardie optrede wat die hoogste vlak van geluk aan die meeste persone sal verseker (Locke, 1689:280). Hoe vryer die egoïstiese individu kan optree, hoe groter sal die sosiale voordeel uiteindelik volgens Locke wees (Locke, 1689:187).

Aansluitend hierby het Descartes daarop aangedring dat elke individu die verantwoordelikheid om vir homself te dink behoort te neem (Taylor, 1999:25). Hodgskin beweer dat elkeen van nature die idee van individualiteit besit (Stark, 1943:60). In die hedendaagse tydsges word dit al sterker onder die begrip van outentisiteit. Kontemporêre kultuur besit 'n massiewe subjektiewe ingesteldheid van individualisme wat na binne gerig is (Hausman, 1984:25). Elke persoon besit innerlike diepte (Taylor, 1999:26). Individualiteit is ook deel van die Westerse kultuur en 'n belangrike Christelike beginsel (Gal. 6:4 & 5).

Locke beskou moraliteit egter dikwels as vals. Fisiese ervarings kom direk van buite, maar omdat morele ervarings gewoonlik vanaf ander persone kom, reken Locke dat die morele nie noodwendig waar is nie. Stark (1943:4) wys daarop dat Locke tog besef dat vooroordeel nie onoorkomelik is nie en dat morele kennis wel net so moontlik as fisiese kennis is. Elke persoon het die vermoë om opregte morele ervarings te belewe en betroubare morele kennis op te bou (Locke, 1689:27 & 33).

Locke se uitgangspunt is egter dat die natuur die menslike verstand beheers en dat die konsep van plesier en pyn morele begrippe vorm, wat steeds hedonisties is (Locke, 1689:75). Vir Locke is dinge slegs goed of boos, met verwysing na die "plesier voor pyn" begrip. Persone is gevolglik totaal passief in hul vorming van 'n morele begrip. Emosies en waardes word deur dinge wat hierdie hedonistiese beginsel beheers, bepaal. In die moderne ekonomiese wêreld is die verkryging van meer aardse goedere dan die maatstaf en doelstelling wat die goeie verteenwoordig (Locke, 1689:162). Dit lei dan vir Locke tot 'n teorie van morele idees en 'n teorie vir morele optrede, alhoewel dit bloot formeel is¹. Locke (1689:185) het dit self benadruk dat individue vry is om hul

¹ Locke se filosofie moet egter met omsigtigheid bejeën word. In sy vroeëre geskrif "An Essay Concerning Human Understanding (1689)" propageer Locke 'n "gentleman's" hedonisme, maar in sy "Two Treatises of Civil Government" (1690) kom hy met 'n Calvinistiese menswaardigheids- en menseregte-etiek. Eiendom is altyd vir hom 'n produk van werk.

hoogste doel en geluk na te streef, maar dat dit nie vir die individu die reg gee om ander (of hulself) te benadeel of onwettig op te tree nie (Locke, 1689:199).

Locke (1689:117) stel dat daar volkome tevrede is met die toestand waarin persone verkeer, solank daar geen ongemak is en geen aksie of onderneming nodig is om so toestand te laat voortduur nie. Sou honger of dors of enige ander begeerte daardie toestand versteur, sal daar opgetree word om sy wil en selfbehoud te herstel en na 'n toestand van tevredenheid toe terug te keer. Daar is dus 'n voortdurende dinamika in die rigting van ewewig.

Waar ongemak vir Locke lei tot aksie, lei materiële ongemak gevolglik tot ekonomiese aksie. Die mensdom se onderworpenheid aan die natuur kry 'n teenwig in persone wat die natuur tydens produksie begin beheers. Hierdie beginsel van aksie is volgens Locke (1690:61) deur God self in die mens geplant. Solank daar volkome vryheid heers kan daar 'n staat van ewewig bereik word, waar individuele geluk gelyk is aan individuele inspanning (Locke, 1690:118). In 'n analogie van Newton se gravitasie-model het Adam Smith (1759) 'n soortgelyke teorie oor die menslike verbeelding en nuuskierigheid ontwikkel.

Vir Locke is die subjektiewe teorie van waarde geleë in 'n objek se vermoë om begeertes te bevredig. Die objek het die vermoë om plesier voort te bring en/of pyn te verwyder. Daarteenoor bepaal die objektiewe teorie van waarde dat waarde 'n funksie van die arbeid verbruik in die produksie van daardie voorwerp is (Locke, 1690:136). In die subjektiewe sin word waarde bepaal deur die bydrae wat goedere en dienste tot persone se welsyn kan maak, terwyl dit in die objektiewe sin die mate van weerstand teen persone se begeertes verteenwoordig, omdat dit iets kos om dit te maak of te bekom. Die subjektiewe waarde word bepaal deur die mensdom se afhanklikheid van die natuur, terwyl die objektiewe waarde spruit uit die beheersing van die natuur. Locke (1690:133) beweer dan dat die intrinsieke waarde van iets uitsluitlik in die nut wat dit vir die lewe van persone het, geleë is (Stark, 1943:12). Locke het egter kritiek gelewer op

Hobbes se idee van absolutisme en het geglo dat individue kontrakte met die gemeenskap aangaan, ten einde hul eiendomsreg en lewe te beskerm.

Nog 'n belangrike filosoof van hierdie era was Leibniz. Leibniz het die harmonieuse eenheid in die heelal raakgesien en dit as 'n heilige orde beskou, wat nie net werklik is nie, maar ook volhoubaar is; dit is ook nie net staties nie, maar ook dinamies. Hierdie voorafbepaalde harmonie is vir Leibniz nie net die hoogste vorm in plek en ruimte nie, maar ook deur tyd (Leibniz, 1714:56). Die onderlinge dele verloor nie hul selfstandigheid in kombinasie met die geheel nie, maar vorm deel van 'n geordende geheel, waar die geheel ook nie sy orde in kombinasie of verdeling van die dele verloor nie. Die heelal en die wêreld werk dan byna soos 'n Godgegewe masjien. Leibniz praat dan ook van die "*Deus ex machina*" (Stark, 1943:38 & Rescher, 1967:90).

Aristoteles het geglo dat daar eenheid en orde in die heelal bestaan, wat weer die metafisiese volmaaktheid van die skepping benadruk (Downs, 2004:67). Leibniz het die verskynsel waar fisiese of sosiale eenhede onafhanklike optree en tog 'n geordende geheel vorm, waarvan die geheel dikwels meer as die som van die dele is, in diepte ondersoek (Stark, 1943:27). Die orde is 'n voorafbepaalde harmonie wat tussen eenhede in die heelal bestaan (Rescher, 1967:66). Leibniz se oplossing hiervoor was 'n wysgerigte teorie bekend as parallelisme, wat lui dat alle kosmiese gebeure vooraf deur God parallel met mekaar beplan en geskep is (Stark, 1943:27). In sy *Theodicée* het Leibniz benadruk dat net God volmaak is en dat slegs God spesifieke kennis van alles het. Ander is graadverskille vanaf die volmaakte. Leibniz glo die hele skepping van God is in volmaakte harmonie (Stark, 1943:46), met God soos 'n lig in die middel. Sy goedheid en geregtigheid en Sy wysheid verskil dan van dié van die mens daarin dat dit oneindig meer volmaak is (Stark, 1943:34). Weens die mensdom se onvolmaaktheid mag 'n persoon hom ook nie totaal verlaat op die sintuie nie, want die sintuie is swak. Leibniz is gevolglik nie 'n blindelinge voorstander van die Empirisme nie, maar Leibniz besef wel die mag van wiskunde, en in besonder differensiaalrekening en integrasie ("*Calculus*"), as hulpmiddele in die soeke na kennis (Leibniz, 1714:194 & Rescher, 1967:31).

Leibniz was oortuig van 'n volmaakte harmonie tussen die fisiese wêreld van die natuur en die morele wêreld van genade van God, asook 'n harmonie binne elk van hierdie wêreldes (Rescher, 1967:45 & 191). Bastiat benadruk Leibniz se meganiese wêreldbeeld, maar benadruk dat Leibniz beseft het dat vrye agent bo die fisiese natuur verhef is, omdat hulle met die rede beklee is (Bastiat, 1850:72).

Leibniz en Locke het beweer dat God en individue oor niks besluit sonder om die gevolge te oorweeg nie. Leibniz stel dit dat beide die koninkryk van God en die mensdom in die rede gesetel is (Leibniz, 1714:73 & 83). Hoe meer rasioneel 'n wese is, hoe duideliker sal kennis oor ware geluk gedra word en hoe om dit te bekom. Dit neig na die goeie in die algemeen en die volmaakte wat volgens Leibniz in die mens geleë is.

Denkers soek na wysheid en vir Leibniz is wysheid die wetenskap van geluk (Rescher, 1967:141). Utiliteit is vir Locke (1689:608) 'n primêre beginsel. Locke se uitgangspunt is gegrond op hedonisme en utilitarisme en het aansluiting by Leibniz se teorie van individuele aksie en morele etiek gevind (Stark, 1943:43). Volgens Locke word die intrinsieke waarde van enige ding deur die bruikbaarheid wat dit vir die individu bied, bepaal (Locke, 1690:134). Locke vertolk dit as 'n begeerte na geluk en die vermyding van ongeluk. Egoïsme is volgens Leibniz die wortel van alle optrede (Stark, 1943:44). Vir hom is dit aangebore praktiese beginsels (Locke, 1689:27 & 33). Individue streef egter ook talle ander doelstellings in hul daaglikse handel en wandel na.

Menslike denke het gaandeweg ontwikkel en al meer klem is op die rede en die logika gelê. Daar is egter beseft dat die rede nie kan ontwikkel sonder om die natuur en ervaring in ag te neem nie. Hierdie beseft lei dan daartoe dat die klem al meer begin verskuif na die beheersing van die natuur en menslike mag daarvoor. Met die Rasionalisme en Empirisme as twee pole het die fokus al meer op die humanisme geval en is mense sentraal geplaas. Hierdie verskuiwing lei tot 'n bevryding van denke wat die

agtiende eeu as die Eeu van Verligting bekend laat staan. Die volgende afdeling fokus op die ontwikkeling van die filosofie gedurende hierdie Eeu van Verligting.

2.6 Die Eeu van Verligting

Die agtiende eeu staan dikwels bekend as die Eeu van Verligting. Na aanleiding van die sukses wat Sir Isaac Newton met die natuurlike filosofie of natuurwetenskappe behaal het, het sistematiese empirisme ontwikkel (Berlin, 1963:163). Gedurende hierdie tyd neem denkers soos Voltaire, Rousseau, Montesquieu en Kant veral die leiding in die filosofie. In hierdie tyd ontstaan die sterk geloof dat vooruitgang 'n onafwendbare historiese feit is (Mautner, 2005:188) en daar word begin om basiese lewensomstandighede en vryheid te verbeter. Die vertroue was nou dat die menslike rede en die wetenskap menslike vooruitgang verseker, en nie meer godsdienstige opvattinge nie (Mautner, 2005:188). Gedurende hierdie era begin die humanisme dan ook al meer veld wen.

Empiriste soos Locke en Hume het die bron van kennis in waarneming en sinuïglike ondervinding gesoek, terwyl denkers soos Kant struktuur aan rasionele denke wou gee en die rede prakties wou toepas. Daarteenoor sien Hegel dat daar in alle denke teenstrydige denke bestaan wat as antitese van die sintese dien en dan telkens weer nuwe denke genereer (Stumpf & Fieser, 2007:312). Hierna volg die Utilitarisme en die Positiewisme, onder denkers soos Bentham, Mill en Comte, wat voortbou op die utiliteitsbeginsel en empirisme.

Die hedonisme saam met die nuwe humanistiese fokus het gedurende hierdie era gelei tot die Utilitarisme. Claude Helvetius het die basiese idees van die Utilitarisme begin ontwikkel waarvolgens openbare beleid altyd gerig moet wees tot die bereiking van die grootste mate van voordeel vir die grootste gedeelte van die samelewing (Modell, 1974:214). Griekse denkers soos Epicurus het dit gestel dat plesier die hoogste deug is (Mautner, 2005:263). Slegs plesier het intrinsieke waarde. Die klem op plesier impliseer dan ook dat plesier die enigste ding is wat goed is. Bentham het aan die begin van die

eeu van verligting ook hierdie siening gehandhaaf en dit as etiese uitgangpunt gebruik (Urmson & Rée, 2000:125). Locke (1689:160) het beweer “we call good which is apt to cause or increase pleasure, or diminish pain in us”. J.S. Mill (1879:8) het daarop voortgebou en dit as basis van die Utilitarisme benut. Mill (1844:106) maak dan ook die aanname dat individue groter welvaart bo minder verkies. Iets is dan van nut solank dit waarde het en meer plesier as pyn verskaf. Utilitarisme berus dan op die oorheersende beginsel dat dinge, reëls of optrede goed is indien dit geluk verhoog en leiding verminder. Bentham se uitgangspunt was dat die beste optrede dit is wat die hoogste mate van plesier of geluk tot gevolg sal hê, of pyn en ongeluk die meeste sal beperk (Stumpf & Fieser, 2007:335).

Die idee van utilitarisme het egter self ook deur die jare verander. By Locke is dit intellektuele hoë-klas genot, terwyl dit by Edgeworth om mag gaan. Edgeworth beskou dit binne die konteks van populêre hedonisme en daaruit ontwikkel “vulgêre hedonisme”; waar dit bloot om jol, sport en brassery gaan. Aansluitend by die nastrewing van utilitarisme is die aanname dat meer noodwendig beter is. Volgens hierdie beskouing is maksimale satisfaksie en nutmaksimering vir die verbruiker die belangrikste doelstelling en vooruitgang is noodsaaklik.

Hierdie filosowe se werk is ook deur die Amerikaanse rewolusie en die verligting beïnvloed. Leiers van die Amerikaanse Verligting was Thomas Paine en Thomas Jefferson, terwyl die belangrikste filosowe van die Skotse Verligtingfilosowe denkers soos Francis Hutcheson, David Hume en Adam Smith was (Stumpf & Fieser, 2007).

In hierdie tyd publiseer Jean Jacques Rousseau (1762) ’n werk waarin hy beweer dat die individu van nature goed is en dat dit die samelewing is wat die mens korrup maak en dat privaatbesit die bron van gierigheid en ongelykheid is (Modell, 1974:212). Rousseau kritiseer dan ook die aristokrasie en die kerk wat die magteloses uitbuit. Rousseau het hom beywer vir die natuurlike geloof, vryheid, menswaardigheid en om na aan die natuur te lewe. Rousseau het gesoek na die waarheid, maar ook sterk klem

op die emosionele gelê en in daardie opsig was hy 'n voorloper van die Romantiek (Stumpf & Fieser, 2007:312).

Rousseau het geglo persone word in vryheid gebore, maar word deur die staat en samelewing verslaaf. Daarom was sy slagspreuk “terug na die natuur” (Frost, 1962:99). Die mensdom is vasgevang in die reëls wat die gemeenskap daar stel. Volgens Rousseau is alle menslike instellings korrup en teenstrydig met die natuur. Mense is in stryd met alle ander mense en sluit sosiale kontrakte in die samelewing ten einde te oorleef, maar dit ontnem die individu van sy natuurlike waardigheid en vryheid (Rousseau, 1762:12).

David Hume was 'n Skotse filosoof en skeptikus van die agtiende eeu. Volgens hom ontstaan religieuse idees vanuit menslike ervaring en staan skepties teenoor rasionalisme en wetenskaplike wette (Modell, 1974:215). Hume ontken ook dat vooruitgang in die geskiedenis aanwesig is. Hierdie filosoof beweer dat die sintuie en sintuiglike ervaring die enigste bronne van menslike denke en idees kan wees. Indrukke word ontvang uit die omgewing en dit word verwerk tot idees in die denke. Anders as Plato beweer Hume dus dat die oorsprong van idees in die fisiese wêreld self is, anders is die idees vals. Enige idees wat nie terug herlei kan word na sensoriese persepsies nie, wil Hume dan verwerp. Uit enkele losstaande idees word dan komplekse idees gevorm (Berlin, 1963:163).

Hume het dus 'n empiriese en positivistiese siening verteenwoordig. Hume (1738:247) beskryf die menslike verstand as 'n stelsel van verskillende persepsies, wat aanmekaar verbind is deur oorsaak en gevolg; wat mekaar gesamentlik produseer, verwerp, beïnvloed en vorm. Waarnemings of indrukke lei tot idees, wat weer tot nuwe indrukke lei. Hume vergelyk die brein met 'n republiek of 'n gemene bes, waar talle lede saamsnoer om te werk aan 'n gemeenskaplike doel of staat, en ander persone gelei word om deel te neem aan die opbouing van die gemeenskap. Soos in 'n republiek verander sommige van die lede met tye, maar die wette en konstitusie bly dieselfde. Op

soortgelyke wyse verander individue se persoonlikheid, karakter en temperament, asook indrukke en idees oor tyd, sonder om hul identiteit te verander.

Immanuel Kant was een van die grootste denkers tydens die Eeu van Verligting en grondlegger van Duitse Filosofiese Idealisme. Hume se epistemologie (teorie van kennis) het Kant verontrus. Kant was daarvan oortuig dat menslike denke kreatief is en 'n aktiewe rol in die verkryging van kennis vertolk. Selfs ruimte en tyd, en oorsaak en gevolg, is nie onafhanklik van die rede nie, maar 'n integrale deel van die verstand, want menslike denke koördineer inligting kronologies in ruimte en tyd (Kant, 1781:80). Volgens Kant is die basis van kennis nie ervaring nie, maar die rede (Heynes, 1967:95).

Kant (1781) onderskei twaalf kategorieë van begrip. Die interne struktuur van die rede vorm konsepte en daarom is konseptuele kennis, volgens Kant, subjektief. Die wêreld buite die individu staan onafhanklik van menslike kennis en die mens kan nooit die werklike aard daarvan ken nie. Wat die individu weet, is slegs hoe dit vir 'n persoon lyk, maar die wêreld word deur gekleurde verstandelike lense gesien wat uit vorige ervarings spruit. Hierdie siening impliseer dat menslike ervaring in essensie slegs denke is en hierdie uitgangspunt vorm die kern van die filosofiese idealisme. Die eksterne wêreld is dus noodsaaklik vir die vorming van denke. Indrukke is dan objektiewe feite, gekleur deur ervaring. Selfs al word die eksterne wêreld nie spesifiek waargeneem nie, moet dit steeds in ag geneem word. Dit staan onafhanklik van 'n persoon, maar het wel 'n invloed op hom. Die eksterne wêreld het ook objektiewe eienskappe wat totaal onafhanklik van 'n persoon se subjektiewe waarneming daarvan is.

Die idealis filosoof, Kant, en die Positiviste, aanvaar dat die wetenskap slegs 'n bydrae kan lewer tot die insig in die natuurlike wette, en nie tot norme nie. Norme kan nie van feite afgelei word nie (Venter, 2002a:310). Slegs daardie dissiplines wat natuurlike wette in die vorm van wiskundige formules kan oplewer, is vir Kant wetenskaplik. Volgens Kant formuleer die individu sy eie norme gegrond in praktiese kennis, en nie in wetenskaplike teorie nie.

Volgens Kant is die basiese metafisiese konsepte van belang die bestaan van God, die onterflikheid van die siel en die uiterlike aard van die heelal (Kant, 1781). Die rede kan nie bewys dat dit bestaan nie, maar kan dit ook nie bewys dat dit nie bestaan nie. Aangesien dit egter die moreel van die mensdom verhoog, is dit belangrik (Kant, 1785:30). Die kategoriale imperatief is hier belangrik. Daarvolgens kan menslike optrede, 'n universele reël word (Kant, 1781:85). Vir Kant was vrede 'n besonder belangrike morele verpligting en bepleit Kant dan ook 'n verenigde nasies organisasie wat hom vir wêreldvrede kan beywer.

Daar moet egter ook daarop gelet word dat Kant van die etiese wet 'n hoogs-abstrakte formule gemaak het, wat Kant dan as 'n invulbare "natuurwet" klassifiseer (Kant, 1781:431). Weereens wen die model van die natuurwetenskappe ook hier, en in besonder die fisika. Kant werk in die etiek soos wat Einstein eeue later in die fisika sou werk. 'n Leë formule word geneem en dan opgevol met empiriese ervarings. So verkry Kant dan 'n "etiese" "natuurwet". Kant was hier deur Locke en Hume beïnvloed. Hulle het geglo dat die bewussyn empiriese brokke via die sintuie ontvang, en dit dan aanmekaar bind om universele stellings of wette te verkry (Kant, 1781:344). Net so het Einstein later ook beweer dat die geometrie 'n leë vorm is, wat met empiriese gegewens opgevol word om fisika se wette te vind en die relativiteitsteorie te bou.

Die tradisionele opvatting dat die mensdom 'n belangrike sentrale plek in die skepping beklee, het in hierdie era begin vervaag. Daarmee saam het dan ook die aanname dat die individu 'n morele verantwoordelikheid het, begin verdwyn. Die slagspreuk van die tyd was dan ook "*sapere aude*" of "*Dare to use your reason*" (Mautner, 2005:188). Kant sien dan ook hierdie era as die tyd van geestelike emansipasie van die mensdom. Kritici van die Verligting het hulle egter verkwalik vir hul disrespek vir tradisie, van gesag en die verwaarlosing van belangrike waardes, die gemeenskap en verantwoordelik, en soms selfs irrasionaliteit.

Gedurende die Verligting het die onderskeid in menslike stande en ongelyke welvaart begin om aandag geniet. Steun vir sosialisme en kommunisme was egter in hierdie era

nog seldsaam (Mautner, 2005:187). Dit het ook meegebring dat sosiale verhoudinge ekonomies gefundeer word, en vanuit 'n ekonomiese perspektief beskou mag word. Adam Smith en Bastiat sien alle sosiale verhoudinge in 'n ekonomiese perspektief. Dieselfde gedagtegang word ook by Quesnay, Turgot, Marx en Malthus gevind. Richard Jennings het gereken dat indien die fisiologie en die psigologie op die politieke ekonomie toegepas word, dit 'n denkrigting weg van die politieke, in die rigting van die fisiese en die metafisiese wetenskappe, distilleer, wat tot die samelewing se voordeel sou wees (Stark, 1943:196).

In sy werk "*The Theory of Moral Sentiments*" (1759) beweer die filosoof Adam Smith dat individue se etiese stelsels in verhouding met ander individue ontwikkel en dat etiese waardes gegrond is op individue se reaksies op ander se optredes. In dieselfde jaar wat Smith sy baanbrekers werk "*The Wealth of Nations*" publiseer (1776), installeer James Watt die eerste stoomenjin vir kommersiële gebruik, wat algemeen beskou word as die begin van die industriële rewolusie. Hierdie omwenteling op nywerheidsgebied, tesame met die publikasie van Smith se werk, het 'n totale omwenteling oor die wyse waarop daar oor die lewe gedink en die samelewing georganiseer word, veroorsaak (Kemp, 1989:15).

Volgens Smith (1776:19) veroorsaak die handhawing van eiendomsreg, produksie vir die mark, kapitaal-akkumulasie en magsuitbreiding, vooruitgang en verhoogde welvaart. In besonder is dit die verdeling van arbeid en spesialisasie wat doeltreffendheid en vooruitgang verseker. Die mark verseker dat persone nie mekaar kan uitbuit nie. Smith stel dit daarom dat die owerheid se rol bloot is om wet en orde te handhaaf en die vrye werking van die ekonomie te verseker. Enige verdere inmenging in die ekonomie lei tot die daling in welvaart.

Volgens Adam Smith besluit individue instinktief in eie belang. Die evolusieteorie het hierdie gedagte versterk – individue is wolwe wat mekaar verslind (Edgeworth, 1881:109). John Maynard Keynes (1953:250) het waargeneem dat individue besluite neem, op 'n wyse wat neerkom op 'n soort instinkte-studie. Keynes is deur ander van

psigologisme beskuldig – deurdat hy hom nie tot suiwer ekonomiese beginsels beperk het nie. Denkers wat sy siening gedeel het, het egter daarmee aangehou. Denkers soos Smith (1776) plaas die klem op die wetenskap van ruilhandel (Backhaus & Medema, 2009:224), maar die doelstelling daarmee was weereens om die meeste behoeftes en begeerte met die beskikbare hulpbronne te bereik en so die hoogste vlak van geluk vir die mensdom te verseker.

Die ekonoom, Carl Menger, het die beginsel van marginale nut in die ekonomie in 1871 gevestig, waarvolgens verbruikers rasideel optree ten einde die bereiking van hul voorkeure te maksimeer (Mair & Miller, 1992:41). Hiervolgens sal kopers hul fondse so toewys dat die laaste eenheid van 'n kommoditeit wat gekoop word, nie minder waarde sal bied as die besteding op enige ander item nie (Ekelund & Hebert, 2007:279). Ten beste sal dit daartoe lei dat die nut of waarde verkry van die laaste sent gespandeer op alle kommoditeite gelyk sal wees. Volgens Jevons (1878) is marge daardie punt waar die satisfaksie verkry uit die aankope van kommoditeite sal begin daal. Alfred Marshall (1890:270) is egter die persoon wat ekonomiese teorie en veral die marginale beginsels in wiskundige terme gevestig het (hierdie terme word in die volgende hoofstuk meer volledig toegelig), maar Marshall het ook gepoog om dit meer verstaanbaar vir ander buite die veld te maak. Marshall was ook die persoon wat die bekende vraag-en-aanbod krommes en hul ewewigsposisie van ekonomiese teorie gevestig het – wat herinner aan die ekwilibrium van kragte wat in die Fisika benut word.

Aan die begin van die twintigste eeu het die gebruik van wiskundige analise in ekonomiese teorie die denkrigtings begin domineer. Alhoewel dikwels in dieselde denkraamwerk, het van die Oostenrykse ekonome, soos Carl Menger en Böhm-Bawerk, egter die gebruik van deduktiewe logika voorgestaan (Roll, 1992:309). Persone soos Pigou en Veblen het ook daarop gewys dat markmislukking soms moontlik is en daar negatiewe eksternaliteite, soos besoedeling, mag bestaan wat markkragte mag versteur. Hulle het ook daarop gewys dat individue se waardes verskil en almal nie noodwendig slegs maksimum nut of wins nastreef nie (Roll, 1992:397 & 439).

Gedurende die *negentiende eeu* begin die spanning tussen die sistematiese en organiese strominge in die filosofie (Venter, 2002b & Frost, 1962:31). Hierdie spanning ontwikkel veral vanuit die radikale idees van self-organisasie en intrinsieke orde van Goethe (Mautner, 2005:249), en metafisika van Kant (1781:308). Hegel se werk stel 'n dialektiese raamwerk daar om kennis te orden. Volgens Hegel lei elke tese altyd tot 'n antitese waaruit 'n nuwe sintese ontstaan, wat weer as nuwe tese ontstaan met sy gevolg. Hierdie era sluit ook Schopenhauer se ontkenning van die wil en ander irrasionele strominge in.

Die ontwikkelinge in die natuurwetenskappe het ook die denkers in hierdie era geïnspireer en gelei tot ontwikkelinge en uitdagings wat dit tot die filosofie gerig het. Van die belangrikste was die ewolusie gedagtes uit die werk van Charles Darwin, wat gebaseer was op die idee van organiese selfregulering van filosowe soos Adam Smith. Hierdie ontwikkelinge in die natuurwetenskappe het egter bestaande opvattings van die tyd uitgedaag.

In die negentiende eeu het talle nuwe rigtings in die filosofie ontwikkel. Gedurende hierdie tyd begin die lotsbestaan en die sin agter alles bevraagteken word. Die Deense filosoof Søren Kierkegaard bevraagteken menslike bestaan en subjektiwiteit. Kierkegaard het begin om op minder abstrakte konsepte te fokus en om hom te bepaal by wat dit werklik beteken om 'n individu te wees wat bestaan.

Nietzsche kom met die idee dat God dood is (Stumpf & Fieser, 2007:380). Geen God van liefde kan soveel swaarkry toelaat nie. Die mensdom moet nou maar die beste daarvan maak en soos 'n tipe supermens selfopgelegde eise volg en probeer oorleef. Sonder 'n God verwerp Nietzsche dan ook meeste van die eise van moraliteit. Daar bestaan 'n wil om oor die aarde te heers en dit sal ook uiteindelik bereik word, maar dit kan ook tot selfvernietiging lei. Nietzsche benadruk veral die idee dat die mensdom oor die natuur moet heers. Die menslike drang om te heers is vir Nietzsche alles-oorheersend en het min sin aan demokrasie (Frost, 1962:74). Van Nietzsche idees is irrasioneel en deel van die idealisme, maar was tog invloedryk in sommige gevalle. Die

Romantiek was ook 'n irrasionele stroming van die negentiende-eeuse denke wat veral in die letterkunde, musiek en visuele kunste aangetref is. Die mistici en romantici was nie net dromers nie. James (1902:77) wys op die letterkunde wat hul voortgebring het en hoe dit die samelewing gemotiveer het om te organiseer en die wêreld 'n beter lewensruimte vir almal te maak, soos St. Teresa, St. Francis van Assisi, Ignatius, Eckhart, St. Bernard en Joan of Arc.

Die politieke gebeure van die negentiende eeu het veral die samelewing se denke besonder beïnvloed. Die politieke opstande gerig teen die monargale Habsburgse ryk van Oostenryk-Hongarye gedurende 1848 het die strewe na demokrasie en verwerping van die bestaande orde in Europa ingelei (Modell, 1974:378). Dit het oor Europa versprei en uiteindelik gelei tot die Eerste en Tweede Wêreldoorloë wat die wêreld en die manier wat daar oor die lewe gedink word, verander het.

In sy teoretiese denke bou Karl Marx voort op die filosofie van Hegel en Feuerbach en fokus primêr op die materialistiese, dialektiese en wetenskaplike sosialisme (Urmson & Rée, 2000:192). Die basis van alle denke is volgens Marx materie (Heyns, 1967:109). Volgens Marx ontwikkel die geskiedenis 'n kontinue stroom van nuwe sosiale strukture, wat veral individualisties van aard is. Marx sien die geneigdheid tot mag as die sentrale motief (Marx & Engels, 1848:78). Marx se teoretiese werk is primêr. Ruil geskied slegs om mag oor ander te bekom en hulpmiddele is volgens hom, slegs middele tot mag. Die lewe gaan vir Marx bloot om 'n stryd ter verkryging van die faktore van produksie (Marx, 1973:86). Diegene wat die produksiefaktore beheer, besit alle mag, veral mag oor die opbrengs van ander se arbeid en hul vryheid.

Marx het die ellende van die arbeider raakgesien, sodat sy siening fokus op sosiale kritiek ingesluit het. Die individu is in die eerste plek vir Marx 'n skeppende wese. Wanneer werkers (wat Marx die proletariaat noem) egter deur die middelklas (die bourgeoisie) in diens geneem word, ontvang die werkers nie die volle vrug op hul arbeid nie, maar hierdie sogenaamde kapitaliste hou van die surplusse vir hulself. So kom die besitters van die produksiefaktore in 'n posisie van mag en die werkers word slawe wat

hul totale menswees verloor. Uiteindelik raak so 'n situasie onuithoudbaar en sal die geskiedenis deur rewolusie sorg dat die gemeenskap na 'n stand van sosialisme oorgaan waar almal eweveel sal besit en die vrug op hul skeppingsarbeid self ten volle kan benut.

In antwoord hierop beskou Bastiat (1850:5) die lewe as 'n geskenk van God en wys op die kultuuroopdrag (Gen. 2:15) waarvolgens die verantwoordelikheid om die aarde en lewe te bewaar, te ontwikkel en te vervolmaak, gegee is. Daarvoor is individue toegerus met bevoegdhede en 'n verskeidenheid hulpbronne. Deur hierdie vermoëns aan te wend op hulpbronne, ook genoem faktore van produksie, word dit omskep tot produkte en verbruikersmiddele. Vir Bastiat staan dit sentraal; die lewe, vermoëns en produksie is die sleutel tot individualiteit, privaatbesit en vryheid. Venter (2009) wys daarop dat Bastiat duidelik 'n navolger van Locke is. Die goeie kant wat dit meebring is die individuele verantwoordelikheid wat hulle van Calvyn oorgeneem het, terwyl dit aan die negatiewe kant alles egter ver-ekonomiseer.

Volgens Bastiat het elkeen die reg om sy persoon, besittings en vryheid te verdedig (Bastiat, 1850:6). Vir Bastiat is dit die voorvereiste om te kan lewe. Alle kommunale regte en wette is op hierdie individuele regte en geregtigheid gebaseer. Hiervolgens besit elke landsburger beide voorregte en verantwoordelikhede. Niemand het die reg om ander se regte te vernietig nie. Almal besit menseregte, arbeid en vryheid in sy vraag na arbeid, sonder dominansie deur ander en vry van staatsinmenging. In so geval besit die individu vryheid tot sukses, maar is ook verantwoordelik vir sy of haar eie mislukkings en die gevolge daarvan en mag ander nie daarvoor blameer word nie; nie sy of haar medemens nie en ook nie die staat nie.

In 1859 publiseer Charles Darwin sy boek *The Origin of the Species* wat die verbeelding van die wêreld aangegryp het en kort daarna publiseer Darwin ook *The Decent of Man* (Darwin, 1871). Die sentrale idee is dat die ewolusionêre ontwikkeling en oorlewing van die sterkste geleidelik daartoe gelei het dat alle lewende wesens in die mensdom uit oerspesies ontwikkel het. Almal het begin om hul teorieë in alle studieverdele by mekaar

te laat aanpas, geskoei op die idee van ewolusie. Dit het die sentrale plek van die mensdom in die skepping verder afgetakel en aanvanklik hewige teenkating vanaf die kerke en teoloë ontvang. Geleidelik het al meer kerke begin om die teorie met hul dogma te probeer versoen (Mautner, 2005:134).

Die filosoof wat Darwin se idee, en die van ander uit die biologie, in 'n filosofie van ewolusie omskep het, was Herbert Spencer (Frost, 1962:48). Spencer het dan ook gepoog om wetenskaplike redes vir etiese vraagstukke te soek. Die verdierliking van die mensdom lei dan daartoe dat die etiese slegs op die onmiddellike plesier gebaseer word vir die individu en op die langer termyn ook vir die spesie of gemeenskap. Darwin was nie die eerste persoon wat die idee van ewolusie uitgevind het nie, maar sedert sy eerste publikasie het die hele idee van ontwikkeling en die voordeel van vooruitgang en konflik al belangriker in die ontwikkeling van filosofiese denke, die geskiedenis en alle ander lewensterreine geword. Darwin se werk was maklik verstaanbaar, toeganklik en op die regte tyd, om die samelewing se verbeelding aan te gryp.

Die Renaissance denker Machiavelli was die eerste wat die idee dat konflik vir die gemeenskap goed is, geopper het (Venter, 1996b:187). Hobbes het daarop voortgebou en aangetoon watter voordele dit vir die mensdom inhou. Darwin se idee van die oorlewing van die sterkste suggereer dat slegs die gemeenste, mees mededingende, mees selfsugtige individue die hoogste sport op die ewolusieleer kan bereik.

Hierna volg talle twintigste-eeuse filosofiese rigtings soos eksistensialisme, pragmatisme en post-modernisme.

2.7 Kontemporêre Filosofie

Die kontemporêre filosofie begin met die aanbreek van die twintigste eeu. Gedurende dié eeu vind die meeste ontwikkeling op die gebied van die wetenskap en tegnologie plaas en tot 'n mate begin die mensdom beheer verloor. In hierdie era vind die twee wêreldoorloë plaas wat die mensdom met ander oë na die lewe laat kyk. Die

Pragmatisme, onder denkers soos William James, begin veld wen en rasionalisme raak in baie gevalle minder belangrik (Urmson & Rée, 2000:256). Denkers soos Bertrand Russell en Wittgenstein begin om die Filosofie op 'n wetenskaplik-analitiese fondament te grondves. Ander soek na die sentrale radiks van dinge en die fenomenologie en eksistensialisme probeer om die lewe en denke objektief te benader (Mautner, 2005:208). Denkers soos Sartre bou voort op die verwardheid van Nietzsche en die besef van die relatiwiteit van kennis word al sterker, wat uiteindelik uitloop op die idees van die post-modernisme wat reken elkeen se belewenis van die werklikheid is in wese uniek, verskillend en subjektief (Stumpf & Fieser, 2007:497).

Die onwankelbaarheid van die klassieke denke word gedurende die twintigste eeu omvergewerp en met onsekerheid vervang. Die basis van kennis wat bestaan het, word in die filosofiese diskoers bevraagteken, terwyl talle nuwe probleme in die sosiologie, ekonomie, politiek en logika opduik. Denkers soos Heidegger (1961), Gadamer (1975) en Derrida (1991) het deur die hermeneutiek en dekonstruksie probeer om die onderliggende denke van filosowe en hul tekste uit te lê en begrip te verbeter.

In hierdie tyd is daar ook filosowe soos Anscombe wat weer oor die ou teorieë van menslike deug herbesin het (Stumpf & Fieser, 2007:491). Die invloed van die Pragmatisme op alle menslike terreine is egter deur denkers soos Rorty (1982) ondersoek. In die laat twintigste eeu en vroeë een-en-twintigste eeu is daar talle nuwe en ouer strome wat denkers besig hou en die duidelike filosofiese lyne van vroeër raak onduidelik.

Daar was denkers wat die ouer epistemologie probeer bewaar het, het terwyl ander gestreef het na hervorming en verandering. Hans-Georg Gadamer (1975) en Alasdair MacIntyre (Urmson & Rée, 2000:116 & 189) het gepoog om Aristoteles se denke te laat herleef, terwyl Jean-Paul Sartre, William James, Heidegger, Wittgenstein, Husserl en Bertrand Russell die belangrike nuwe denkers van hierdie era verteenwoordig (Stumpf & Fieser, 2007:393).

Francois Quesnay en Adam Smith het reeds daarop gewys dat die samelewing as 'n natuurlike verskynsel benader en bestudeer behoort te word (Canterbery, 2009:81 & Buchholz, 2007:17). Hierteenoor het Wittgenstein beweer dat menslike gedrag nie onderworpe aan natuurlike reëls is nie, maar bloot die resultaat van mensgemaakte reëls en institusies is (Hausman, 1984:26). Daar bestaan egter reëlmatigheid in menslike optredes, wat voorspellings en afleidings in die sosiale wetenskappe wel moontlik maak.

Onder die kontemporêre kontinentale denkers was die psigoanaliste Sigmund Freud, Jacques Lacan en Julia Kristeva besonder invloedryk (Urmson & Rée, 2000:166). Ayn Rand was 'n populêre denker wat onortodokse metodes gevolg het en gevolglik haarself van die akademici gedistansieer het. Ayn Rand het radikaal krities teenoor die tradisionele filosofie en sielkunde gestaan (Mautner, 2005:517).

Freud verdeel menslike denke in die bewussyn en die onderbewussyn. Herinneringe wat vervaag, word in die onderbewussyn gestoor (Louw & Edwards, 1995:578). Onverwerkte probleme uit 'n persoon se verlede lei dikwels tot probleme in die lewe en moet deur psigoanalise uit die onderbewussyn opgediep en behandel word. Onderdrukte emosies lei dikwels tot morele konflik (Low, 1928:19). Basiese behoeftes en 'n persoon se onderbewussyn stuur dikwels menslike optrede onwetend. Hierdie rol van die onderbewussyn impliseer dan dat menslike aksies nie altyd deur die rede gelei word nie en dat irrasionele impulse dikwels optrede en denke bepaal (Louw & Edwards, 1995:578).

Die vaste basis waarop die epistemologie berus het, wat die teorie van kennis is, is deur nuwe denkers bevraagteken. Hier is veral die werk van Heidegger, Russell, Karl Popper, Lévi-Strauss en Thomas Kuhn van belang. Popper (1959:50) ontken dat enige iets wetenskaplik bewys kan word. Volgens Popper (1959:50) kan feite slegs vals bewys word. Teorieë en stellings word slegs gebruik totdat dit falsifiseer word en dan word dit met 'n beter teorie vervang. Terwyl 'n waarneming, stelling of teorie gebruik word, is dit nie noodwendig korrek nie. Feite en teorieë word doodeenvoudig benut en

geag, omdat dit die beste is wat op daardie tydstip beskikbaar. Feite en teorieë is gevolglik altyd oop vir hersiening en tydelik.

Daar bestaan egter uiteenlopende menings oor hoe teorieë en wetenskaplike konsepte en stelsels benader behoort te word. Feyerabend (1975:28) beweer egter dat daar geen rasionele kriteria bestaan vir die keuse tussen teorieë of afbakening nie. Vir Feyerabend is alles aanvaarbaar en die doel van wetenskapsbeoefening nie noodwendig die soeke na die waarheid nie (Feyerabend, 1975:30).

Kuhn (1996) beweer egter dat persone wel algemene teoretiese denkraamwerke benut, wat Kuhn paradigmas noem. Wanneer nuwe inligting beskikbaar word, en daar besluit word om 'n alternatiewe paradigma te aanvaar, kan dit tot 'n nuwe wetenskaplike teorie lei. Soms kan dit so erg wees dat objektiwiteit of rasionele keuses tussen alternatiewe onmoontlik raak. Dan raak dit totaal irrasioneel om te beweer dat een teorie of paradigma beter as 'n ander is. Lakatos beskou dit egter as 'n goeie ding indien daar nie een bepaalde navorsingsprogram en/of paradigma is wat domineer nie, want dan vind wetenskaplike ontwikkeling die vinnigste plaas (Hausman, 1984:21). Lakatos het egter oordrewe eensydige klem op vooruitgang geplaas en dit kan maklik tot pragmatisme oorgaan.

Denkers soos Sartre, Merleau-Ponty en Camus het eksistensialisme voorgestaan deur die metafisika fenomenologies te ondersteun (Venter, 1968:104). Hulle het beweer dat ten einde tot die werklike radikals van 'n fenomeen te kom, moet 'n persoon buite homself tree en dit objektief en neutraal van buite benader. Sartre het gereken dat die aarde 'n soort faktisiteit is wat bloot bestaan (Heyns, 1967:151). Die mens is gevangenis van en in hierdie wêreld (Heyns, 1967:151). Die mensdom is nou eenmaal in hierdie faktisiteit gewerp en het aan homself 'n selfopgelegde opdrag gegee om iets daarvan te maak (Stumpf & Fieser, 2007:461).

Ander denkstrome van die twintigste eeu is die poststrukturalisme van Deleuze en Foucault (Stumpf & Fieser, 2007:496), outentisiteit van Taylor (1999), postmodernisme van Lyotard (1984), en dekonstruksie van Derrida (1978).

Teen die einde van die twintigste eeu het die postmodernisme begin veld wen. Die postmodernisme wou afstand doen van sommige kenmerke van die moderne denke. Elke individu sien en belewe die wêreld anders. Daar kan gevolglik nie veralgemeen en generiese natuurwette daargestel word nie en ook nie beweer word dat daar net een waarheid bestaan nie. Lyotard wou afstand doen van die sogenaamde “groot verhale” wat volgens hom nie bestaan nie, soos byvoorbeeld die Bybel en ewolusie (Mautner, 2005:364). Wetenskaplike feite bestaan nie, want dit verabsoluteer telkens ’n enkele siening. Hulle wou kritiek lewer, bevrydingsdoelwitte daarstel en vryheid radikaliseer (Stumpf & Fieser, 2007:497).

Volgens die postmodernisme is alle ordeninge pogings om mag te behou en meganismes van onderdrukkers. Alle wette is volgens hulle deur mense geskep om ander te kan onderwerp en onderdruk. Hulle bepleit ’n ordelose wêreld ter wille van radikale vryheid. Hulle verwerp gevolglik alle metafisiese onderdrukking en enige idees oor die bestaan van God (Lyotard, 1984). Wetmatighede het volgens hulle nie ’n universele bestaan nie, omdat alles aan die wispelturigheid van die mens self onderwerp is. Hierdeur bereik die postmodernisme natuurlik net die omgekeerde, want met die ontkenning van ’n vaste skeppingsorde lewer dit die samelewing uit aan die wispelturige en onderdrukkende eiebelang van die medemens en die postmodernisme is gevolglik bloot ’n skynverlossing.

Gedurende die twintigste eeu wen veral die Pragmatisme onder filosowe soos William James en Richard Rorty besonder veld (Stumpf & Fieser, 2007:397 & 485). Hulle is ook gekant teen die klassieke dualisme, die metafisika en ook die essensialisme (Rorty, 1999:47). Die Pragmatisme konformeer met doelbepaalde reëls vir effektiwiteit (wat selfs magiese rituele mag insluit soos by Jarvie en Agassi) ongeag of dit irrasioneel is. Alles is aanvaarbaar. Solank dit bruikbaar is en die gewenste uitkomst bied, maak die

logika nie veel saak nie (James, 1907:35). In die Pragmatisme het doel-rasionaliteit die dominerende betekenis geword, gelei deur empiriese of praktiese doelwitte, sonder beginsels. Die Pragmatisme is 'n teorie of opvatting wat tot praktiese sukses of voordeel kan lei indien dit gehandhaaf word. Solank iets werk, is dit waar. Sodra dit nie meer voordeel inhou nie, word die opvatting ten gunste van 'n ander een laat vaar (Stumpf & Fieser, 2007:398). James (1907:46) stel dit dat "You can describe a thing this way or that. In the end, what matters is the cash value". Hier bedoel James nie noodwendig "geld" nie, maar "praktiese waarde". Daar mag talle komplekse teorieë en beskrywings wees, maar uiteindelik maak dit nie regtig saak nie. Slegs die praktiese waarde en uitkomst maak uiteindelik saak (De Bono, 2009:20). Die gevaar is dat so opvatting tot die beginsel van "die doel heilig die middele" en 'n eklektiese benadering tot die lewe en waarheid en 'n verwronge epistemologie kan lei. Tog is dit 'n moderne opvatting wat in die moderne wêreld al meer veld wen. James (1902:384) besin egter ook oor die "paradoks" wat daar by persone se morele aard bestaan. Bedoelings is gewoonlik goed, maar die middele wat aangewend word om dit te bereik, is dikwels immoreel.

Aan die begin van die derde millennium is van die vernaamste filosowe Noam Chomsky, Saul Kripke en Jürgen Habermas, wat ook populêre boeke skryf en dikwels prominent in die media gesien word (Mautner, 2005:104, 256 & 331). Meeste van die filosofiese diskoerse van die twintigste eeu gaan steeds voort, met die kontinentale en analitiese tradisies steeds in die twee hoofkampe. Die etiek staan in hierdie tyd besonder uit as aktuele terrein, asook die Pragmatisme en die rol van die wetenskap, tegnologie en die Internet.

2.8 Samevatting

In hierdie hoofstuk is na die hoofmomente van die filosofiese geskiedenis, waarbinne die basiese beginsels en konsepte van moderne Ekonomie gevorm is, gekyk. Daar wil vasgestel word of die basiese ekonomiese beginsels gronde in die filosofiese geskiedenis het en wat die hedendaagse optrede van ekonomiese agente bepaal. Hierdie studie het ten doel om na te speur of Ekonomie op vaste gronde gebou is en of

dit bloot voete van klei het. Ten einde dit te doen, was dit nodig om die ontwikkeling van die filosofie, waarmee denkers hulle deur die eeue bemoei het, na te gaan en is dit hier kortliks weergegee.

Daar is vertrek vanaf die Antieke Griekse denke wat die fundamente van die Westerse filosofiese denke gelê het. Die basiese tema is die goddelike, ewig-vloeiende lewensstroom waaruit, met die kringloop van die tyd, alles ontstaan het. Daar is veral na die onderliggende wette van die natuur gesoek. Die belangrikste rolspelers was veral Plato, wat 'n ideale ideewêreld veronderstel het, en Aristoteles, wat die denke probeer orden het.

Plato en Parmenides beskou die menslike denke as die primêre bron van ware kennis en beweer dat ware kennis slegs dit is wat deur die menslike denke en rede verstaan kan word. Waar die hoogste graad van realiteit vir Plato in die menslike denke gesetel is, reken Aristoteles dat dit deur die sintuie waargeneem word. Die spore van die Positiwisme en Empirisme is alreeds hier geleë.

Aristoteles reken dat daar na die grootste mate van geluk gestrewe moet word, maar dat daar balans moet wees in die lewe en die konsep van die “goue gemiddeld” vind dan ook hier sy beslag.

Reeds gedurende hierdie tyd het basiese ekonomiese konsepte, soos privaatbesit en ruilhandel, hul beslag gekry en is daar ook besin oor die wyse waarop die staat en die ekonomie georden behoort te word. Wat morele waardes betref, was Plato pragmaties, terwyl die Sofiste geglo het dat die etiese vloeibaar is en geregtigheid deur die menslike stand bepaal word. Die Sofiste het die vermoë om te redeneer, vooropgestel.

Die invloed van die Griekse denke het nog lank voortgeduur, maar sedert die derde eeu voor Christus breek die Hellenistiese tyd aan. Met die uitbreiding van handel kom al meer volke met mekaar in aanraking en word verskillende denkrigtings deur ander beïnvloed. Gaandeweg het die kerk al meer houvas oor die gemeenskap begin kry en

uiteindelik was alle filosofie beperk tot die kerk en die geestelike wêreld sodat die wêreld in die “donker” Middeleeue verval.

Gedurende die Middeleeue het talle denkers hulle in die filosofie verdiep, en alhoewel die sekulêre vermy was, het filosofiese denke wel vooruitgegaan. Uiteindelik het argument, waarheid en logika die kern van die Westerse denktradisie geword. Vroeë kerkvaders soos Augustinus, Anselmus, Duns Scotus en Thomas Aquinas het besondere aandag aan die denke van Plato en Aristoteles geskenk en dit by hul denke oor die godsdiens probeer inwerk.

Aquinas het ook oor ekonomiese sake besin. Vir hom was regverdigheid van besondere belang. Om pryse te verhoog, in reaksie op hoër markvraag, het Aquinas as blatante diefstal beskou. Hy het oor ekonomiese sake soos regverdige pryse, produksiekoste en die onderhoud van werkers en huishouding besin.

Die moderne filosofie begin met die aanbreek van die Renaissance. In dié tyd word die grondslae van die moderne natuurwetenskappe gelê. Die rasionalisme beleef ’n opbloei gedurende die 17^{de} eeu onder denkers soos Galilei, Francis Bacon, Descartes, Newton en Leibniz in die sogenaamde “Age of Reason”. Hulle poog om die metodologie van wiskunde en fisika op alle terreine van kennis toe te pas.

Gedurende die 18^{de} eeu breek die sogenaamde eeu van verligting aan en denkers begin al meer vrylik oor die mens en die wêreld te besin. Empiriste soos Locke en Hume het beweer dat die bron van kennis in waarneming en sintuiglike ondervinding geleë is. Kant wou weer struktuur aan rasonale denke gee en die rede prakties toepas; terwyl Hegel beweer dat daar in alle denke teenstrydige denke bestaan wat as antitese van die sintese dien en dan telkens weer nuwe denke genereer. Hierna volg die Utilitarisme en die Positiewisme wat voortbou op die utiliteitsbeginsel en empirisme, onder denkers soos Bentham, Mill en Comte. Dit was veral Locke wat in besonder ekonomiese verwantskappe en sake ondersoek het. Die basis van hul utilitarisme het op ’n tipe hedonisme neergekom waar die doel van die lewe as die nastrewing van die

hoogste vlak van geluk, plesier en tevredenheid, en die vermyding van ongemak en pyn beskou is.

Gedurende hierdie tyd begin denkers om die lotsbestaan van die mensdom en die sin agter alles te bevraagteken. Kierkegaard bevraagteken menslike bestaan en subjektiwiteit, terwyl Nietzsche weer reken dat die mensdom nou eenmaal in hierdie faktisiteit gewerp is en die beste van die saak moet maak. Mense volg dan selfopgelegde eise.

Dit is gedurende hierdie tyd dat denkers soos Adam Smith, Karl Marx en Bastiat begin om oor die lot van die mens en sy welsyn te besin. Hulle begin veral die vooruitgang in die fisika en die wiskunde raaksien en besin oor wyses om welvaart van die gemeenskap en elke individue te bevorder.

Die kontemporêre filosofie begin met die aanbreek van die twintigste eeu. Die meeste ontwikkelinge op die gebied van die wetenskap en tegnologie vind gedurende hierdie eeu plaas. In hierdie era vind die twee wêreldoorloë plaas en die mensdom begin anders oor die lewe te dink. Die Pragmatisme, onder denkers soos William James en Rorty, begin veld wen en rasionalisme raak in baie gevalle minder belangrik. Denkers soos Bertrand Russell en Wittgenstein begin om die filosofie op 'n wetenskaplike analitiese fondament te grondves. Ander soek na die sentrale radiks van denke, sodat die fenomenologie en eksistensialisme probeer om die lewe en denke objektief te benader. Denkers soos Sartre bou voort op die verwardheid van Nietzsche en die besef van die relatiwiteit van kennis word al sterker, wat uiteindelik uitloop op die idees van die post-modernisme wat reken elkeen se belewenis van die werklikheid is in wese verskillend en subjektief. In hierdie tyd is daar ook filosowe soos Anscombe wat weer oor die ou teorieë oor menslike deug herbesin. In die laat twintigste eeu en vroeë een-en-twintigste eeu is daar talle nuwe en ouer strome wat denkers besig hou en die duidelike filosofiese lyne van vroeër raak onduidelik.

In die volgende hoofstuk sal gefokus word op die basiese ekonomiese beginsels en verduidelik word wat ekonome met die terme bedoel. Daarna sal daar dan in die vierde hoofstuk op bepaalde temas en konsepte gefokus word, wat sentraal bepalend in die moderne ekonomie en ekonomiese denke is, ten einde uiteindelik gevolgtrekkings oor die oorsprong van die moderne ekonomiese beginsels en die verwantskap daarvan met die filosofie te kan maak.

HOOFSTUK 3

DIE BASIESE EKONOMIESE BEGINSELS

3.1 Inleiding

Hierdie skripsie wil vasstel of daar grondslae van die Westerse filosofie gevind kan word in ekonomiese teorie, asook in die wyse waarop huidige markdeelnemers die ekonomie vertolk en in die sakewêreld optree. Ten einde dit te doen, moet daar eers duidelikheid verkry word oor wat die ekonomiese beginsels behels. Hierdie hoofstuk het daarom ten doel om dit wat ekonome onder die basiese ekonomiese beginsels verstaan uiteen te sit, en om basiese konsepte wat later verder ondersoek gaan word, te verduidelik.

In hierdie hoofstuk word slegs 'n omskrywing van die verskillende aannames en beginsels gegee. In 'n volgende hoofstuk sal die wysgerigte agtergronde van die aannames ondersoek word en dit in besonder krities bespreek word. Hierdie hoofstuk begin deur te definieer wat met ekonomie bedoel word, waarna die basiese aannames gestel word. Hieronder sal begrippe soos die veronderstelling van winsmaksimering as eerste ekonomiese aanname, entrepreneurskap, volmaakte inligting, ruil as menslike instink en die vryemarkbeginsel aandag geniet; sowel as die standaard ekonomiese instrumente van vraag-en-aanbod, ewewig en die marginale reël. Nou word daar eerstens aandag geskenk aan die definisie van ekonomie en wat daarmee bedoel word.

3.2 Definisie van Ekonomie

Daar behoort eers bepaal word wat met die terme “ekonomiese”, die “ekonomie”, en “Ekonomie as wetenskap” bedoel word. Dit sal die verdere analise van die basiese ekonomiese konsepte en aannames vergemaklik. ’n Verskeidenheid omskrywings en definisies word in die literatuur aangetref, wat dit wat bedoel word onduidelik maak.

Ekonomiese terme hou almal verband met materiële selfversorging van die mensdom as *homo sapiens*. *Homo sapiens* is die enigste lewende wese op aarde wie se materiële selfversorging ’n kulturele formaat aanneem. By alle ander organismes is die selfversorging natuurwetmatig ingebou en gespesialiseerd. *Homo sapiens* moet kies hoe om homself of haarself te versorg, en moet die bruikbare dinge hiervoor in sy omgewing selekteer en verwerk. Dit is oor hierdie prosesse wat erkende werke oor ekonomiese kwessies al sedert Aristoteles handel. Filosofiese verskille help dat sommige omskrywings wyer en vaer is, en sommige dalk te eng. ’n Kort kritiese analise van die omskrywings, sal die gebruik daarvan later in die skripsie vergemaklik.

Die ekonomie verwys in die moderne tyd allerweë na die wêreld van geld en hoe om welvaart te skep. Ekonomie bestudeer hoe markdeelnemers beperkte middele optimaal kan toewys ten einde soveel moontlik van die onbeperkte behoeftes en begeertes te bereik (Mankiw & Taylor, 2011:3). Dit dui op materiële selfversorgingsplanne, waarvolgens almal die beste gebruik van die beskikbare hulpbronne, ter wille van oorlewing, moet maak.

Laasgenoemde definisie van Mankiw en Taylor (2011) baken die vakgebied af, maar daarin lê reeds talle aannames verskuil, byvoorbeeld dat lewensbehoefte onbeperk is en dat middele altyd tekort skiet². Sodanige definisies is reeds veranker in die moderne ekonomiese denke.

² Lionel Robbins (1935:115) wys daarop dat alle middele wat nodig is om menslike doeleindes te bereik, nie altyd beperk is nie. Geen tyd of geld is byvoorbeeld nodig om die suurstof, wat alle mense benodig om van te lewe, te bekom nie. Maar dikwels moet mense wel keuses maak. As mens een ding doen, ontnem dit die tyd en hulpbronne wat aan ’n ander bestee kon word.

Oneindige behoeftes is 'n aanname wat dikwels wel waar is. Die mensdom het talle lewensbehoefte wat bevredig moet word. Daar kan egter aangetoon word dat talle dinge wat aanvanklik na behoeftes lyk, bloot begeertes wat nie noodwendig nodig is nie en selfs op hedonisme en egoïsme gebou is. Talle dinge wat die verbruiker na vra is bloot luukshede en ander gebou op hebsug, wat tot die verwringing van die mark, of selfs tot ekonomiese krisis, kan lei. Die Ekonomiese wetenskap poog steeds om vir die mensdom die hoogste mate van welvaart en armoedeverligting te skep, onderworpe aan die feit dat *hulpmiddele* om dit te bereik *beperk* is. Die begrip van skaarsheid is gevolglik nog 'n aanname en 'n veronderstelling in die Ekonomie wat ook bevraagteken kan word.

Leibniz (1714:27) beweer dat God die grootste mate van orde op die eenvoudigste wyse tot stand bring en dat almal dan ook daarna moet streef om met die minste middele die grootste effek te produseer, wat dan die meeste mag, kennis, geluk, en goedheid in die wêreld behoort te bring. Hierdie orde impliseer maksimum wins, of om maksimum effek te verkry met 'n minimum uitleg of inset. Leibniz stel dit dat die wil altyd die mees voordelige verteenwoordiging nastreef, wat die hoogste wins of voordeel impliseer (Rescher, 1967:19 & Stark, 1943:45).

Adam Smith (1776:117) het die geneigdheid om te ruil as 'n basiese menslike instink beskou. Smith plaas daarom die klem in Ekonomie op ruil. Markdeelnemers ruil by mekaar om hulself in 'n beter posisie te plaas. Die uiteindelige doel bly dus om die beste en meeste te verkry uit dit wat die individu het; dus, om hulpbronne so toe te wys dat die hoogste vlak van tevredenheid en voordeel bereik kan word³.

³ In sy *Grundrisse* stel Karl Marx (1973:103) dit egter dat dit eenvoudig verkeerd is om ruil in die sentrale plek van die menslike samelewing te plaas. Daar bestaan dus uiteenlopende menings.

John Neville Keynes⁴ (1917:70) wys daarop dat die term “ekonomies” verwys na die mees spaarsamige besteding van geld, tyd en inspanning. Die “ekonomiese” verwys dan na die versigtige benutting van hulpbronne, met diskresie, om daaruit die maksimum opbrengs van nut te verkry. J.S. Mill (1844:107) definieer Ekonomie ook as die wetenskap wat die wette vir die skepping van welvaart van die gemeenskap navors. Hiermee stem J.N. Keynes saam en definieer “ekonomiese aktiwiteite” as daardie menslike aktiwiteite wat gerig is op die skepping, verkryging en akkumulاسie van welvaart. Ekonomiese instellings en gebruike is dan daardie instellings en gebruike van die menslike samelewing op welvaart gerig. Ekonomie is dan in hierdie sin die studie van die totale doktrine van ekonomiese verskynsels. J.N. Keynes (1917:71) bestempel Ekonomie dan as ’n afdeling van toegepaste logika.

Daar bestaan verskeie omskrywings van Ekonomie as wetenskap. Die engere betekenis hou verband met die oorsprong van die term by die Grieke “oiko(s) - nomia” wat huisbestuur beteken – die materiële versorging van die huishouding. So het Aristoteles dit ook in sy analyses gebruik. Hierdie definisie raak reeds die idee aan dat markdeelnemers nie kan bestee wat hulle nie het nie. Mankiw en Taylor (2011:4) sê gevolglik Ekonomie bestudeer hoe die samelewing sy skaars hulpbronne bestuur, wat weer neerkom op die bestuur van die huishouding op mikrovlak en die volkshuishouding op nasionale vlak. Marshall (1890:45) beaam welvaart as die sentrale tema van Ekonomie, maar beskou die bestudering van die mens as die belangrikste onderwerp.

Von Hayek (1952) se doelgerigtheidsteorie van menslike aksies, wat Von Hayek en sy leermeester Von Mises praksologie genoem het, was ’n poging om van die suiwer meganiese visie te ontkom. Von Hayek wou vasstel hoe die individu vrye besluite neem, aangesien ’n makro-ekonomiese teorie nie volgens Von Hayek moontlik is, sonder om in totalitarisme te verval nie. Gesien vanuit die perspektief van Von Mises (1962) en Von Hayek (1952) kan dit gestel word dat persone doelgerigte aksies neem om hul doel te bereik (Kleynhans, 1993). Sodanige aksies van mense hoef dan ook nie

⁴ John Neville Keynes was die vader van die beroemde John Maynard Keynes, skrywer van *The General Theory* (1953) – sien bibliografie.

net ekonomiese handeling te wees nie en die hoofdoel ook nie wins nie. George Bernard Shaw sê Ekonomie is “the art of making the most out of life” (Mohr, 2010:26).⁵

Die “besluitnemingsteorie” oor Ekonomie is moontlik ’n poging om ’n suiwer ekonomiese teorie te bou, sonder psigologisme of Marshall se totalitêre teorie. Backhaus en Medema (2009:222) beskou Ekonomie as die studie van menslike gedrag, met die fokus op besluitneming. Max Weber (1949:85) bestempel Ekonomie as ’n “tegniek” om welvaart te verhoog, eerder as ’n stelsel van teorieë.

Reformatories gesien vertrek elke denker vanuit ’n ander basis van Dooyeweerd (1948:41) se modaliteite en dit het ’n invloed op hul mensbeskouing, wat weer hul definisie van Ekonomie beïnvloed. Tog is dit so dat alle moderne ekonomiese denkers, vanaf die Renaissance en veral sedert die Verligting, ’n meganiese mens- en wêreldsbeeld het en hul denke daarvolgens rig. Dit lei ook tot die idee dat die ekonomiese wetenskap ’n natuurwetenskap is (*sien* afd. 4.6 hieronder).

Die rede waarom hierdie definisies hier beoordeel word, is sodat daar duidelikheid in hierdie studie kan bestaan oor wat met die term Ekonomie bedoel word. Daar is ander aspekte van die ekonomie wat baie belangrik is, soos dat mense individue is en baie belangrik is, maar dit word op die terrein van die Bedryfsosiologie bestudeer en nie Ekonomie nie. Ekonomie gaan primêr oor die bereiking van die hoogste voordeel of doel met die beperkte bronne tot die individu se voordeel.

Soos hierbo aangetoon, is sommige definisies onbruikbaar wyd vir die doel van hierdie studie. Indien van hulle wel onveranderd gebruik word, word daar maklik in ’n reduksionisme verval. Dan word alle handeling gereduseer tot die materiële, of word

⁵ In die Klassieke Ekonomie werk die analise van verbruik en produksie op dieselfde beginsel. Verkopers maksimeer wins en verbruikers maksimeer nut. Of dit nou produsent, winkelier of verbruiker is, elkeen probeer die beste maak met dit wat hy of sy het. Hetsy dit wins of nut is, die addisionele wat mens ontvang, moet gelyk wees aan die addisionele wat daarvoor opgeoffer word. Produsente verkoop produkte en werkers verkoop dienste. Die beginsel bly dieselfde. In hierdie studie word daar dikwels nie onderskei tussen die twee wanneer abstraksies soos byvoorbeeld die Marginale reël, of die vlak van ewewig bestudeer word nie.

dit 'n totalitêre ingesteldheid tot die wêreld, waar alle optrede wat besparing of effektiwiteit verhoog, sonder meer as “ekonomies” omskryf word, en alle metafore wat met ekonomiese optrede te make het, letterlik gemaak word. Met “die ekonomie” word bedoel die stelsel waarvolgens 'n gemeenskap met hul bronne omgaan om hulself materieel te versorg, en 'n materiële “ruimte” vir hul kultuur en geestelike lewe ontwikkel. “Ekonomie” is die wetenskap wat hierdie interaksies tussen mense en dinge, en ook hierdie stelsels, bestudeer. Die volgende afdeling beskryf nou die basiese ekonomiese aannames.

3.3 Die Basiese Ekonomiese Aannames

In ekonomiese wetenskap word van aannames gebruik gemaak om die komplekse werklikheid te vereenvoudig, ten einde dit hanteerbaar te maak, te begryp, te verklaar en voorspellings moontlik te maak. Aannames is vereenvoudigings van die werklikheid⁶. Die gebruik van aannames fasiliteer begrip van die komplekse werklikheid, soos byvoorbeeld die werking van internasionale handel of mededingende voordeel. Aannames help om van Ekonomie 'n abstrakte wetenskap te maak. Wanneer gevolgtrekkings korrek vanuit die aannames afgelei word, is dit waar in die abstrakte en dien as generiese waarhede wat in talle praktiese omstandighede benut kan word (Mill, 1844:111). Die abstraksie maak die teorie kort en bondig en gevolglik meer bruikbaar op 'n wye toepassingsveld (Keynes, 1917:78).

Die “realisme” van aannames en hul vermoë om te verklaar is belangrike eienskappe van ekonomiese modelle (Koutsoyiannis, 1991:4). Praktiese kennis van die werklike modusse waarin die wêreld opereer, is voorvereistes in die keuse van aannames (Mill, 1844:118). Aannames is egter vereenvoudigings van die werklikheid en gevolglik is dit noodwendig kunsmatig en nie die werklikheid self nie. Mankiw en Taylor (2011:21) stel

⁶ Lionel Robbins (1935:120) bestempel aannames soortgelyk aan *a priori*-aksiomas in Wiskunde. Dis so basies en algemeen bekend dat die waarheid daarvan voor die hand liggend is. Dit is ook so duidelik dat dit nie verdere gronde het nie, dit is die grondslae en fundamente waarvandaan daar vertrek word. Geen verdere ondersoek daarvan kan verdere kennis genereer nie. Dit is van sodanige postulate wat komplekse teorieë van gevorderde analise uiteindelik gebou word.

dit onomwonde dat aannames vals is. Een van die redes vir die skryf van hierdie skripsie is die vermoede dat ekonomiese teorie op onrealistiese aannames gegrond is. Hierdie hipotese wil in hierdie studie geëvalueer word. John Stuart Mill (1844:110) het reeds Ekonomie gekritiseer omdat dit vanuit aannames werk, en nie vanuit feite nie. Ekonomie werk ook dikwels vanaf positiewe aannames wat nie universeel geldend is nie, maar op 'n spesifieke situasie of navorsingsprojek van toepassing is (Keynes, 1917:88). Hierdie argumente toon aan dat 'n nadere studie van hierdie aannames nodig is, wat uiteraard ook inhou dat die konsepte wat in die aannames ingebou is, ook krities beskou behoort te word.

Ekonomie benut egter ook verskillende aannames om verskillende vrae te beantwoord (Mankiw & Taylor, 2011:21). Die aanname word byvoorbeeld gemaak dat verbruikers in die mark handel om hul behoeftes te bevredig; die aanname by die produsent is weer dat hulle winste moet maksimeer; terwyl daar in die heel eenvoudige Keynesiaanse model weer geen owerheid of buiteland bestaan nie.

Ekonomiese aannames maak die formulering van suiwer ekonomiese teorieë moontlik sodat die vryemark deur meeste ekonomie as superieur en as die volmaakte stelsel beskou kan word. Die sogenaamde “suiwer ekonomiese beginsels” waarvolgens die ekonomie so volmaak funksioneer, is weer op sy beurt 'n afskaduwing van die ideale idee van Plato se ideewêreld. Die aanname is ook dat die markmeganisme soortgelyk aan die aanhoudende meganiese werking van Newton se fisika en Huygens se horlosie is. In 'n meganiese model werk alles volmaak en is voorspelbaar, met kragte wat mekaar uitbalanseer. Hierdie studie konsentreer op die algemeen-geldende aannames wat gewoonlik in die studie van Ekonomie geld.

Die basiese of Neoklassieke aannames waarop die moderne ekonomie gegrond is, behels veral die volgende (Koutsoyiannis, 1991:256-270, Farmer, 2010:28, Mankiw & Taylor, 2011:3-33 en Browning & Zupan, 2012:6):

1. Die wêreld is volmaak.
 - 1.1 Daar is sekerheid.
 - 1.2 Volmaakte kennis en inligting, veral inligting oor pryse, markdeelnemers se voorkeure, vraag- en kostefunksies en die geskiedenis, is aan almal bekend.
 - 1.3 Daar word uit die verlede geleer, ook uit die foute van die verlede.
2. Markdeelnemers is rasioneel en tree rasioneel op.
3. Die ekonomie ontwikkel as gevolg van die optrede van entrepreneurs. Dikwels is die aanname verder dat entrepreneurs ook die eienaars van ondernemings is.
4. Ondernemings maksimeer wins. Die eerste ekonomiese aanname is maksimum wins.
5. Verbruikers maksimeer nut of satisfaksie.
6. In die vryemark is daar ook vryheid van toetrede tot die mark, en vrye uittrede.
7. Die doel van maksimum wins word behaal deur die nastrewing van die marginale beginsel, waar marginale koste gelyk aan marginale inkome is ($MC = MR$).
8. Markkragte neig na 'n posisie van ewewig.

Die vertrekpunt van die basiese ekonomiese beginsels vertoon oënskynlik dat dit stewig gevestig is, want Plato het alreeds die ideale in sy ideewêreld veronderstel en ekonomiese beginsels stel die ideale beeld van die ekonomiese stelsel in die vooruitsig. Daar word egter uit die oog verloor dat die werklikheid net 'n namaaksel daarvan in die ideewêreld is en daarom nie volmaak kan wees nie.

In aanname 1.3 hierbo is daar egter reeds 'n *teenstrydigheid*. As die wêreld volmaak sou wees, dan is daar nie foute om te maak en uit te leer nie. Die rede vir hierdie teenstrydigheid is geleë in die determinisme van die geskiedenisbeskouing wat hieraan ten grondslag lê. Die teorie werk soos alle ideologieë vanaf sy eie eindpunt terug agteruit. Die eindpunt is volmaaktheid, maar die meganiese proses dwing die heelyd 'n voorlopige volmaaktheid af – 'n tussentydse ewewig.

In der selfde mate is die volmaaktheid van die mark en *volmaakte mededinging* ook nie bekombaar nie, maar bloot die ideaal. Volmaakte mededinging besit die moontlikheid

om voordele vir alle mense in te hou. Daar word gestrewe na volmaakte mededinging, maar weens praktiese oorwegings en die feilbaarheid van die mensdom, is die mark nie altyd so volmaak as wat begeer word nie. Bastiat het reeds in 1850 daarop gewys dat persone die opbrengs van ander se arbeid sal plunder indien 'n persoon die kans kry, en dit beteken dat mededinging dan nie meer volmaak is nie en die mark ook nie meer vry nie.

Aanname 2 oor rasionaliteit hierbo verdien besondere aandag, want in die ekonomiese wêreld word irrasionele optrede dikwels aangetref. In die volgende hoofstuk, in afdeling 4.2, sal daar besondere aandag aan hierdie aanname geskenk word, aangesien dit waarskynlik tot 'n groot mate bydra tot die probleemstelling van hierdie studie wat aan die begin gestel is. Omdat ekonome glo dat markdeelnemers altyd rasioneel optree, kan voorspellings oor die ekonomie gemaak word, maar dit is waarskynlik ook 'n rede waarom vooruitskattings en voorspellings soms verkeerd is.

Verskuil in die aannames wat hier bo genoem is, word alreeds aanvaar dat die mark op 'n bepaalde wyse werk, en winste en tevredenheid nagestreef kan word, omdat daar mededinging tussen markdeelnemers is. Die idee van *mededinging* steun op die konflikmotief, wat op Darwinisme en ewolusie steun (Alchian, 1950:221). Mededinging en ekonomiese probleme word dan as 'n bedekte seën aanvaar (Alchian, 1950:221), want gedurende moeilike ekonomiese tye word ekonomies ondoeltreffende markdeelnemers genoodsaak om die bedryf te verlaat. Daarna sal groei en algemene voorspoed terugkeer en al sterker word. Oorlewing van die sterkstes verseker dan ekonomiese doeltreffendheid en vooruitgang. Hoe dit tot naasteliefde en tot die beste vir almal kan lei, is moeilik te verklaar en sal meer aandag in die volgende hoofstuk geniet.

Mankiw en Taylor (2011:3-15) som die beginsels van Ekonomie soos volg op:

1. Wat die *interaksie tussen persone* betref, is handel of ruil voordelig vir almal. Markte is gewoonlik 'n goeie manier om ekonomiese aktiwiteit te organiseer; en die regering kan soms ekonomiese uitkomst verbeter.

2. *Hoe besluite geneem* word, word bepaal deur die feit dat daar in ruil altyd afkooptoestande bestaan. Die koste van 'n item is hoeveel prysgegee moet word om dit te verkry. Rationele individue dink volgens die marge. Die addisionele bydrae bepaal uiteindelik die optimale punt of toestand; en markdeelnemers reageer dan op insentiewe.
3. *Die werking van die ekonomie as geheel* word bepaal deur die feit dat die lewensstandaard van produksie in die land afhang. Pryse styg as die owerheid te veel geldskepping toelaat of veroorsaak, met ander woorde te veel spandeer; en in die korttermyn is daar 'n afkooptoestand tussen inflasie en werkloosheid.

Hierdie aannames word nou eerstens nader omskryf ten einde te verduidelik wat daarmee bedoel word, waarna die filosofiese gronde en/of implikasies daarvan in die volgende hoofstuk van nader ondersoek sal word. Die eerste veronderstelling wat aandag geniet, is die aanname van volmaakte inligting

3.3.1 Die Aanne van Volmaakte Inligting

Die klassieke ekonomie berus op talle “volmaaktheidsaannames”. Volgens die Klassieke Ekonomie werk die mark volmaak, dit is altyd in ewewig, alle faktore van produksie, soos kapitaalgoedere en arbeid, word optimaal effektief aangewend en benut. Die aannames van volmaakte inligting impliseer ook dat almal werk het, daar in almal se behoeftes voorsien word en almal se welvaart so hoog as moontlik is en aanhoudend besig is om te styg. Die aanname van volmaakte kennis en inligting is een van die belangrikste hoekstene waarop die moderne ekonomie gebou is.

Die ekonomiese aanname is dat die wêreld een van volmaakte sekerheid is. Volmaakte kennis van die verlede, huidige omstandighede en toekomstige ontwikkeling word aanvaar in die omgewing van die onderneming, die mark en die ekonomie as geheel. Almal het kennis van alle pryse en wat elke verbruiker bereid is om te betaal. Ondernemings weet presies hoe verbruikers se vraag- en kostefunksies lyk. Daar word

uit foute van die verlede geleer en gebeure van gister word in vandag se skattings van vraag en koste geïnkorporeer. Teoretiese kostekrommes is U-vormig, wat impliseer dat daar 'n optimale uitsetvlak van produksie en verkope bestaan (Koutsoyiannis, 1991:257).

Die ekonomiese beginsel wat Mankiw en Taylor hierbo bewoord as “Markte is gewoonlik 'n goeie manier om ekonomiese aktiwiteit te organiseer”, veronderstel dat markte volmaak funksioneer omdat daar volmaakte inligting bestaan. Die klassieke ekonomie aanvaar ook dat welvaart die hoogste is wanneer produksiefaktore vrylik kan beweeg en volmaak mobiel is (Armstrong & Taylor, 1993:60). Volmaakte inligting impliseer dat ekonomiese agente alwetend is. Dat alle ekonomiese agente altyd volmaakte inligting besit, is natuurlik nie moontlik nie en is irrasioneel. Dit impliseer ook volmaakte mobiliteit van ekonomiese agente. Die idee van volmaakte inligting herinner aan Plato se volmaakte ideewêreld (*Sien* par. 2.2 hierbo in hoofstuk 2).

Hierteen mag aangevoer word dat indien die ekonomiese agent, of dit nou verbruiker, handelaar, of produsent is, nie oral gelyktydig kan wees nie, en ook nie 'n Archimedespunt het wat hom bokant ruimte en tyd kan verhef nie, dan kan geen een van die ander volmaaktheidsaannames geld nie. Die Klassieke Ekonomie neem aan dat vooruitgang noodwendig is. Dit impliseer dat die eindpunt van die geskiedenis reeds gesien kan word. In werklikheid is dit alombekend dat dinge nie volmaak is nie (foute word gemaak en daar word nie daaruit geleer nie). Die enigste manier wat volmaaktheid gebruik kan word, is om van die eindpunt van die geskiedenis af agteruit te dink. So iets is egter net moontlik indien daar buite die geskiedenis gestaan kon word. Kant se verwagting van 'n volmaakte liberale orde, en Marx se verwagting van 'n volmaakte sosiale orde, kom op dieselfde neer. Die Oostenrykse ekonoom, Von Hayek, het hom teen die idee van volmaakte inligting en die implikasies waartoe dit lei uitgespreek. Von Hayek (1952) beweer dat daar nie bo die geskiedenis gestaan kan word nie, en dit is ook nie vooraf bekend of die gewenste uitkoms bereik sal word nie. Die volgende aanname wat aandag geniet, is die rol van die entrepreneur.

3.3.2 Die Rol van die Entrepreneur

Hetsy die eienaar, entrepreneur en/of bestuurder dieselfde persoon is, of afsonderlike individue is en/of verspreid is in die onderneming, en/of aandeelhouders is, hulle streef almal dieselde doel van winsmaksimering na. Die eienaar van 'n onderneming streef na maksimale wins, wat verkry word na inkomste en betaling van die faktore van produksie, naamlik, arbeid, kapitaalgoedere en natuurlike hulpbronne (Koutsoyiannis, 1991:257). Die vergoeding van die produksiefaktore word beskou as die enigste probleem waarmee die onderneming te make het. Die Klassieke Ekonomie tref ook nie onderskeid tussen vervaardiging en verhandeling nie. Die doel, kostestrukture en beginsels word identies beskou (sein voetnota 5 hierbo).

Die aanname is dat die eienaar en entrepreneur volmaakte inligting het en 'n onbeperkte hoeveelheid tyd tot sy beskikking het (Mair & Miller, 1992:106). Die vermoë 'n om alle moontlikhede te ondersoek en die beste winsmaksimerende opsies te kies is onbeperk. Daar word gehandel met volmaakte rasionaliteit en daar bestaan geen beperkings op tyd, inligting of enige ander beperkings wat winsmaksimerende keuses kan verhoed nie. (Dit klink soos 'n utopie).

In die moderne ekonomie mag bestuurders wel ander doelstellings nastrewe, maar dit is dan bloot nog 'n koste-element vir die onderneming, wat winste beperk en daarmee saam ook ander voordele soos werksgeleenthede beperk. Die feit is ook dat dit baie kos om mededingende inligting te bekom (Viviers *et al.*, 2008:87). Oorwegings van rasionaliteit en die beperking op bestuurders se tyd, kennis, inligting, vermoëns en hulpbronne wat ontstaan weens die kompleksiteit van moderne ondernemings, is deur verskeie navorsers in die teorie van die onderneming geïnkorporeer, soos byvoorbeeld in die behavioristiese teorie van die onderneming (*sien* Simon, 1955). Die besondere geval, aspekte en beperkings lei gewoonlik ook tot die maak van verdere aannames, spesifiek gerig op 'n besondere aspek van die studie of navorsingsprojek. Die veronderstelling van winsmaksimering as eerste ekonomiese aanname word in die volgende gedeelte bespreek.

3.3.3 Wismaksimering as Eerste Ekonomiese Aanname

Die wismaksimerende hipotese berus gewoonlik op die Darwinistiese teorie van oorlewing van die sterkste (Alchian, 1950:211). In die langtermyn oorleef slegs die wismaksimeerder in die markplek, omdat hulle die doeltreffendste is. Deur maksimale wins na te strew, akkumuleer ondernemings finansiële bates, wat hulle in staat stel om vinniger as ondernemings wat nie winste probeer maksimeer nie te groei. Laasgenoemdes se markaandeel daal gaandeweg en uiteindelik word hulle gelikwedeer en verlaat die bedryf. Wismaksimerende ondernemings allokeer hul hulpbronne mees effektief en dit lei uiteindelik daartoe dat die ekonomiese omgewing hierdie onderneming as die sterkste en beste verkies en alle ander ondernemings elimineer. Hierdie aanname is natuurlik, net soos al die ander, uiters simplisties en bloot 'n poging om die werking van die markmeganisme as uiters komplekse verskynsel meer hanteerbaar te maak en te verklaar. Die nastrewing van die wismaksimerende doel en die werking van die mark, is soos Edgeworth (1881:109) dit gestel het, om mededinging in 'n oorlog te verander (*sien* “die konflikmotief” in afd. 4.3 hieronder). Die volgende gedeelte verduidelik die marginale reël waarop die moderne ekonomie gebou is.

3.3.4 Die Marginale Reël

Markdeelnemers kan slegs fondse spandeer, wat hulle ontvang het. Sonder die nodige fondse kan daar nie handel gedryf word nie en kan produksie nie plaasvind nie. Fondse moet van iewers af kom. Koste en inkomste moet uitbalanseer anders sal 'n instelling tot stilstand kom. Wins word gevolglik gemaksimeer by die punt waar die addisionele inkomste gelyk is aan die addisionele koste daaraan verbonde om 'n produk te vervaardig. Waar addisionele inkomste en kostes ewenaar, is in die vryemark ook die punt waar die “ekstra” koste van vervaardiging gelyk is aan die prys waarteen die “ekstra” eenhede van 'n produk verhandel word. Hierdie addisionele hoeveelhede word dan ook die grenskoste en grensincome, of marginale kostes (MK) en pryse (MI) genoem, en wins word gemaksimeer waar $MK = MI$ (Marshall, 1892:202). Hierdie

ewewigspunt is dan ook die punt waar die prys sodanig is dat alles verkoop word (markopruiming) en daar word gesê dat die mark daar in ewewig is, want op dié punt is vraag gelyk aan aanbod in die mark, en die prys gevra is gelyk aan die prys wat markdeelnemers bereid is om te betaal (Koutsoyiannis, 1991:263).

Die marginale reël word ook in die langtermyn nagestrewen en daar kan dus aanvaar word dat maksimum wins ook op die langtermyn beoog word (Koutsoyiannis, 1991:258). Ander entrepreneurs reageer egter ook op die winste wat in 'n bedryf bestaan en tree dan toe tot die mark. Die markvraag en winste word gevolglik al meer verdeel sodat daar op die langtermyn geen addisionele winste meer gemaak kan word nie – marginale inkome dek dan slegs die marginale kostes en normale wins word gemaak wat die produksieproses onderhou, wat 'n netto wins gelyk aan nul beteken.

Wanneer Mankiw en Taylor (2011:6) in hul sesde beginsel oor hoe die mark werk (in afd. 3.3 hierbo) beweer dat “rasionele individue dink by die marge”, word aangeneem dat dit in effek beteken dat rasoniese persone maksimum wins of nut nastreef. Daar moet egter gemeld word dat Mankiw en Taylor hier 'n bepaalde idee van “rasionaliteit” in gedagte het, wat nie noodwendig algemeen geldig is nie. In afd. 4.2 van die volgende hoofstuk sal rasionaliteit aandag geniet.

In die ekonomie is die bestaan van uitsonderings van besondere belang en Mankiw en Taylor het dit ook nie ontken nie. Dit is juis die “marginale” of addisionele verbruiker of produsent wat die gang van die ekonomie bepaal. Meeste markdeelnemers steur hulle nie veel aan pryse en hoeveelhede nie. Die verbruiker wat byvoorbeeld weier om 'n sekere prys vir broodsmear te betaal omdat dit te duur is, of die student wat omdraai by die bioskoop omdat die kaartjies te veel kos, of die moeder wat drie blikke koffie koop omdat dit op uitverkoop is, of die produsent wat besluit om meer vleis aan te bied, wanneer die prys verhoog – juis hulle bepaal uiteindelik wat die markprys gaan wees en beïnvloed so die mark. Die marginale beginsel berus juis op die ewewigspunt tussen die addisionele wat aangebied word, teenoor die addisionele wat gekoop word, al dan nie.

Dit bepaal dan ook die addisionele opoffering (MK) wat gelykgestel word aan die addisionele voordeel of inkomste (MI) wat daaruit verkry kan word.

Earley (1956) het in sy empiriese navorsing bevind dat ondernemings wel in die praktyk die marginale reël in hul besluitnemingsprosesse toepas. Veral in groot ondernemings voorsien moderne rekenkundige metodes inligting oor marginale inkomste en marginale kostes en sodanige inligting word in werklikheid deur goedgeorganiseerde ondernemings in hul besluitneming benut. Dit is ook bevestig deur (Browning & Zupan, 2012:255). Kleiner ondernemings poog gewoonlik ook om dit te doen, maar die nodige inligting vir marginale optrede ontbreek. In hierdie geval volg klein ondernemings, met minder as 250 werkers in diens, dan dikwels 'n gemiddelde koste reël (Hall & Hitch, 1939:13), waar die markprys vasgestel word as die som van die gemiddelde vaste en veranderlike kostes plus die winsmarge, waar die ekonomiese wins op die langtermyn op die vlak van natuurlike wins te staan kom, wat gelyk aan nul is (Koutsoyiannis, 1991:267). Slegs kostes wat salarisse insluit word gedek, maar geen surplus winste word in dié geval gegeneer nie. Hall en Hitch (1939:19) het bevind dat ondernemings in meeste gevalle hul pryse bokant die gemiddelde kostebeginsel stel en dan 'n winsmarge wat die hoogste moontlik is waarmee hulle op die mark mee kan wegkom, neem. In die praktyk beteken dit dat die prys te staan sal kom waar kopers die aanbodprys aanvaar, met ander woorde 'n ewewigsprys ontstaan tussen vraag en aanbod. In 'n ekonomiese stelsel waar 'n ewewigsprys spontaan deur die wisselwerking van hierdie kragte tot stand kom, soos by die vryemarkmeganisme of Kapitalistiese stelsel, is die prys vir elke eenheid van 'n produk wat verhandel word gelyk. Die werking van die prysmeganisme impliseer dan dat die marginale koste en gemiddelde koste per eenheid geproduseer (GK) gelyk is en dit gelyk is aan die prys waarteen die produk verkoop word, wat die produsent se marginale inkomste per eenheid verkoop is, dus $P = MK = GK$ (Machulp, 1967:29 & Koutsoyiannis, 1991:268). Wat sakemanne dus as gemiddelde koste aansien, is in werklikheid ook gelyk aan die marginale koste in die ekonomie, wat impliseer dat die marginale reël steeds in die ekonomie geldig is.

Hall en Hitch se navorsing het reeds gedurende 1939 aangetoon dat ondernemings die hoogste prys stel waarmee hulle in die mark kan wegkom (so ook Veblen, 1898:373). Die aanname aanvaar dan ook dat hulle daarmee “rasionele” optrede bedoel. Rasionele optrede het egter nie vir almal dieselde betekenis nie en dit mag ook problematies wees aangesien daar verskillende vertolkings by markdeelnemers bestaan en optrede bepaal.

Daar is egter ook denkers, soos byvoorbeeld Goudzwaard en De Lange (1995:18), wat daarop wys dat dit wat sover verduidelik is, wel waar mag wees in die formele besigheidswêreld, maar dat meeste verbruikers dit nie so beleef nie. Die burgerlike moraal probeer juis propageer dat die uitkomst van die vryemark regverdig is, en dat daar so min as moontlik daarmee ingemeng behoort te word (Friedman, 1953). Nie alle ekonomiese agente sien egter dieselfde voordele wat die markfundamentaliste in terme van wat die burgerlike moraal verwag nie. Die marginaliste veronderstel kostes in terme van 'n produksieproses, maar 'n deel van die proses, byvoorbeeld werkservaring, is glad nie meetbaar in markterme nie. Salarisse meet dit ook nie.

Faktore soos ervaring vorm egter wel deel van die menslike kapitaal wat meetbaar is in terme van stygings in werkers se produktiwiteit (Mankiw & Taylor, 2011:405). Waar die marginale beginsel van produksie, inkomste teenoor uitgawes balanseer, en waar marginale koste gelyk is aan marginale inkome, werk die teorie van die verbruiker soortgelyk aan die teorie van produksie. Marginale nut, moet marginale uitgawes ewenaar ten einde die hoogste nut vir die verbruiker te verseker (*sien* ook voetnota 5 hierbo). Inkome word optimaal aangewend, onderhewig aan hul inkome en ander beperkings, sodanig dat die verbruiker se marginale nut wat uit aankope verkry word, gelyk is aan die marginale koste daarvan. Formeel beteken dit dat die laaste sent gespandeer op elke produk aan die verbruiker gelyke addisionele nut verskaf. Die volgende afdeling bespreek ruil as 'n basiese menslike instink.

3.4 Ruil as Menslike Instink en 'n Reg

Adam Smith (1776:117) se basiese uitgangspunt was dat die mensdom 'n basiese instink of geneigdheid het om te wil ruil. Deur te ruil, verbeter 'n persoon sy posisie in die lewe sowel as sy vlak van tevredenheid. Deur te ruil kan die individu kommoditeite waarvan daar surplusse is, of wat relatief meer mededingend geproduseer kan word, verruil vir middele waaraan hy 'n behoefte het. Ruil verhoog dan markdeelnemers se welvaartsposisie, en daarmee saam die totale welvaart van die gemeenskap. Volgens Mankiw en Taylor (2011:3) is dit 'n ekonomiese beginsel dat handel of ruil voordelig is vir alle markdeelnemers (*sien afd. 3.3 hierbo*).

Indien handel magsverhoudings beïnvloed of tot armoede lei kan dit egter, veral vir die swakkere in die samelewing, nadelig wees (Goudzwaard & De Lange, 1995:13). In afdeling 2.6 hierbo is aangetoon dat Karl Marx (1973:88) die motief agter ruil bloot as 'n middel om mag te bekom beskou het, terwyl Bastiat (1850:5) dit as 'n manier om die kultuuroopdrag uit te voer, beskou het. Wat ook die geval is, vorm die markstelsel waar ruilhandel sentraal staan die kern van die moderne ekonomie. In die volgende afdeling word die vryemarksbeginsel derhalwe bespreek.

3.5 Die Vryemarkbeginsel

Volgens Locke (1690:118) is die natuurlike staat van enige individu die staat van volmaakte vryheid, wat volgens hom ook gelykheid tussen persone meebring. Die “suiwer ekonomiese beginsels” van mededinging en die vryemarkstelsel berus op die idee van “*volmaaktheid*”, wat 'n analogie is van Plato se ideewêreld, waar alles volmaak is. Wat die individu op aarde het en doen is namaaksels daarvan. Die volmaakte markmeganisme wyk af van die werklikheid, aangesien volmaaktheid nie op aarde bereik kan word nie. “Suiwer ekonomiese beginsels” bestaan gevolglik slegs in die ideewêreld en die Klassieke Ekonomiese aannames werk gevolglik nie so volmaak as wat die teorie veronderstel nie. Om gevolglik die ekonomiese wêreld daarop te bou, kan nie volmaak wees nie. Die nodigheid van 'n skuif vanaf ideaaltpiese denke na

opdragtype denke is hier duidelik te bespeur (*sien* ook afd. 4.8 hieronder). Tog word daar na die volmaakte gestrewe, ook deur ekonomiese agente.

Omdat die ekonomiese aannames dermate van die werklikheid verskil, praat ekonome dikwels van die “ekonomiese mens” of *Homo Economicus*⁷. Dit is ’n besondere persoon wat aan al die aannames van Ekonomie, soos rasionaliteit en volmaakte kennis, voldoen. Mill (1844:110) sê daarom reguit dat die ekonomiese wetenskap redeneer vanaf aannames wat op hipoteses gebou is en nie op feite nie⁸.

Talle denkers, filosowe en ekonome, soos Thomas Hodgskin, William Thompson, Francois Quesnay en Adam Smith, het die oortuiging van John Locke gedeel dat daar ’n stel sosiale en ekonomiese wette bestaan wat, wanneer hulle vry opereer, spontaan die grenslose liefde en welwillendheid van God vir Sy skepping sal openbaar. Hulle het daarom ’n wetenskap van die gemeenskap en ekonomie, wat beide realisties en idealisties sou wees, voorsien. Realisties deurdat dit die werklike orde van die ekonomiese gemeenskap beskryf, maar ook idealisties aangesien dit die volmaakte orde beskryf wat dit natuurlik onderlê (Stark, 1943:103).

Groot denkers soos Adam Smith het geglo dat die totaliteit van die sosiale ekonomiese proses homself sal harmoniseer (*Sien* afd. 2.6 hierbo). Hierdie gedagte het op historiese bronne berus. In die eerste plek was Smith daarvan oortuig dat alledaagse mededingende besluite mekaar meganies uitbalanseer. Adam Smith volg hiermee Descartes se meganiese beeld van die natuur en metamorfoseer Newton se gravitasie-model (afd. 2.5). Verder was Smith se ander basiese idee dat daar ’n ingeboude harmonie in die wêreld is. Hierdie idee kom oorspronklik vanaf Leibniz, wat geglo het dat onafhanklike natuurprosesse parallel in harmonie verloop (*sien* afd. 2.5).

⁷ John Neville Keynes (1917:94) haal Bagehot aan wat sê dat Engelse politieke ekonome dikwels nie van regte mense praat nie, maar van ’n denkbeeldige mens. Nie van ’n gewone mens nie, maar ’n individu wat gerieflikheidshalwe veronderstel word, met eienskappe soos hulle dit veronderstel om te wees.

⁸ Ook Max Weber (1949:90) beweer dat die volmaakte ekonomie en *Homo Economicus* ontologies nie bestaan nie en nie empiries gevind kan word nie. Dis ’n utopie.

Adam Smith het die natuurlike orde van die skepping en gebeure voorgestaan, en aanvaar dat gebeure deduktief vanaf *a priori*-kennis en oorwegings afgelei kan word (J.N. Keynes, 1917:74). Daar bestaan gevolglik volgens Smith 'n logika in die ekonomie waarom 'n volmaakte ekonomiese wetenskap gebou kan word. Op deduktiewe gronde het Smith 'n doktrine oor die ewewig van pryse en lone neergelê en gekombineer met 'n induktiewe ondersoek na oorsaak en gevolg in die ekonomiese wêreld.

Cartesiese konstruktiewisme pas die rede op individuele optrede en die ontwerp van reëls vir instellings toe wat lei tot optimale sosiale uitkomst van die standaard sosio-ekonomiese wetenskapsmodel (Smith, 2008:322)⁹. Daar bestaan talle empiriese bewyse dat die vryemarkstelsel voortreflik is, sodat ekonome onomwonde aanvaar dat kulture waar markte ontwikkel het, spesialisasie benut, produktiwiteit en effektiwiteit verhoog, hulpbronne optimaal toewys, die voordele van ruilhandel benut en meer welvarend is as enige ander (Scully, 1988:652). Dat hier eklekties te werk gegaan word en die skryfstyl met tye onhistories is, moet egter nie uit die oog verloor word nie. Die navoring van die onrealistiese volmaakte suiwer model het dus wel voordele, maar dit moet met versigtigheid hanteer word. Die volgende afdeling ondersoek ewewig as basiese ekonomiese beginsel.

3.6 Ewewig

Tesame met die idee van volmaaktheid van die heelal gaan ook die konsep van ewewig. By ewewig bestaan daar geen neiging tot verandering nie. Kragte wat wel daarop inwerk is sodanig dat hulle mekaar neutraliseer en in balans hou. Die markmeganisme is egter dinamies, met duisende transaksies wat elke oomblik plaasvind. Die ewewig is gevolglik slegs momenteel en die ewewigsposisie verskuif

⁹ Naas Descartes was daar ook al ander denkers soos Hobbes, Locke en grondeleggers van die vroeëre Kapitalistiese ekonomiese teorie, soos byvoorbeeld Sir William Petty (1899), wat "natuurwetmatig" en kwantitatief gedink het (Chalk, 1951:343). Venter (2001:35) beweer: "This humanly focused meaning of "natural law" was not totally divorced from the Cartesian (natural science) tradition, for social thinkers such as Petty, Hobbes and even Locke all attempted to construct deductive, quasi-mathematical social sciences".

aanhoudend, maar uiteindelik kan daar wel 'n tendens in die rigting van ewewig bespeur word.

Daar is reeds in afdeling 2.5 op Locke en Leibniz se siening van ewewig gewys, en daar word aanvaar dat dit ook op die moderne ekonomie van toepassing is. Die ekonomie bestaan uit talle onafhanklike agente, wat in harmonie tot 'n ewewigspunt uitloop, maar wat oor tyd steeds dinamies is en aanhoudend na 'n nuwe ewewig beweeg. Hierdie teorie is beide van toepassing op die reële markte en monetêre of finansiële markte. Die verskil is slegs dat daar op reële markte goedere vir geld verruil word, terwyl die monetêre markte geld en krediet verhandel en die prys daarvoor die rentekoers is. Die beginsel van ewewig en marginale beginsels bly egter dieselfde. Venter (2002a:296) wys egter daarop dat die Monetaristiese Ekonomie reken dat daar glad nie outomatiese ewewig bestaan nie.

Die Klassieke ekonomie is realisties in die sin dat 'n gemeenskap onafhanklike individue dit beskryf en analiseer; elk met gelyke kans op sukses, wie se belange en opponerende optrede volmaak geharmoniseer word deur wat Leibniz 'n indrukwekkende meganisme noem. Die klassieke ekonomie is egter ook idealisties,¹⁰ aangesien dit beweert en poog om te bewys dat 'n samelewing wat tot stand kom, wanneer individue totaal vry is om te handel soos hulle wil, deur die vrye werking van gelyke kragte, die heel beste sosiale gemeenskap is, wat die menslike rede tot stand kan bring (Stark, 1943:49). Dit is dan ook die rede waarom dit in 1776 moontlik was vir Adam Smith se seminale werk "*The Wealth of Nations*" en Watt se stoomenjinn om die samelewing so dramaties te kon verander en Kapitalisme op daardie stadium as superieur beskou kon word (Stark, 1943:50). Die ekonomie het ook die suksesse van die natuurwetenskap probeer nadoen (Kleynhans, 1993:13). Die voorspelbare meganiese werking van die fisika en die ewewig van die chemiese weegskaal het gedien as voorbeeld. Net soos die weegskaal en chemiese reaksies uitbalanseer, balanseer vraag en aanbod op die mark dan ook uit. Francois Quesnay het dit ook in sy

¹⁰ Max Weber (1949:90) bestempel die idee van die vryemark en volmaakte vrye konkurensie en die resolute wat dit veronderstel is om te lewer, eenvoudig as 'n utopie wat afwyk van die realiteit.

Tableau Oeconomique nagedoen en die idee van 'n balans is ook in die dubbele boekhoudingstelsel van die rekeningkunde te vinde (Venter, 2002b:54) (*sien* ook afd. 4.7 hieronder).

Die ekonomie is dinamies en die punt van ewewig verskuif met elk van die miljoene transakies wat daaglik in die mark gesluit word. Die ekonomie verander aanhoudend. Teorieë wat jare gelede gegeld het, is nie meer dieselfde nie en ekonomie en sy teorieë moet voortdurend daarby aanpas. Thurow (1983:8) stel dit dat “*When the world changes, the observed behaviour of the economic actors follow*”. Die ekonomiese stelsel waarmee Karl Marx en Adam Smith te kampe gehad het, verskil dramaties van die moderne vryemarkstelsel. Max Weber (1949:90) het ook op die historiese dinamiek van die mark gewys wat deur die geskiedenis al deur verander. Netso is die enkele handelaar wat langs die hawe onderhandel oor die prys van sy vangs, nie maklik vergelykbaar met die vraag-en-aanbodmeganisme van moderne aandelemarkte nie. So ook is die versekering van skepe deur die VOC in die sewentiende eeu nie heeltemal vergelykbaar met moderne risikobestuur van internasionale handel nie. Soortgelyk is daar ook voortdurende ewolusie op skokke soos dié van “2001 September 11” en die ekonomiese behuisingskrisis van 2008 in die Verenigde State van Amerika.

Kritiek teen die idee van ewewig is daarin geleë dat dit die ekonomie staties voorstel, terwyl die ekonomie in werklikheid dinamies is (Koutsoyiannis, 1991:262). Daar is deurgaans 'n neiging in die rigting van ewewig, maar dit word nie bereik nie. Gewone ekonomiese ewewig toon slegs 'n statiese prentjie. Die ontoereikendheid van 'n statiese model wat 'n dinamiese mark probeer verklaar, kan egter tot 'n mate omseil word deur te onderskei tussen kort-, medium- en langtermyn, waar langtermyn beskou word as die tyd wat dit neem om aan te pas of te verander. As 'n fabriek wat teen volle kapasiteit bedryf word, wil uitbrei, moet fondse eers bekom word en die langtermyn sal dan die tyd wees wat dit neem om nog 'n fabrieksaanleg te bou. Die dinamiese werking op die mark kan ook deur 'n groot reeks ewewigspunte aangetoon word, byvoorbeeld om grafieke wat beweging kan aantoon, te skets. Algemene ewewigsmoedelle stel 'n matriks daar wat toon hoe alle sektore aan mekaar verwant is en wat die rimpel-effek deur die hele

ekonomie, wanneer een aspek verander, aantoon. Net so kan ekonometriese modelle en rekenaarprogramme die kontinuum tussen veranderlikes wat deurgaans aan mekaar verbind is en waar een gelyktydig met die ander verander, aantoon.

Die probleem is epistemologies aangesien daar beperkings op die individu se voorstellingsvermoë bestaan (*sien ook* afd. 4.8 hieronder). Die basiese werking van die ekonomie kan in breë trekke steeds volgens die klassieke en/of Keynesiaanse ekonomiese teorieë, wat aan die einde van die negentiende eeu en vroeg twintigste eeu opgestel was, verklaar en voorspel word (Le Roux, 2009 en Mankiw & Taylor, 2011:10 & 389). Sommige aspekte van die ekonomie verander voortdurend, soos byvoorbeeld die verband tussen werkloosheid en inflasie, en die ekonomie neem aanhoudend toe in kompleksiteit; maar die wyse wat vraag en aanbod reageer op prysveranderinge bly dieselfde. Wanneer die ekonomie se komplekse dinamiese werking verklaar moet word, ontbreek eenvoudige voorstellings egter en moet daar na uiters gevorderde moduleringstegnieke oorgegaan word, wat min ekonome kan voorspel en wat ook nie in alle gevalle betroubaar is nie. Daarom dat Ekonomiese kursusse begin by vraag en aanbod en op die voordele van handel wys deur na die voorbeeld van twee markdeelnemers te wys wat hul surplusse verruil en dan daarna albei beter daarvan af is. Die teorie word dan hiervandaan kompleks gemaak; geld, die regering, rentekoerse, aandeelhouding, loonkoerse en dies meer kom by. In sy kritiek wys Venter (2001) daarop dat in 'n moderne wêreld beswaarlik aanvaar kan word dat dit nog moontlik is om met sulke antieke teorieë die hedendaagse komplekse ekonomie voor te stel. Die basiese grondslae rakende die werking van die mark werk gevolglik steeds, maar dit het baie meer kompleks geword.

Sommige kritici reken dat die normale vraag-en-antwoordmodel wat ewewig te weeg bring, nie ontologies 'n baie goeie voorstelling van die werklikheid is nie. Venter (2002a:294) wys daarop dat vraag en aanbod nie altyd markewewig teweegbring nie, veral waar daar asimmetrie van inligting bestaan. Venter bestempel die idee van 'n selfregulerende markmeganisme bloot as 'n geloofsoortuiging omdat algemene ewewig nie altyd bewys kan word nie.

Vanuit die perspektief van die reformatoriese filosofie kan egter daarop gewys word dat selfs hierdie vereenvoudigde voorbeeld aantoon dat die individu in al sy modaliteite, ekonomies handel, want magsverhoudings dui op die historiese modaliteit, en vertrouensverhoudings op die etiese.

Die situasie waar twee markdeelnemers ooreenkom om met mekaar handel te dryf, word egter as die punt van ewewig beskou en alle ander aspekte word volgens die “*ceteris paribus*” beginsel geïgnoreer. Hierdie beginsel en die vraag-en-aanbod meganisme word vervolgens van naderby ondersoek.

3.7 Vraag-en-Aanbod

Volgens die ewewigsteoretici, soos byvoorbeeld Marshall (1892:194) en Mankiw en Taylor (2011:74), word ewewig bereik wanneer daar eenstemmigheid is tussen kopers of die mark (vraag) en diegene wat die goedere en dienste te koop aanbied (aanbod). Wanneer die ewewig in 'n vryemark versteur word, sal markkragte die mark outomaties na ewewig terugneem. Sou vraag toeneem, sal pryse styg om die situasie te benut, terwyl 'n styging in die aanbod die pryse van die verwante produkte sal laat daal, ten einde dit verkoop te kry.

Daar is reeds hierbo gewys op Leibniz se besinning oor die wyse wat onafhanklike eenhede 'n geordende sisteem vorm, en hoe hierdie produk meer as die som van sy dele kan wees (*sien* par. 2.5 hierbo). Thurow (1983:xvii) betwyfel egter die geldigheid van die standaard vraag-en-aanbodmodel, wat hy ook die prys-vendusie ewewigmodel noem. Die geloof wat talle ekonome in die model het, vergelyk Thurow met die idee dat die wêreld plat is, of dat die son en planete om die aarde wentel. Daar kan wel 'n deeglike saak op papier daarvoor uitgemaak word, maar bewyse is moeilik om te vind. Word daar egter voortgegaan en hierdie opvatting as 'n feit benut, kan dit rampspoedige gevolge inhou. Daar kan ook aangevoer word dat dit nie strook met die gebeure in moderne markte en aandeelmarkte nie.

In die inleiding van hierdie skripsie is reeds gesuggereer dat een van die beweegredes vir hierdie studie juis is dat daar 'n vermoede bestaan dat baie van die probleme wat in die ekonomiese werklikheid ontstaan, soos likwidasies, korrupsie, armoede en uitbuiting, juis in die blindelinge aanvaarding van die volmaakte werking van die vraag-en-aanbodmeganisme geleë is, en dat dit waarskynlik aanleiding gee tot diskrepancies wat dikwels in die ekonomiese praktyk bestaan.

Volgens die klassieke ekonomie is markewewig die punt waar die hoeveelheid goedere waaraan daar 'n behoefte bestaan, presies gelyk is aan die hoeveelheid wat in die mark aangebied word, deur hulle wat poog om aan daardie behoefte te voorsien (Smith, 1776:119). Dit waarborg markverrekening, wat beteken dat teen die ewewigprys alles wat in die mark aangebied word, verkoop word (*sien* afd. 3.3.4 hierbo). Thurow (1983:4) wys egter daarop dat veral op die makro-ekonomiese gebied, markte nie altyd opruim nie en ewewig nie bestaan nie. Keynes het reeds in die depressiejare, vroeg in die twintigste eeu, daarop gewys dat markte nie opruim nie. Veral lone is afwaarts stram en egalig na onder wanneer die vraag daarna daal nie; inflasie is 'n teken van volgehoue vraagdruk wanneer aanbod nie betyds kan voorsien nie en werkloosheid is 'n langtermynverskynsel, om maar net enkele voorbeelde te noem. Ander beskou dit egter as situasiespesifieke probleme, wat weens strukturele probleme bestaan en mettertyd opgelos sal word.

Die Ekonomie maak gebruik van die "*ceteris paribus*"-beginsel, wat impliseer dat alle ander faktore konstant bly en slegs hoeveelhede na gelang van die prys as onafhanklike veranderlike kan verander. Dit is egter wel onrealisties omdat alle ander dinge nie in tyd gevries kan word, terwyl net prys en hoeveelhede verander nie – maar dit is 'n goeie analitiese stuk gereedskap. Om pragmatiese redes word dit behou.

Die "*ceteris paribus*"-beginsel is oorgeneem vanaf die natuurwetenskaplike model (*sien* afd. 4.6 hieronder), waar die empiriste die klem op die eksperiment geplaas het. Daar moet in die oog gehou word dat eksperimente 'n kunsmatige geslote sisteem is,

waarbinne alle bekende, invloedryke veranderlikes onder beheer geplaas word, en één individuele veranderlike alleen onafhanklik gelaat word en sy invloed op die ander afhanklike veranderlikes gemeet word. In Ekonomie kan dit egter slegs 'n denksperiment wees, omdat die individu binne die stelsel self verkeer en dus nie die veranderlikes kan beheer nie (*sien* Von Hayek, 1952). Met *ceteris paribus* word daar weereens 'n epistemologiese kwessie aangeraak, waarvolgens bepaal moet word hoe die ekonomie geken kan word en wat nie daarvan te wete kan kom nie.

Die "*ceteris paribus*"-reël is juis nodig omdat die ekonoom nie buite die ekonomie kan tree en seker kan wees hoe die ander veranderlikes beweeg nie. Die probleem lê in die moderne filosofie – waar die uitgangspunt sedert Descartes was dat die mensdom in beheer van die natuur kan wees. Wetenskaplikes maak reëls wat veranderlikes uitskakel en dit dus laat lyk dit of die deeltjie van die natuur wat binne die studieveld val, behoorlik beheerbaar is. Von Hayek (1952) wys daarop dat die natuurwetenskaplike nie deel van die objek is nie, terwyl die sosiaalwetenskaplike self deel van die objek is wat bestudeer word.

Thurow (1983:220) wys daarop dat die vraag-en-aanbodmodel nie ruimte vir ander faktore laat nie. So byvoorbeeld kan die model nie die effek van mag, veral ekonomiese mag, hanteer nie. (Dit is op die terrein van die Bedryfsosiologie.) So byvoorbeeld sal daar volgens ekonomiese aannames slegs kapitaal vir toekomstige gebruik geakkumuleer word. Persone spaar net om die voordele van uitgestelde verbruik in die toekoms te kan geniet. Dit impliseer ook dat *Homo Economicus* op sy sterfbed geen geld meer sou oor hê nie, omdat hy volmaakte kennis sou besit en sou weet wanneer hy sou sterf en dus sy middele sodanig optimaal benut, dat hy geen geld na sy dood sal nalaat nie. Dit is omdat daar nie volmaakte kennis bestaan nie dat versekering en finansiële instrumente soos effektetrust uitgeneem word. Die doel daarmee is om lewenslange verbruik en produksie te kan koördineer en risiko te vermy. As aangeneem word dat spaar uitgestelde verbruik is, sal verbruik na 'n persoon se dood onmoontlik wees en niemand sou geld spaar as hy more nie meer sou lewe nie. In werklikheid spaar persone hulle lewe lank, veral in ryk lande soos Amerika en Japan, waar persone

wel meer kennis besit as in armer lande. Die totale gemeenskap spaar en akkumuleer aanhoudend 'n al groter kapitaalvoorraad, wat nie die geval sou wees indien lewenslange verbruik met lewenslange inkome moes uitbalanseer het nie. Die individualisme van die markteorie verreken meestal nie die gemeenskapslewe nie.

Individue spaar ook om vir hul kinders en lewensmaats 'n geriefliker lewe te verseker, selfs na hul dood. Dit oortree egter die marginale reël, omdat die individu dan nie die addisionele voordeel ontvang vir die addisionele uitgawes wat aangegaan is nie. 'n Rationele nutsmaksimeerder beskou dit as sinneloos om geld van iemand met 'n hoër 'n marginale nut vir inkome weg te neem en aan iemand met 'n laer marginale nut vir inkome, soos sy kinders, te gee. Thurow (1983:222) reken egter dat individue aanhou spaar, omdat hulle beskikkingsmag op hierdie wyse akkumuleer. Dit is ook die rede waarom daar nie meer voordele uit geskenkbelasting nagestreef word nie, terwyl dit wel laer as boedelbelasting is. Persone gee nie hul rykdom aan hul kinders voor hul dood nie, want sodoende word daar verseker dat hulle die mag behou. Individue wil welvaart bekom om baie meer redes as net die oorwegings van toekomstige verbruik. Alternatiewe motiverings vir menslike gedrag toon weereens aan dat maksimum nut en wins nie die enigste faktore is wat in die ekonomie van belang is nie, maar die marginale beginsels en die vraag-en-antwoord-model kan dit nie hanteer nie.

Die kwessie van teoreties-gefundeerde beheermaatreëls en die gang van ekonomiese norme, ongeag die teorie, is ook van belang. So mag die owerheid byvoorbeeld besluit om op te tree, bloot op grond van teoreties-voorgeskrewe faktore, en dit mag selfs positiewe uitkomst lewer. Mankiw en Taylor (2011:5) se vierde ekonomiese beginsel hierbo dit stel dat daar in ruil altyd afkooptoestande bestaan en om iets te verkry, moet daar altyd iets anders daarvoor prysgegee word. Die beginsel van gelykheid tydens transaksies veronderstel dit ook. Indien rentekoerse byvoorbeeld verhoog word, is daar minder geld beskikbaar om voedsel te koop en dan daal die koers waarteen inflasie¹¹ styg weens die laer markvraag. Binne die Pragmatisme as filosofie, "werk" 'n idee indien

¹¹ Daar moet egter op gelet word dat die verklarings vir inflasie wat hier, en elders in hiërdie studie gegee word, slegs een paradigma is. Daar bestaan ook ander sienings en verklarings oor die oorsake, werking en beheer van inflasie.

die persoon wat die idee koester, sy doelstellings bereik. Volgens Venter (2002a:296) hoort Friedman¹², leier van die Monetarisme, by die Pragmatisme. Gevolglik kan aangevoer word dat Monetarisme as teorie “werk” indien die monetêre owerheid hul doel bereik. Die probleem is hoe om doelstellings te meet. Indien daar met menslike maatstawwe na rentekoersverhogings in ’n arm land gekyk word, sou ’n ander utiliteitsbeeld na vore tree, naamlik: dit werk vir die monetêre owerheid, maar dit werk nie noodwendig vir die gewone landsburger nie.

Aannames wat deur Ekonomie aanvaar word, is oorvereenvoudigings van die werklikheid. Almal het byvoorbeeld nie volmaakte kennis in die werklike lewe nie¹³. Daar word ook aanvaar dat alles versekerbaar is, terwyl dit nie die geval is nie. Langdurige onewewig op die mark bestaan wel, en soms is die tydsloerings op pad na ’n nuwe ewewigsposisie so lank dat dit mag lyk asof dit nie bestaan nie (Thurow, 1983:232). Die ewewigsposisie tussen vraag en aanbod wat in die ekonomiese model maklik kan verskuif, is in die werklike lewe dikwels nie omkeerbaar nie (Thurow, 1983:236). Reële lone daal nie maklik nie, ’n fabrieksaanleg wat gebou is om produksie te vergroot, sal verliese ly as dit later weer produksie moet inkrimp, en daar is dikwels baie lang tydsloerings teenwoordig, soos ’n kernkragaanleg wat gebou word en eers oor tien of twintig jaar begin krag lewer. Selfs rentekoersaanpassings om inflasie te bekamp se effek begin gewoonlik eers na agtien maande ’n uitwerking op die geldvoorraad en die ekonomie te hê (Le Roux, 2009:3). Met tydsloerings word die dinamiese karakter van modelle dikwels versteur en vind daar histerese plaas. Histerese vind plaas wanneer daar, tydens ’n aanpassingsproses in een rigting, ander gebeure plaasvind wat dit weer versteur en weglei in ’n ander rigting sodat die ewewigspunt waarheen die neiging was, nie bereik word nie.

¹² Milton Friedman wen die Nobelprys vir Ekonomie in 1976.

¹³ Met die toename in tegnologiese kompleksiteit weet mense dikwels ook minder. Vroeër kon mense byvoorbeeld hul eie motors herstel het, wat dikwels nou nie meer moontlik is nie.

3.8 Samevatting

Hierdie hoofstuk het die basiese ekonomiese konsepte en aannames wat normaalweg in Ekonomie gebruik word, bekendgestel en verduidelik. Eerstens is Ekonomie gedefinieer en bespreek. Daarna is die belangrikste ekonomiese aannames bespreek en in besonder aandag gegee aan die aanname van volmaakte inligting, die rol van die entrepreneur, winsmaksimering as eerste ekonomiese aanname, ruil as menslike instink en 'n reg, en die marginale reël.

Daarna is aandag geskenk aan die standaardinstrumente wat Ekonomie as wetenskap onderlê, naamlik die vryemarkbeginsel, die vraag-en-aanbod-model en ewewig. Verskillende benaderings tot hierdie aspekte en instrumente is bespreek en kritiek daarop is ook kortliks aangerak.

Meeste ekonome en sakemanne gebruik bogenoemde aannames en instrumente daagliks en aanvaar dit sonder om behoorlik daarvoor na te dink of te besin of dit werklik sin maak en wetenskaplik-gefundeer is. Vir die outeur van hierdie skripsie maak dit besondere sin, maar daar word ook besef dat alles nie altyd pluis is in die ekonomiese wetenskap nie en dit is dan ook die rede waarom hierdie studie onderneem word, soos ook in die probleemstelling aan die begin aangedui is. In die volgende afdeling word die filosofiese gronde en herkoms van hierdie ekonomiese beginsels ondersoek en van nader ondersoek.

Vraag-en-aanbod en ekonomiese ewewig is hoekstene van die moderne ekonomie wat bereik word wanneer rasonele ekonomiese agente in die mark optree. Die aanname dat ekonomiese agente rationeel is en rationeel optree word in die volgende hoofstuk bespreek. Aandag sal geskenk word aan temas soos empirisme, pragmatisme, utilitarisme, individualisme en wiskunde. Aandag sal geskenk word aan die belangrikste temas wat Ekonomie onderlê en raakpunte in die Filosofie het, ten einde te bepaal of die grondslae van Ekonomie wel in die Westerse filosofiese denke gegrondves is en behoorlik gesubstansieer kan word.

HOOFSTUK 4

TEMAS EN KERN-DEBATTE VAN DIE MODERNE EKONOMIE

4.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk is die basiese ekonomiese aannames en beginsels verduidelik. Hierdie hoofstuk het ten doel om na die belangrikste temas, kern-debatte en paradigmas onderliggend aan die ekonomie te kyk en na te speur of daar enige grondslae daarvoor in die Filosofie bestaan. Hierdie hoofstuk is 'n toepassing van die vorige hoofstukke en wil die filosofiese paradigmaterskuiwings van enkele kern-debatte in die ekonomie probeer naspur. In hoofstuk 1 is die probleemstelling gestel dat hierdie studie wil vasstel of daar in die geskiedenis grondslae vir die hedendaagse ekonomiese beginsels bestaan, of word dit bloot *ad hoc* geneem is. Die doel van hierdie studie is dus om te bepaal of die wyse waarop markdeelnemers die ekonomie vandag vertolk en in die ekonomie optree, afgelei kan word uit die historiese Westerse denke van die verlede. Hier sal op bepaalde temas, momente en konsepte wat die moderne ekonomiese denke bepaal, gefokus word. Temas en voorbeelde wat betrekking het op die impak van die filosofiese paradigmaterskuiwings op die vernaamste kern-debatte in die ekonomie sal bespreek word.

Die vermoede bestaan by sommige denkers, insluitende die outeur van hierdie skripsie, dat die kwessie wat in die probleemstelling aangedui is, en die spanning tussen die praktiese optrede van die ekonomiese agent en die liberale burgerlike moraal wat

dikwels voorkom, waarskynlik geleë is in die basiese aannames en beginsels van Ekonomie en die filosofiese gronde waaruit dit ontstaan het.

Dit is om hierdie rede dat daar in hierdie hoofstuk na die filosofiese begronding van ekonomiese konsepte en aannames in die filosofiese geskiedenis gesoek word. Hier wil nagespeur word wat die literatuur daarvoor sê en waar hierdie aannames en beginsels vandaan kom. Daar wil in die ideëgeskiedenis gesoek en vasgestel word hoe filosowe van die verlede geredeneer het en hoe dit uiteindelik die hedendaagse denke en kultuurmilieu gevorm het waaruit die moderne ekonomie en ekonomiese denke en teorie daarvoor gevorm is.

In hierdie hoofstuk sal daar eerstens gekyk word na die idee van rasionaliteit by ekonomiese agente, wat steeds as aanname aanvaar word ten spyte van die feit dat irrasionalisme dikwels in die praktyk voorkom. Die konflikmotief en vrye mededinging kry daarna aandag, sowel as individualisme, empirisme, pragmatisme en utilitarisme as vername aspekte van die moderne ekonomie.

Sedert die moderne tyd is die neiging om akademiese ondersoeke positivistiese te benader. Alles word volgens die natuurwetenskappe bestudeer en hul metodologie is al wat as belangrik geag word. Empiriste soos John Locke het hier 'n groot bydrae gemaak en daar kan baie by hom geleer word. Dat hierdie benadering baie kennis ontgin het en tot nuwe insigte bydrae, kan nie ontken word nie. Die probleem is egter dikwels by balans. Dat die mensdom en sy bedrywighede deel is van die natuur kan nie ontken word nie, maar die individu is baie meer as 'n dier en geesteswetenskappe is baie meer gekompliseerd. Hier moet egter teen reduksionisme gewaak word. Daar sal daarom besondere aandag aan die sogenaamde natuurwetenskap van Ekonomie, die besondere rol wat Wiskunde en Ekonometrie bydra tot die generering van kennis en insig, asook die vervreemding tussen teorie en praktyk gegee word.

Ekonomiese teorie word dikwels as heilige waarheid beskou. Ekonomie streef tot effektiwiteit, hoër welvaart, laer vlakke van armoede en 'n beter samelewing vir almal.

Tog is daar in die inleiding van hierdie studie gemeld dat individue dikwels voel dat hulle deur die ekonomiese stelsel uitgebuit word. Die afgelope honderd jaar is die ekonomiese advies van talle ekonomiese skole gevolg, dikwels selfs teenstrydige skole in verskillende dele van die wêreld, soos Reaganomics in Amerika en sosiale demokrasie deur Mitterand in Frankryk, en meestal was die uitkomst rampspoedig (Thurow, 1983:8 en Farmer, 2010:28). Die wêreldwye ekonomiese krisis van 2008 is maar een voorbeeld hiervan. Dit plaas die geldigheid van ekonomiese teorieë onder verdenking. Dit is dan ook die kern-debat en motivering van hierdie skripsie. Die vraag is of die probleem in die teorie, of by die ekonomiese agente se interpretasie daarvan geleë is, of is dit in die miskenning of ontkenning van die eeue-oue waarhede in die Westerse filosofiese denke geleë?

Dat daar teenstrydighede in ekonomiese teorie en die spanning tussen die praktiese optrede van die ekonomiese agente en die liberale burgerlike moraal skyn te wees, is betreurenswaardig. Ekonomie word juis bestudeer met die doel om van die wêreld 'n beter plek te maak. Dit moet sorg dat hulpbronne optimaal geallokeer word, pryse so laag as moontlik is, kwaliteit so hoog as moontlik is en dat daar in almal se behoeftes voorsien sal word. Die ekonomie het gevolglik ten doel om almal te bevoordeel. Indien persone voel dat hulle uitgebuit word, is daar iets fout en indien dit werklik gebeur, is dit 'n misdad. Daar is soveel armoede en ontbering in die wêreld dat die stelsel eenvoudig nie misbruik mag word nie, en indien daar gebreke in die stelsel is, behoort dit aangespreek en verander te word.

Uiteindelik lei hierdie studie tot 'n besinning oor die morele uitgangspunte wat uit die bestudering van bogenoemde problematiek afgelei kan word (Sien die sekondêre doelstellings en die bespreking daarvan in par. 1.3). Daar word gekyk of daar uit die voorveronderstellings van markdeelnemers en die aannames en beginsels van ekonomiese teoretici, morele konsepte afgelei kan word en of dit moontlik tot 'n oplossing van die probleemstelling wat gestel is, kan bydra. Laastens sal daar weer teruggekeer word na die aannames van volmaakte kennis en onsekerheid en uiteindelik weer herbesin word oor die meriete van die marginale beginsel wat die kern-aanname

van die klassieke ekonomie vorm. Eerstens volg 'n bespreking van die aanname dat ekonomiese agente rasioneel is en rasioneel optree.

4.2 Ekonomiese Agente as Rationele Wesens

Die klassieke ekonomie neem aan dat die gemiddelde ekonomiese agent altyd rasioneel optree. Hume (volgens Smith, 2008:21) het beweer dat konsekwente rasioneel-logiese beginsels op alle handeling en alles wat bestaan toegepas kan word (Smith, 2008:21). Persone tree normaalweg rasioneel op en dit voorsien die moontlikheid dat Ekonomie 'n wetenskap kan wees. Daar is konsekwentheid en logika in die optrede van die gemiddelde individu te vinde. Dit stel die mensdom in staat om ook deur middel van die rede nuwe waarhede te ontdek en nuwe kennis te skep. In afdeling 2.5 hierbo is gemeld dat Leibniz en Locke beweer het dat rasionele optrede en insig tot ware geluk sal lei.

Om rasionalisering te verstaan, is dit nodig om te begryp wat met “rasioneel” of “redelik” bedoel word. Vanaf die Antieke tye, deur die Grieke en vroeë Christelike Kerkvaders, tot aan die einde van die Middeleeue, is minstens in die Weste 'n “intellek” gegrond op intuitiewe beginsel-insig aanvaar, asook die “rede” wat 'n streng logiese beredenering veronderstel. Hierdie streng logiese beredenering is dan gebruik om die mensdom van diere en plante te onderskei. Diere leef emosioneel-instinktief, terwyl plante slegs vegeteer en voortplant (Van Huyssteen, 2006:163, sien afdeling 2.3 hierbo). In afdeling 2.5 hierbo is aangetoon dat Hobbes reken dat die individu net vir mag, eer en rykdom leef, en in 2.6 is daarop gewys dat Darwin aanvaar dat kompeterende optrede as sodanig “rasioneel” is. Die “goeie” waarna gestrewe word, is slegs populêre genot, wat mag, glorie, rykdom en die vermyding van pyn insluit. Dit beteken dat “rasionaliteit” se betekenis verskuif het van 'n logiese soektog na die Goeie wat bo die mensdom verhewe is, na 'n kompeterende strewe na menslike (amper dierlike) natuurwetmatige genieting.

Om te “rasionaliseer” en gedrag as “rasioneel” te verklaar, beteken reeds om nié vanuit natuurwetmatige reëlmatige prosesse te werk nie, maar dit het juis te make met beginsels van die “normatiewe” en nie net die “natuurwetmatige” nie. Die term “rasioneel” is dus nie neutraal nie: dit verwys na norme vir menslike optrede waarvan afgewyk kan word. “Rasionaliteit” verwys na normatiewe optrede ongeag enige betekenisverskuiwings – optrede wat van ’n normale persoon verwag kan word. In ekonomiese teorie, en in die praktyke waar markdeelnemers probeer om daarop te bou, is die betekenis vereng tot optrede wat ekonomies sin maak, al bots dit ook met optredes wat onderworpe is aan ander norme, soos etiese en juridiese norme. Die probleem is dat “rasionaliteit” in sy verskillende ontwikkelingsfases wel (al was dit gereduseerd) hierdie ander norme ook ingesluit het – en dus het dit ’n innerlik teenstrydige konsepsie geword.

Venter (1983:2) onderskei sewe verskillende betekenisnuanses van “rasionaliteit” soos volg, min of meer in die volgorde van hul verskyning:

- (1) *Transendentale rasionaliteit*: Die logiese ontsluiting van relatiewe goedheid wat persone lei na die Hoogste of die Ideaal Goeie – ’n logiese proses wat persone na die grense van denkbareheid voer (alhoewel individuele denkers verskil het oor waar die grense van die denke geleë is).
- (2) *Middeweg rasionaliteit*: Nie-ekstremistiese (gematigde) gedrag volgens die logika van die middeweg tussen twee uiterstes (bv. Aristoteles en Hume). “Rasionaliteit” hang hier af van hoe individue die ekstreme kies.
- (3) *A priori-deduktiewe rasionaliteit* (Konstruktivistiese rasionalisme): Goedbegronde, aangebore, *algemene* aanvoeling, wat ’n *deduktiewe* pad volg, analoog aan die wiskunde, met die doel om waarheid te vind, wat die algemene welsyn bevorder, deur streng wetenskaplike insig in morele wette te skep, en deur die bemeestering van die (“meganiese”) natuur deur tegno-wetenskaplike vakmanskap, gebaseer op streng afgeleide wetenskaplike wette (Descartes). Om die individu se optrede hierby te kon inpas, en berekenbaar te maak, is die mensdom geleidelik gestereotipeer tot ’n standaardmasjien wat op ’n voorspelbare wyse op sy situasie reageer. Die “rasionele” persoon in ’n groep

kies dus meganies. Volgens die ekonome Malthus en Ricardo tree persone as arbeiders altyd op 'n bepaalde wyse op; so ook die grondbaron en die kapitalis (entrepreneur). Marx maak individue ook deel van 'n bepaalde klas, terwyl die filosoof Bentham en die ekonoom Edgeworth mense as 'n plesierjagende oorlogmaker voorstel.

- (4) *Otonome rasionaliteit*: Logiese outonomie, wat ontspruit uit die “natuur”, en homself tog “bo” die “natuur” vestig, en kriteria en wette vir homself en vir die heelal opstel (soos bv. by die Kantiaanse en Hegeliaanse Rasionalisme).
- (5) *Konsekweniële rasionaliteit*: Op die gebied van reg en moraal, word dikwels na die “redelike persoon” verwys, wat op 'n bepaalde wyse sal optree. Die aanname is dat 'n “normale” persoon sal, en behoort, te dink oor die *gevolge* voordat hy/sy iets doen, en daarom toekenningsvatbaar is.
- (6) *Kompeterende rasionaliteit*: Voordeel-bringende gedrag, wat konformeer met die reëls van minimalisering van inset om maksimale voordeel te verkry in terme van die logika van rekenkundige boekhouding (volgens die Kapitalisme sedert die Renaissance). Terme soos “rasionalisasie” van 'n instelling is gegrond in hierdie betekenis, en wanneer dit gekombineer word met (3) hierbo, vorm daar 'n tendens tot meganiese outomatisering van mense in instellings.
- (7) *Rollend-kritiese rasionaliteit*: 'n Logies-kritiese houding met betrekking tot elke gevestigde idee, waarvolgens die rede homself aan die gang hou in 'n kontinue kritiese oorskryding van die aanvaarde en/of gevestigde, en werk in die rigting van die vreemde, en selfs (misties) na die Ene of die Goeie (bv. Karl Jaspers). Hierdie visie het iets met die Middeleeuse en Antieke betekenis in gemeen, maar 'n skuif word na die twintigste-eeuse Irrasionalisme gemaak, in dié sin dat hier nie meer vaste beginsels aan die werk is nie.
- (8) *Doel-rasionaliteit*: Handeling wat konformeer met doelbepaalde reëls vir effektiwiteit – laasgenoemde in die wydste sin, om selfs magiese rituele in te sluit (soos bv. by Jarvie, Agassi en die Neopragmatisme).

Die betekenis kan nie waterdig van mekaar onderskei word nie, omdat hulle formeel almal verwys na logiese nadenke. Van konteks tot konteks verskil die gebruike van die

term “logies” ook – die logika in (6) is ietwat anders as dié in (3). In die Moderne Rasionalisme het “rasionaliteit” altyd na vreedzaamheid, vryheid, en die goeie morele bly verwys, hoe dit ook al in vergelyking met die Middeleeuse vertolking ingekort is. Die Moderne Rasionalisme het die Middeleeuse formaat van transendentale rasionaliteit (1) onthoof – in plaas van God het die redelike menslike elite self die Hoogste Goeie geword, wat die persone tot redelikheid moes opvoed. ’n Doelbepaaldheid is ook in die natuur geplaas wat almal na outonome rasionaliteit sou lei (4), waarvan die logika beide kompetierend (6) en *a priori*-deduktief (3) is. Omdat geglo is dat die natuur meganies verloop, is dit as maklik beskou om die natuurwette wat in die mark aanwesig is, ook rasioneel op te spoor – alles kon bereken en afgelei word. Met die koms van die irrasionalisme het rasionaliteit nie heeltemal verdwyn nie – dit is net onderwerp aan irrasionele faktore. In die Pragmatisme het doel-rasionaliteit (8) gelei deur empiriese of praktiese doelwitte, sonder beginsels, die dominerende betekenis geword.

Binne die Rasionalistiese Kapitalistiese denke is redelikheid altyd gesien as ’n soort weegskaal of balans (naastenby (2) hierbo), omdat die Rekeningkunde met balansstate werk. Dit kon gemaklik met die deduktivistiese formaat (3) hierbo gekombineer word, omdat balansstate verholde algebraïese vergelykings is. Konsekwensiële rasionaliteit het nie ’n groot rol in ekonomiese denke gespeel nie, want dit aanvaar mededinging as ’n noodsaaklike natuurlike, *instinktiewe* aspek wat vooruitgang dien – die natuur sou sy doel bereik ongeag wat individue doen. Die ekonomiese proses het dus geen vryheid ingehou nie – die markwette werk soos fisiese wette – maar sou wél dien tot vryheid. Dit werk só: Die aggremaat van vrye individuele keuses (kontrakte tussen individue) werk soos die swaartekrag-wet. Dit is dus as irrasioneel beskou om met die mark in te meng – net soos dit sinneloos sou wees om swaartekragwet te probeer verander. Die beskrywing lyk egter soos by die begin van groepsvorming: al die eerste keuses is sekerlik vry, maar wanneer die masjien eenmaal deur hierdie keuses aan die werk is, dan kan die volgende keuses sekerlik nie heeltemal vry wees nie, omdat die wette van die meganiese proses dan die individu onder dwang plaas. Dit dwing die hele Moderne Rasionalistiese geskiedenisfilosofie om natuurwetmatig deterministies te wees.

Dit was alreeds sigbaar by die Fisiokratiese ekonoom Turgot, wat redeneer dat die individu se verwerking van die natuur (sy materiële kultuur, soos die landbou) sy intellektuele kultuur bepaal (Venter, 2002a:291). Hiermee gee Turgot geboorte aan die onderbou-bobou-skema wat veral by Marx bekend geword het, maar wat ook implisiet by Adam Smith voorkom. Kant doen dieselfde – byna in Turgot se eie woorde beweer Kant dat die individu, soos 'n planeet in sy baan, sy lewensloop in die geskiedenis soos 'n hondjie aan *die leiband van die natuur deurbring* (Vgl. Venter, 2002b).

In die ontwikkeling van Hobbes tot Darwin en die Sosiaal-Darwinisme, het mededinging en eie-belang die status van “rasionaliteit” verwerf, en kry dit betekenis (6). Wat vroeër as “irrasioneel”, “natuurlik” en as 'n “noodsaaklike *euwel*” beskou is, en teenoor vrede, vryheid en moraliteit gestaan het, is sedertdien as “rasioneel” beskou. Besonderlik is die individuele doeleindes – as kompeterende doeleindes en doelwitte – nou deur die Pragmatisme verabsoluteer. Neo-Liberale Kapitalisme het hierby aangesluit en dus die doelwitte wat individuele eie-belang bevoordeel, as die belangrikste begin sien. Doel-rasionaliteit, kompeterende rasionaliteit, en deduktiewe berekening het hier saamgesmelt.

Indien nodig sal meeste individue bereid wees om hul lewens op te offer om hul land te beskerm. Sodanige gedrag sal egter irrasioneel beskou word deur *Homo Economicus*, omdat dit nie wins of nutsmaksimerend is nie (Thurow, 1983:224). Ekonomiese selfbelang is 'n baie sterk motief, maar dit is nie al motief wat menslike gedrag bepaal nie. Ander voorbeelde wat ook ekonomiese gedrag beïnvloed, is veral menswaardigheid, eiewaarde, mag, plig, altruïsme, regverdigheid, gelykheid, vertroue en sekuriteit (Thurow, 1983:224).

Daar is reeds vooraf daarop gewys dat in die moderne Ekonomie en sakewêreld aanvaar word dat daar 'n direkte verband tussen rasionaliteit en marginaliteit bestaan. Indien markdeelnemers nie marginaal optree nie, word dit as markgebreke beskou, want dan word die teoretiese reëls van die teorie oortree en die werking van die vryemark versteur (Meier & Raunch, 2005:499 en Todaro & Smith, 2011:683). Eintlik moes

dit dan bloot as irrasionele optrede van die individuele ekonomiese agent beskou word, maar omdat die aanname implisiet veronderstel dat die mark individue dwing om rasioneel op te tree, is optredes wat nie daarmee versoenbaar is nie, bloot markgebreke. Die beskouing is dat die mark natuurwetmatig verloop. Tree markdeelnemers in stryd daarmee op, word daar aanvaar dat die staat en die ander samelewingsverbande niks daaraan hoef te doen nie – die mark sal vanself weer tot rasionele optrede lei. Dit impliseer dat persone al hoe meer rasioneel sal optree. Die liberalisering in China het egter byvoorbeeld tot die dood van honde en kleuters gelei. Uit 'n maksimeringsoogpunt is dit rasioneel, maar uit die oogpunt van die moderne burgerlike moraal is dit juis nie eties nie.

Alhoewel dit nie substansieer word nie, beweer Thurow (1983:216) dat die konsep van 'n ekonomiese agent as rasionele nutsmaksimeerder lankal reeds deur spesialiste wat menslike gedrag bestudeer, soos byvoorbeeld sielkundiges en sosioloë, verwerp is. Ekonomie aanvaar dit egter steeds. Aksies wat nie maksimerend is nie, is irrasioneel. Die teendeel is egter dat dit ekonomie wel help om ekonomiese aktiwiteite te verklaar en akkuraat te voorspel¹⁴. Thurow (1983:217) wys daarop dat die individu 'n sosiale “dier” is en ook deur baie ander faktore gemotiveer word. Selfbelang, nut en inkome is nie die enigste of belangrikste faktore wat menslike aksies en optrede motiveer nie. Ekonomie omseil egter ander faktore deur dit by die konsepte van koste en inkome, insluitende psigiese koste en voordele, in te sluit, of om die *ceteris paribus*-beginsel te gebruik. Ekonomie is gewoonlik uiters pragmaties ingestel en indien hierdie benadering nie die nodige resultate en verklarings meebring nie, sou hulle lank reeds rasionele wins- en/of nutsmaksimerende gedrag verwerp het. Die ander faktore wat in die ekonomiese wêreld 'n rol speel, is ook belangrik, maar nie noodsaaklik om die gedrag van ekonomiese veranderlikes te verklaar of te voorspel nie, en lê in die terrein van die Bedryfsosiologie en nie Ekonomie nie.

¹⁴ Oor die akkuraatheid van ekonomiese voorspellings kan natuurlik ook 'n debat op sy eie gevoer word (sien afd. 4.7 hieronder).

Daar kan ook aangevoer word dat ekonome in geformaliseerde stelsels dink, en talle ekonomiese agente en faktore daarbuite geleë is. Bepaalde kernveranderlikes in die formele stelsel word deur ekonome dopgehou en voorspellings volg daarop. Die spelreëls (aannames en beginsels) geld dan dáár, alhoewel dit nie 'n volmaakte weergawe van die werklikheid is nie. Dit sou impliseer dat hier dus ontologies gefouteer word.

Om in die mark te oorleef, moet markdeelnemers en ondernemings winste kan maksimeer en kostes beperk. Doen hul dit nie, sal die mededingers beter oorleef en hulle die bedryf moet verlaat; of ingeval van individue, die lewe moet verlaat. Indien individue nie ten minste hul basiese behoeftes kan vervul nie, sal hulle onder die armoedelyn leef en uiteindelik nie oorleef nie. Dit is hieroor dat die ewolusionêre Ekonomie, of ekonomiese Darwinisme, begin veld wen. (*Sien* ook die konflikmotief in afd. 3.3 hierbo asook die volgende afdeling.) Ondernemings en individue oorleef vandag net ekonomies indien hulle beter maksimeerders as ander is. “Oorlewing van die sterkste” maak maksimering steeds 'n redelike postulaat¹⁵ (Thurow, 1983:218). Ondernemings wat egter die ekonomie vrywillig betree, kan dit ook nie negatief beïnvloed nie, want oneffektiewe instellings word uit die bedryf gedruk deur meer effektiewe instellings. Die konflikmotief en mededinging word in die volgende afdeling ondersoek.

4.3 Die Konflikmotief en Vrye Mededinging

Die idee dat konflik vir die mensdom tot voordeel is, was reeds gedurende die Renaissance bekend. (*Sien* Hobbes in afd. 2.5, Machiavelli en Darwin in afd. 2.6 en Freud in par 2.7 in hoofstuk 2 hierbo.) In die moderne lewe vorm konflik juis deel van die lewenskodes waarvolgens die burgerlike samelewing veronderstel is om te

¹⁵ Die veronderstelling is dat ondernemings wat dit nie in die mark maak nie, oneffektief is. Die prototipes van “survival of the fittest” was nie Darwin nie, maar Hobbes en Mandeville. Dikwels is onetiese optrede wat kleiner markdeelnemers uit die mark uit druk, of mense uitbuit, bloot krimineel, en dit is waar Smith (1776:268) 'n belangrike rol vir die owerheid gesien het. Dit wil egter in vandag se samelewing voorkom asof misdad 'n besonder effektiewe bedryf is en van die effektiwste ondernemings misdaadsindikate is. Mens moet egter waak daarteen om ongestaaf te veralgemeen en die uitsondering as die reël te beskou.

funksioneer. Mededinging verleen aan die hedendaagse ekonomie sy volmaakte deugde, maar dit mag ook die oorsaak van talle diskrepancies wat in die praktyk mag ontstaan, wees. Hierdie veronderstellings is egter nie suiwer ekonomies van aard nie: Dit is gebou op die wysgerigte tradisie van die Moderne Tyd – Humanistiese Rasionalisme en Humanistiese Irrasionalisme in konflik met naturalisme: hulle maak gelyktydig van die mensdom 'n natuurbeheersende godheid en 'n natuurlike wolf wat in ekonomiese terminologie oorvertaal is.

Wysgerig het die ekonomiese beginsels hul oorsprong in die Moderne Denke, waar wetenskap oor die algemeen sterk onder die invloed van die natuurwetenskaplike model staan. Dit gaan gepaard met 'n neiging tot die meganiese verklarings en 'n deterministiese siening van die verloop van die geskiedenis. Uiteindelik is alle wetenskap gereduseer tot wetenskap van onveranderbare “natuurwette”. Om van Ekonomie 'n “wetenskap” te kon maak, is daar dus van die begin af aanvaar dat die natuur mense se selfversorging aandryf, en dat dit plaasvind volgens wette soortgelyk aan dié van die fisika. Hierdie siening van die geestewetenskappe maak veral van konflik en mededinging as meganiese dryfkrag van die geskiedenis gebruik, en so het 'n sterk stroom in die geesteswetenskappe ontstaan wat die totale geestesarbeid in terme van die oorsake en gevolge van mededinging probeer verklaar het. Andersyds is daar 'n voortdurende strewe na 'n ideale situasie van vryheid, vrede, veiligheid, kulturele en morele groei, vryetyd en ontspanning – in kort: 'n situasie van humaniteit en rasionalisme.

Hoewel daar van ekonomiese beginsels gepraat word, is dit van die begin af so geskrywe dat dit die hele filosofiese konteks in ag neem. In die terme soos “volmaak” en “mededinging” is hele wysgerigte agtergronde by die agterdeur ingelaat en in die basiese omskrywings verskuil. Van Hobbes is oorgeërf die gedagte dat konflik individue meganies dwing om tot 'n burgerlike samelewing toe te tree, en van Leibniz die gedagte dat die natuur 'n doel het – naamlik harmonie. Hiervan het Adam Smith 'n markbeskouing, 'n prysteorie en 'n samelewingsbeskouing gemaak, terwyl Kant 'n geskiedenisbeskouing daaruit ontwikkel het. In terme van hierdie beskouings sou die

geskiedenis noodwendig, onder druk van die natuur, wat van die mensdom konflikswesens gemaak het, op die ideale toestand uitloop. (Kant, 1975:44). Kant stel dit duidelik dat, vir volmaaktheid, daar altyd mededinging nodig sal wees – maar dan binne 'n burgerlike moraal en 'n regsorde wat 'n vreedsame toestand verseker. Al hierdie wysgerigte aanvaardings is dus van die begin af in die klassieke kapitalistiese ekonomiese denke, beide populêr en akademies, ingesluit.

Politiese rewolusies sedert 1848 in Europa het die gees van verligting voortgesit en 'n gees van liberale denke ingelui (Modell, 1974:378, sien afd. 2.6 hierbo). Malthus het beweer dat die hoeveelheid hulpbronne wat beskikbaar is in die toekoms onvoldoende gaan wees en konflik 'n belangrike faktor is ten einde bevolkingsgetalle te beperk, sodat persone bo die armoedevlakke sal kan uitstyg. Malthus het tegnologiese moontlikhede, soos plantkundige veredeling, meganiese ontwerp, kunsmis en plastiek, onderskat. Charles Darwin het Malthus se bevolkingsteorie oorgeneem (Malthus, 1798:265). Denkers het gepoog om hul idees by mekaar aan te pas, geskoei op die idee van ewolusie¹⁶. Binne die grense van die aannames van die teorie is dit dan ook logies dat die idee van ewolusionêre ontwikkeling en oorlewing van die sterkste ook na die ekonomie sou oorspoel.

Ekonomie maak die aanname dat markdeelnemers in die eerste plek besluite neem om hulself te bevoordeel (*sien* Koutsoyiannis, en Mankiw en Taylor se aannames in afd. 3.3 hierbo). Adam Smith het aangetoon dat eie belang markdeelnemers se gedrag ten goede bepaal (*Sien* afd. 2.6). Die idee van eie belang kom in die praktyk daarop neer dat hebsug en gierigheid ten goede meewerk vir almal, en dit het al deel van die Amerikaanse styl van kapitalisme geword. Hierdie hebsug en gierigheid, gebaseer op eie belang, is al grootliks deel van die Westerse kultuur en geloof. Hoe meer die individu daarna strewe om eie belange te bevorder, veral geld en rykdom, hoe meer word die belange van die gemeenskap as geheel, volgens die Klassieke ekonomiese

¹⁶ Karl Marx het ook dié idee van ewolusie in sy teorieë benut, maar tog daarmee gespot. Marx het daarop gewys dat Darwin die Britse ekonomie net so op die "natuur" oorgedra het. Later het sy vriend Engels 'n ander pad aangedui in 'n artikel getiteld "The role of labour in the development from ape to man".

aannames bevorder. Hierdie 'wen ten alle tye strategie' wen veld omdat dit skyn om op die wette van die natuur gegrond te wees. Kompromieë, samewerking en welwillendheid is dan slegs vir verloorders en swakkelinge. Cole (1998:115) beweer dat 'n gebrek aan selfsugtigheid in 'n kapitalistiese samelewing as ekonomiese hoogsverraad beskou word.

Die wese van die moderne Ekonomie as vakgebied kan ook nie anders as om in die konflikmotief en mededingingsidee gesetel te wees nie. Wanneer markdeelnemers dit wat hulle besit ten beste probeer aanwend, om die meeste daaruit te verkry, is hulle noodwendig ook in mededinging met ander wat dieselfde nastrewe. Dit dwing individue om hulpbronne effektief te benut en die beste produk aan te bied, wat beter as 'n ander persoon s'n is. Dit verbeter die produkte en verlaag pryse en bevoordeel sodoende almal in die gemeenskap, juis omdat markdeelnemers in mededinging met ander staan. Dit is 'n mededinging met ander mede-markdeelnemers, maar ook met die hulpbronne wat ten beste tot uitset verwerk moet word. Dit is 'n stryd om oorlewing en ook 'n konflik met ander, wat mede-producente en die verbruikers insluit.

Die ewolusionêre idee dat konflik en mededinging tot almal se voordeel is, word deur baie as waarheid beskou, selfs onder Christene. Wanneer verskaffers meeding om die klandisie van verbruikers, word die aanbod al beter en kry die verbruiker die beste waarde. In navolging van die "goue reël" van naasteliefde, is daar dan geen beter wyse as mededinging om vir die medemens die hoogste kwaliteit teen die laagste prys te voorsien nie. Dit verhoog almal se welvaart en verlos minderbevoorregtes uit armoede.

Vrye mededinging en konkurrensie word gevolglik in Ekonomie as onontbeerlik en as basiese uitgangspunt gesien (*sien* par. 3.5 hierbo). Dit verhoog welvaart, verbeter inkomeverdeling, verminder armoedegetalle en verhoog almal se lewensstandaard – aldus hierdie paradigma. Hierteenoor wys William Thompson egter op die moontlike nadele en euwels wat individuele mededinging kan meebring (*aangehaal deur Stark, 1943:139*). Thompson wys daarop dat "*Free competition ... retains the principle of selfishness, necessarily warring with the principle of benevolence, as the leading motive*

to action, in all the ordinary affairs of life. ... occasionally leads to unprofitable and injudicious modes of individual exertion".

Mededinging, soos dit hier verstaan word, kan egter net Christelik werk as die persone wat deelneem vooraf moreel volmaak is. In die praktyk word ekonomiese mededinging nie noukeurig gereël en georden nie. Die voorstanders van markfundamentalisme hou juis nie van regulering nie. Een van die groot kwessies van mededinging op grond van kwaliteit, handel byvoorbeeld oor intellektuele eiendomsreg. Microsoft is hier 'n goeie voorbeeld. Deur die basis van sy programmatuur geheim te hou, verseker hulle hul monopolie. Dieselfde geld vir DSTV, die ADSL-internetverbinding wat 'n Telkomlyn vereis, genoom patente wat navorsing oor gene verbied en farmaseutiese medisyne wat nie meer beskikbaar is nie.

Volgens Venter (2007:155) verander konkurrensie die mark in 'n slagveld. Hierdie standpunt was reeds gedurende die negentiende eeu deur die ekonoom Edgeworth (1881) gestel. Mededinging word dan beide 'n kontrak en 'n oorlog. 'n Kontrak stipuleer die hoeveelheid opoffering wat van elke party vereis word, asook die beginsel van verdeling; maar vrede heers slegs wanneer die kontrak gesluit word, daarna is dit oorlog en elkeen probeer die beste doen om te oorleef (*Sien ook* par. 3.6 hierbo). Veral wanneer 'n kontrak verval, beding partye dikwels sonder om die ander party daarin te ken, en dan ontstaan daar 'n stryd. Sulke ernstige mededingende konflik geld egter ook deurentyd tydens die onderhandeling en die sluit van kontrakte. Mededinging in terme van oorlewingstrategieë is deesdae algemene bestuurspraktyk (*sien* bv. Baye, 1997 en Besanko *et al.*, 2007).

Die voordele van die vooruitgangsparadigma, die konflikmotief en mededinging kan egter met reg ook bevraagteken word. Alhoewel weer buite die raamwerk van die vakgebied van die Ekonomie, kan ook gevra word wat die teoretiese besinning oor die rol van die samelewing is. Wanneer persone saamwerk om beter produkte goedkoper daar te stel, kan dit vir almal voordele inhou (*sien* bv. die werk van die Reddingsdaadbond in die 1930's en 1940's in Kleynhans (2003)). Daar kan gevra word

of dit beter gaan met die boere vandat die landboukoöperasies private openbare maatskappye geword het, en/of dit beter gaan met versekerdes vandat die onderlinge versekering in genoteerde maatskappye omskep is. Dikwels is armes “meer” samewerkend en mededeelsaam as rykes. Die teendeel is natuurlik dat sulke gedrag normaalweg nie optimaal is nie, onverdiende winste lewer, vermorsing teweeg bring en nie volhoubaar oor die langtermyn is nie. Die bepalende faktor is egter wat die doelstelling is wat die markdeelnemers wil bereik. Enige ander doelstelling as die ekonomiese kan wel bereik word, maar alles het koste-implikasies en daar moet besluit word wat in die lewe genoeg betekenis het en hoeveel die samelewing bereid is om daarvoor op te offer. Enige ander doelstelling as die ekonomiese kan wel bereik word, maar alles het koste-implikasies. Daar moet gevolglik besluit word wat soveel werd is dat ander dinge daarvoor opgeoffer sal word.

Daar kan ook deur sommige aangevoer word dat die sogenaamde “mededingende” ekonomie ook hulpbronne kan verkwis. ’n Praktiese voorbeeld is meeste gebruiksware wat soms net hou totdat die waarborg verstryk het. Die naverkoopdiens is dikwels swak, al was die aanvanklike koopprys goed.

Die wêreld is vasgevang in wat sommige bestempel as Adam Smith en Darwin se wetenskaplike, sosiale, politieke en ekonomiese mites. Die voordele van konflik is aangetoon, soos byvoorbeeld dat ondernemings en lande suksesvol is omdat hulle goed kompeteer; biologie is ’n oorlog waarin net die sterkste oorwin; politiek gaan net oor wen; en markte groei slegs as gevolg van eie belang. Die teendeel is egter ook soms waar. Volgens Rheingold (2005:236) ontbreek daar by geleerdes dikwels ’n raamwerk van denke oor waarom en hoe markdeelnemers samewerking fasiliteer. Rheingold beweer dat die konflikmotief aan die krimp is en klem op saamwewerking, koöperatiewe organisasie, interafhanklikheid en kollektiewe aksies ’n al groter rol in die samelewing begin speel. Soos die mensdom ontwikkel, wetenskaplike kennis vermeerder en al meer beskaafd word, word daar besef dat samewerking en altruïsme wel waarde het. Dit is egter nog nie die oorheersende paradigma van die tyd nie.

Die volgende gedeelte gee aandag aan empirisme, wat saam met individualisme en pragmatisme in die moderne ekonomie die pas aangee en ook die rede is waarom die gebruik van Wiskunde en Ekonometrie soveel veld wen in die moderne Ekonomie.

4.4 Empirisme

Daar is in afdeling 2.5 hierbo getoon dat Locke se epistemologie aandui dat kennis beperk word deur die grense van die natuurwetenskap, en dat die ontologie al meer in die Positiewisme en die Empirisme gegrond is, wat denkers se siening van die werklikheid betref (Locke, 1689:360). Beheersing van die natuur deur eksperiment en waarneming is die enigste bron van kennis. Ekonomie volg hierdie uitgangspunt en poog om in ekonomiese navorsing en praktyk waargenome data te versamel, te verwerk en daaruit afleidings en voorspellings te maak. In die beoefening van die ekonomie, steur ekonomie hulle dan ook nie veel aan die grondslae, beginsels en hul eie teorieë nie. Dit wat waargeneem word en in die praktyk geld, word as norm gebruik. Dit is juis die kern van die probleem wat in Hoofstuk 1 gestel is en wat die motivering van hierdie studie is.

Die Logiese Positivistes het gou besef dat die verband tussen teorie en waarneming baie subtiel en kompleks is. Die Positivistes was dan ook sterk empiristies wat die betekenis agter hul waarnemings en eksperimente gesoek het. Popper (1959) het egter benadruk dat dit wat waargeneem word deur die individu se geloof se geloof beïnvloed word. Waar een ekonoom byvoorbeeld eksploitasie sien, sien 'n ander weer geleenthede vir ongeskoolde werkers (Hausman, 1984:15).

Die Positivistes was bekommerd oor die toekenning van betekenis aan dinge wat nie waarneembaar is nie, maar denkers wat die wetenskap bestudeer, steur hul lank reeds nie meer daaraan nie (Hausman, 1984:15) (*sien afd. 2.6 & 2.7 hierbo*). Ekonomiese teorieë verwys byvoorbeeld gewoonlik na dinge en verhoudings wat nie direk sigbaar is nie, soos Marx se arbeidswaardes of Becker se huishoudelike produksiefunksies – en tog bly empirisme vir ekonomie belangrik. Die geloof dat individue byvoorbeeld meer kommoditeite verkies bo minder, spruit uit ervaring.

Kant (1781:11) stel dit in sy *Critique of Pure Reason* dat die individu sommige sintetiese waarhede *a priori* ken, sonder dat enige sensoriese bevestiging nodig is. Talle ekonome glo dit ook. Veral die Oostenrykse ekonome, soos Von Mises, was daarvan oortuig dat die fundamentele postulate van Ekonomie juis sodanige sintetiese aprioriese waarhede is.

Hume (1955:47) het egter hiervan verskil en beweer dat waarnemings of eksperimente slegs inligting verskaf van 'n enkele stelling van gebeure in bepaalde tyd en ruimte en dat veralgemenings nie moontlik is nie. John Neville Keynes (1917:85) wys ook daarop dat spesifieke ondervindings nie betroubare ekonomiese kennis kan verskaf nie. Hume het 'n probleem gehad met induksie. Ongeag hoeveel bewyse daar is, het J.N. Keynes steeds skepties gestaan en ontken dat veralgemenings oor die wêreld daaruit afgelei kan word. Dit is egter vir die moderne persoon moeilik om te verstaan. Daar bestaan byvoorbeeld in die ekonomie daaglik duisende waarnemings wat die wet van vraag bevestig. As pryse byvoorbeeld styg, word daar minder van 'n produk gekoop. Dit is tog 'n bewys.

Al het Popper (1959:50) ook aangetoon dat niks wetenskaplik bewys kan word nie, maar dat dit slegs vals bewys kan word (*sien* afd. 2.7 hierbo), bly empirisme belangrik. Dit is juis hierdie irrasionele neiging en die bestaan van kompeterende paradigmas en teorieë wat aanleiding gee tot soveel paradokse in die ekonomie (en die rasionaal bied vir hierdie studie). Persone buite die Filosofie het dikwels 'n probleem met die skeptiese relativisme wat hier bestaan. Tog is dit juis dit wat daartoe lei dat ekonomiese agente dikwels die wetenskaplike reëls en teorieë totaal ignoreer in die praktyk (*sien* afd. 4.8 hieronder).

Die verwysing hierbo moet egter met omsigtigheid bejeën word. Locke stel dit duidelik dat die kombinasie van empiriese idees nuwe konstruksies tot stand bring, wat in hulself wáár is, sonder verwysing na die werklikheid buite die menslike denke. Dit is waarskynlik waar die probleme met die ekonomiese uitgangspunte ontstaan. Friedman

het byna dieselfde gesê oor die volmaakte ekonomiese beginsels – maar red homself dan met die Pragmatisme deur te beweer dat dit nie saak maak of hulle “realisties” is nie – want dit “werk”! Dit word dan in die praktyk benut omdat dit positiewe resultate oplewer (James, 1907:35). Die volgende afdeling ondersoek dan pragmatisme as ’n belangrike dimensie van die moderne ekonomie en die sakewêreld.

4.5 Pragmatisme

Die doel met die studie van ekonomie is om die sakewêreld te verklaar en te begryp, advies te gee oor ekonomiese optrede en beleid, en veral om die toekoms te kan voorspel (Mill, 1844:107 en Browning & Zupan, 2012:3). Die empiriese benadering noop ekonome om pragmaties te werk te gaan. Inligting, teorieë en kennis is bloot van belang solank dit van nut is. Solank dit kan help om nuwe kennis te genereer, en veral uitgangspunte, soos winsmaksimering en geld inbring, te bevorder, is dit van belang. Dit beteken dat ekonome dikwels nie hul werk op deeglike teoretiese vlak en behoorlike fundamente begrond nie. In die akademie gaan sommige ekonome soms selfs onwetenskaplik te werk, maar dit pla hul nie, aangesien dit hul doel dien¹⁷. In terme van metodologiese aspekte verdedig Friedman (1953) die beginsels van maksimum wins en die marginale reël deur daarop te wys dat die realisme van ’n teorie se aannames nie die belangrikste kriteria vir aanvaarding is nie. Friedman beweer dat ’n teorie nie geoordeel moet word op grond van die realisme van sy aannames nie, maar op die vermoë om akkuraat te voorspel (Mair & Miller, 1992:127). Pragmatisme en instrumentalisme wat daarmee saamgaan, is van die irrasionele uitvloeisels van die positiwisme.

Venter wys daarop dat Friedman met ’n draai die realiteit by die agterdeur laat inglip. Venter (2002a:296) voer aan dat Friedman teorieë bloot as instrumente gebruik waar dit bruikbaar is vir die voorspelling van empiriese uitkomst. Dit maak dus nie saak of die basiese ekonomiese aannames realisties is of nie, solank dit net die gewenste resultate

¹⁷ Praktiese ervaring deur die outeur, in hierdie verband, was deels ’n motivering vir hierdie skripsie en die studie van Filosofie.

bied¹⁸ (Friedman, 1953:52; Mair & Miller, 1992:127) – (*Sien die afdeling oor James (1907:35) se siening oor pragmatisme in afd. 2.7 hierbo*).

Die oordrewe positiwisme wat op akademiese gebied aangetref word, veroorsaak dat pragmatisme en empirisme ook die metodologie van die natuurwetenskappe aan die geesteswetenskappe, soos Ekonomie, dikteer. Die volgende gedeelte skenk daarom aandag aan die bestudering van Ekonomie as natuurwetenskaplike verskynsel.

4.6 Die Natuurwetenskap van Ekonomie

Aan die begin van hierdie studie is gewys op die teenstrydighede in die ekonomie tussen die burgerlike moraal en die ekonomiese praktyke waarop die burgerlike moraal veronderstel was om gebou te word. Hierbo is reeds by herhaling verwys na die verenging van die wetenskap tot natuurwetenskap in die moderne tyd, asook die verenging van die “natuur”-begrip tot die nie-rasionele aspekte van die mensdom. In hierdie afdeling word nou besondere aandag geskenk aan die wetenskapsfilosofie van die teoretiese Ekonomie. Ekonomie probeer meesal om Ekonomiese wetenskappe soortgelyk aan die natuurwetenskappe, wat natuurwette onthul, te bestudeer. (daar was wel uitsonderinge, soos die Oostenrykse Skool van die Nobelpryswenner Von Hayek, sien Kleynhans (1993)). Om dit te kon vermag, moes die normatiewe karakter van die ekonomiese aspek ignoreer word, en individue gereduseer word tot stereotipes wat in bepaalde situasies voorspelbaar reageer (*sien par. 3.5 oor “Homo Economicus” hierbo*). Dit bots wel met die vryheid en verantwoordelikheid wat dieselfde ekonome voorstaan. Friedman het byvoorbeeld sover gegaan as om te stel dat die owerheid nie in die ekonomie behoort in te meng nie, want dit is die mark wat die samelewing demokraties en vry maak (Friedman, 1953:63). Terselfdertyd het Friedman en sy medewerkers dit benadruk dat ekonomiese wette net soos fisiese wette werk (Mair & Miller, 1992:127).

¹⁸ Friedman (1997:89) was wel by geleentheid skepties teenoor ekonometriese voorspellings en meervoudige regressie analise.

Die diskrepancies wat soms in die ekonomiese praktyk sigbaar is, is veral weens die konflik tussen die sogenaamde wetmatige gang van die ekonomiese prosesse, wat deduktief berekenbaar is. In afdeling 2.7 is daarop gewys dat Quesnay en Adam Smith die ekonomie as 'n natuurlike verskynsel beskou het, terwyl Wittgenstein weer reken dat dit nie die geval is nie. Daar bestaan egter reëlmatigheid in menslike optredes, wat voorspellings en afleidings moontlik maak. Thomas Hodgskin, 'n volgeling van Jeremy Bentham, wys daarop dat die ekonomiese mikrokosmos net soos die fisiese makrokosmos deur die beginsel van spontaniteit beheer word en dat die studierigting wat dit bestudeer noodwendig die karakter van die natuurwetenskappe moet navolg (Stark, 1943:52). Hoe die verdeling van arbeid kan lei tot die samewerking van verskillende klasse van arbeiders ten einde gemeenskaplike resultaat te lewer, waarvan die produksiekrag van die geheel buite verhouding verhoog kan word, is nie die gevolg van wysheid nie, maar die gevolg van die wyse waarop die natuur werk, en behoort daarom as wetenskap bestudeer te word (Robbins, 1935:127 & Stark, 1943:52). Die welvaart van die mensdom is van die werking van hierdie natuurwette afhanklik. Hodgskin beweer daarom ook dat die politieke ekonomie nie 'n politieke wetenskap is nie, maar 'n natuurwetenskap. Dit berus nie bloot op spekulasie nie, maar word deur natuurwette beheer. Indien dit die geval is, is morele waardes en etiek egter irrelevant, want dan het die individu nie enige beheer daaroor nie. Dit is egter nie in 'n transendentale wêreldbeeld geanker nie, maar in die positiwisme wat die natuurwetenskap as hoogste maatstaf beskou.

Dit is 'n interessante standpunt indien daar in gedagte gehou word dat Thomas Hodgskin, te oordeel na sommige van sy werke, eintlik 'n utopis was. Daar bestaan 'n verband tussen utopiste en intellektuele pretensie. Alle utopieë vanaf Plato tot by B.F. Skinner was intellektuele ontwerpe waarin voorgegee is dat die intellektuele die struktuur van die samelewing so goed verstaan, dat dit binne hul vermoëns is om 'n utopie te ontwerp waarin almal gelukkig sal wees. In sy "*Counter Revolution of Science*" sien Von Hayek (1952) dit raak, maar het gereken dat dit slegs Positivistes is wat utopies dink. Jean-Jacques Rousseau was byvoorbeeld nie 'n Sciëntis nie, maar het wel ook utopies gedink (*sien byvoorbeeld* Venter, 1996a:239 & 1996b:43).

In sy werk “Nature, Law, Humanity – The Rise of Positivism” toon Venter (2009 & 2002b.) aan dat die werklikheid gaandeweg deur die moderne denkers vernaturaliseer is. Veral vanaf Quesnay, oor Turgot na Adam Smith en Kant tot by Comte, het dit stap-vir-stap gebeur. Kant het basies beweer dat die “geskiedenis” “natuurgebeure” is wat natuurwette volg. Die Ekonomie is ’n geestes- of mense-wetenskap, maar dit word hoofsaaklik soos ’n natuurwetenskap gepraktiseer (Venter, 2002a:291), met ’n ideaal van objektiwiteit wat nie moontlik is nie omdat die mens deel daarvan is.

Hier kom Dooyeweerd (1948:41) se onderskeiding tussen “natuurwette” en “norme” te pas. Die ekonomiese modaliteite hoort by die normatiewe modaliteite – sy wet is ’n “norm” en nie ’n “natuurwet” nie. Norme kan oortree word, terwyl dit onmoontlik is in die geval van natuurwette. Norme kan in regsreëls, kodes en dies meer gepositiveer word. Natuurwette kan egter slegs gebruik word soos dit in die natuur aangetref en geken word.

Vir Hodgskin is die wetenskap nie net die bron van kennis nie, maar ook ’n program vir aksie, want volgens hom lewer wetenskaplike analise ook etiese beginsels van wat behoorlik is op (Stark, 1943: 60). Die dryfveer agter materiële vooruitgang is nie in wese net die akkumulering van kapitaal nie, maar die bevordering van kennis (Stark, 1943: 57). ’n Ondersoek na die faktor wat die produksie van welvaart reguleer, is ’n studie na die wette wat nasionale vooruitgang en verval bestudeer. Die wette bepaal ook die produktiewe mag, oorvloed en armoede van individue. Dit bepaal die intellektuele taak van ekonome, asook die sistematiese reikwydte en metodologiese werkswyse van wetenskaplike Ekonomie. Hodgskin wys daarop dat wetenskaplike noukeurigheid en stiptheid, met die praktiese omstandighede gekombineer word in die studie van Ekonomie (Stark, 1943:53). Al die natuurlike omstandighede wat produksie en verspreiding ten alle tye en plekke bepaal, moet nagespeur word, en getoets word aan sosiale omstandighede. Dan word ekonomiese analise die vaste fondament van sosiale hervorming en verhoging van welvaart. Alle ekonomiese doktrine moet dan gegrond wees in hierdie ekonomiese wetenskap, wat veranker is in die fundamentele waarheid –

onwrikbaar en onveranderlik. Die beginsels van die wetenskap van die produksie van welvaart is uitdrukkings van die natuur-feite en altyd geldend, selfs in 'n dinamiese stelsel soos die ekonomie.

Waar empiristiese waarneming op sig self tekort skiet om die onderliggende verskynsels in die ekonomiese wetenskap bloot te lê, word wiskunde met vrug in die ontginning van nuwe kennis aangewend. Volgens Stark (1943:209) is die moderne ekonomie, wat op die model van die wiskunde en fisika gevorm is, die vervolmaking van die menslike rede. Daar is egter moderne filosowe wat hiermee sal verskil. Die volgende paragrawe ondersoek daarom die oordrewe gebruik van wiskunde en ekonometrie in die moderne ekonomie, beleggingsbestuur en die sakewêreld.

4.7 Wiskunde en Ekonometrie

Die sukses wat in die Ekonomie as wetenskap behaal is deur die gebruik van wiskunde en statistiek het 'n besonder invloed gehad op die wyse wat denkers oor die vakgebied dink. Dit verdien daarom hier spesiale aandag. Dat die Grieke en veral Plato reeds gedurende die antieke tye die waarde van wiskunde besef het, is reeds in afdeling 2.2 hierbo aangetoon. Kant aanvaar ook in sy epistemologie die wiskunde as 'n hoeksteen van denke en van die wetenskap. Galileo beweer dat God met Sy skepping die heelal in die taal van die wiskunde beskryf (Kline, 1986:18). Descartes en Leibniz was van die eerste denkers wat die waarde van wiskunde in die soeke na kennis probeer ontwikkel en in hul denke probeer toepas het (Rescher, 1967:31). Daar is 'n oënskynlike intellektuele standvastigheid in wiskunde en aangesien maksimerende gedrag wiskundig kan moduleer, word dit as superieur beskou en benut as 'n bron van kennis.

Dikwels word belangrike navorsing nagelaat omdat dit nie wiskundig gemoduleer of kwantitatief verwoord kan word nie. So byvoorbeeld is dit moeilik om die verband tussen kultuur en ekonomiese ontwikkeling empiries te bepaal, omdat kultuur nie gemeet kan word nie (*sien* bv. Kleynhans, 2004:183; en Easterly & Levine, 1997:1241). Daarom aanvaar talle ekonome byvoorbeeld dat volkskultuur geen invloed op ekonomiese

ontwikkeling het nie, terwyl dit byvoorbeeld algemeen bekend is dat meeste Indiërs uitstekende entrepreneurs is en katolieke nie (Nafzinger, 1990:321).

Die gebruik van wiskundige metodes in Ekonomie het skouspelagtig toegeneem, sodat akademiese Ekonomie vinnig die mees wiskundige van al die sosiale wetenskappe en besigheidsdissiplines geword het (Quddus & Rashid, 1993:288). Volgens Robbins (1935:127) is die analitiese metode 'n manier om die logiese en nodige konsekwensies van die komplekse feite van sosio- en ekonomiese gebeure te ontgin en dit maak voorspellings moontlik. Thurow (1983:xix) gee toe dat ekonome 'n groot rol gespeel het in die begrip van ekonomiese gedrag, maar wys daarop dat die standvastigheid en innerlike sterkte van wiskundige ekonomiese modelle dikwels die klem laat val op die wiskunde, in plaas daarvan om dit te benut in die bereiking van substansiële begrip in die werking van die ekonomie self. Wiskundige metodes trek die aandag van die markmeganisme af weg. Volgens die fenomenoloë kom die objektiviteit en sciëntisme op so 'n dramatiese verskraling van die menslike denke en ervaring neer, dat dit selfs die oriëntering van die mensdom in die war stuur en in 'n krisis dompel (Snyman & Du Plessis, 1987:94). Die wiskundige uitbeelding van 'n probleem skep die indruk van onweerlegbare waarheid, maar dit is totaal onverstaanbaar vir diegene wat nie in wiskunde onderlê is nie. Sommige wetenskaplikes gebruik juis wiskunde en ekonometrie om mededingers uit die vakgebied te hou (Thurow, 1983:xix).

Die kwantifisering van die sosiale wêreld, insluitende Ekonomie, lyk na vaste kennis. Dit ontgin kennis wat ander nie kon ontwikkel nie en omdat dit beïndruk, is persone en sosiale instellings, soos ondernemings en die owerheid, bereid om baie geld en geleenthede daarvoor aan te bied (n.a.v. Amdahl & Loats, 2001:11). Venter (20002a:304) verwys na Latouche wat dit die "grand bluff" noem. Diegene wat die wiskunde bemeester het, gebruik dit as 'n magiese instrument, waartoe ander geen toegang het nie en eien so vir hulself 'n persoonlike monopolie in die ekonomiese wetenskap, akademiese wêreld, geakkrediteerde joernale en die sakewêreld toe.

Thurow (1983:105) verwys na die wisselvalligheid van die omloopsnelheid van geld in Amerika en metingsprobleme daarmee en stel dan na aanleiding daarvan dat ekonometrie nie daarin kon slaag om akkurate voorspellings te maak of ekonomiese dispute by te lê nie. Dit is moeilik om ekonomiese voorspellings te maak, omdat eksogene veranderlikes 'n invloed op die ekonomie het. Veranderlikes soos oorloë, olieprysse deur OPEC of besluite van die regering, werk van buite die ekonomie en Ekonomie kan dit daarom nie verklaar nie, en ook nie voorspel nie. Meeste ekonomiese verwantskappe kort goeie instrumentele veranderlikes, wat ekonometrici verhoed om onderliggende strukturele verbande te vind (Thurow, 1983:108). Indien dit wat Thurow beweer waar is, impliseer dit dat die ekonomie nie natuurwetmatig funksioneer nie. Thurow het egter hierdie bewerings byna dertig jaar gelede gemaak en dit is nie noodwendig steeds die geval nie. Markdeelnemers positiver ook ekonomiese gedragsreëls verskillend in verskillende situasies.

Die wiskunde wat in Ekonomie gebruik word, is uiters gesofistikeerd en oortuigend. Venter (2002a:34) beweer "*scientificity is defined in terms of logical rigor, when given the mathematisation of its base, it is superior to all the other social disciplines*". Geen veld in Ekonomie, hetsy teoreties of toegepas, spring die onversadigde drang om te kwantifiseer vry nie. Waar dit van bepaalde nut is, is wiskunde 'n bruikbare en effektiewe navorsingsinstrument, maar dit is nie die enigste wat bestaan nie. Daar is akademië, insluitende Nobelprysweners in Ekonomie, soos byvoorbeeld Von Hayek (1952) en ander, wat beweer dat Ekonomie 'n geesteswetenskap is en wiskundige tegnieke nie daar tuis behoort nie (Grubel & Boland, 1986:419). Talle veranderlikes wat nie kwantifiseerbaar is nie, word bloot weggelaat uit analyses, soos byvoorbeeld die rol van kultuur, utiliteit, begeerte, tevredenheid en die hebsug wat tot die ekonomiese krisis van 2008 gelei het. Teen 2011 is die tendens steeds in baie gevalle dieselfde.

Na dekades van teenkantiing teen die oordrewe en dikwels onvanpaste gebruik van wiskunde en ekonometrie in Ekonomie, neem die neiging steeds toe. Prof. Qudus (2009) is veral bekommerd dat dit briljante studente, wat 'n besondere bydrae tot Ekonomie en die wêreld kon maak, sal afskrik en dat hulle dan vir die ekonomiese

professie verlore is. Selfs Raymond Parsons (2009:2), die voormalige president van die Ekonomiese Vereniging van Suid-Afrika, is bekommerd oor die oormatige gebruik van wiskunde en ekonometrie in die studie van die ekonomie. Parsons wys ook op kritiek van talle onlangse presidente van die American Economic Society oor dieselde onderwerp. Parsons vra of 'n Nobelprys in Ekonometrie of grade in Ekonomie, nie in baie gevalle eerder pryse en grade in Wiskunde behoort te wees nie, en vra dan van watter waarde sodanige ekonometriese studies nog vir vandag se praktiese politieke ekonomie en probleme van die land kan wees. Parsons benadruk die behoefte aan ekonome wat gevorderde wiskundige ekonomie en ekonometrie kan saamstel en vertaal, op 'n wyse wat dit vir vandag se politici en beleidmakers bruikbaar maak. Pidd (2001:1183)¹⁹ benadruk dit dat wiskunde die dienskneg is en nie die meester in navorsing behoort te wees nie. Dit mag 'n belangrike instrument wees in die soeke na die waarheid, maar dit is bloot 'n instrument en nie die uitkoms van die studieterrein self nie.

Die gebruik van wiskunde, statistiek en ekonometrie het tot besondere sukses in die Ekonomie as wetenskap gelei. Dit is daarom belangrik om hier te besin oor die waarde wat dit vir die vakgebied gehad het en veral hoe dit die wyse wat denkers die vakgebied sien beïnvloed het. Wiskundige modelle en ekonometrie, as empiriese analogie, is ekonome se standaard toerusting. Dit is byvoorbeeld logies dat brandstofverbruik sal daal indien die prys daarvan styg. Dit is die logiese standaard effek van vraag en aanbod wat niemand kan ontken nie, maar slegs met behulp van ekonometrie kan bepaal word hoe gevoelig verbruikers vir daardie prysveranderinge is en hoe groot hul reaksie tot laer aankope sal wees. Dit is ook logies dat hoër brandstofpryse tot hoër voedselpryse en uiteindelik ook hoër lone en inflasie sal lei. Wat die grootte van daardie stygings en die totale rimpeleffek reg deur die hele ekonomie sal wees, kan slegs met behulp van ekonometrie en veral algemene ewewigsmoedellering ("CGE modelling") vasgestel word²⁰. Wanneer die optimalisering van hulpbron-allokasie volgens die

¹⁹ President van die Internasionale Vereniging vir Operasionele Navorsing ("Operational Research Society").

²⁰ Hierdie is die geval indien die hele ekonomie wel volgens dié reëls werk. Daar is egter diegene (soos die vakbond Solidariteit) wat beweer dat supermarkte prys- en koste-illusies skep, wat veroorsaak dat voedselpryse bly styg en nie daal wanneer faktorpryse

marginale reëls bepaal moet word, is die gebruik van gevorderde wiskundige tegnieke nodig. Die gebruik van wiskunde en ekonometrie is gevolglik onontbeerlik vir Ekonomie.

Tegnies gesproke is statistiese modelle ook onderhorig aan die aannames van onafhanklikheid en 'n normaalverdeling van die foutterme, met 'n gemiddeld van nul. Dit impliseer dat skokke in een periode nie veronderstel is om verwant te wees aan skokke in enige ander periode nie, of dit te beïnvloed nie. 'n Voorstelling van die foutterme, of afwykings van die voorspelde, vanaf die werklike, moet normaal verspreid wees, met 'n gemiddelde waarde van die foute gelyk aan nul. Nie een van hierdie voorwaardes en/of aannames is egter 'n ware voorstelling van die werklikheid nie. Ekonometrici streef dikwels in hul ekonometriese modelle na bepaaldheidskoeffisiënte (R^2) gelyk aan 0.99; dit impliseer dat die deterministiese faktore 99 persent van die variansie in die data verklaar en dat die onvoorspelde stogastiese versteuringsterm slegs een persent van die variansie verteenwoordig. Die model is gevolglik volmaak meganies, met geen ruimte vir onverklaarbare variansie wat nie 'n ware voorspelling van die ekonomie is nie²¹. Hierdie meganiese wêreldbeeld het veroorsaak dat wiskundige metodes gerieflik deel geword het van die Ekonomiese wetenskap.

J.S. Mill (1844:121) wys daarop dat voorspellings in Ekonomie slegs met 'n benaderde graad van korrektheid gedoen kan word. Weens die ontologiese kompleksiteit van die ekonomiese lewe, is die benadering altyd tot 'n mate parsieel wat beteken dat ekonomiese voorspellings nooit absoluut seker kan wees nie. Grade van waarskynlikheid sal altyd deel van ekonomiese voorspellings en berekeninge wees.

Daar is diegene wat 'n vaste vertrouwe in die akkuraatheid van ekonometriese voorspellings het, soos byvoorbeeld Rossouw (2007)²². Hy en ander navorsers van die Suid-Afrikaanse Reserwebank beweer dat die Bank gewoonlik baie na aan die werklike

(insette) weer daal nie. Keynes (1053:268) het alreeds daarop gewys dat pryse dikwels halsstarrig is om te daal, veral in geval van loonkoerse.

²¹ Selfs statistici het 'n probleem hiermee en bejeën korrelasie koeffisiënte groter as 60% met agterdog. Die moderne neiging by ekonometrici is om hiermee saam te stem en analise met sulke hoë korrelasie koeffisiënte is verouderd.

²² Sekretaris van die Suid-Afrikaanse Reserwebank.

uitkoms is. Tog moet die hoof van navorsing by hiërdie sentrale bank, Johan van den Heever (2009), toegee dat dit baie moeilik is om die effek van rentekoersveranderinge op inflasie te voorspel (*sien* ook Ehlers & Smal, 2006:30-32).

Wiskunde het sy plek, maar moet met omsigtigheid bejeën word en het ook bepaalde implikasies. Mislukking van makro-ekonomiese modelle word egter dikwels oordryf. McNess (1975:3) wys daarop dat ekonometriese modelle beter voorspel as enige ander tegniek en dat die resultate besonder konsistent is en gewoonlik baie goeie algehele resultate lewer. Met die klem wat die moderne ekonomie en sakewêreld op empirisme en pragmatisme plaas, is dit te verstane dat daar 'n diskrepansie tussen teorie en praktyk sal ontstaan. Die ekonomiese werklikheid is in elk geval ook te kompleks om in eenvoudige ekonomiese modelle te modelleer. Vervolgens word dit wat in die praktyk gebeur, van nader ondersoek.

4.8 Vervreemding tussen Teorie en Praktyk

Venter (2002a:289) beweer "*economic theory is the product on the one hand of abstract thinking and on the other of a long interaction with economic reality*". Senior beweer dat ekonomie meer afhang van die rede as van observasie (J.N. Keynes, 1917:77). Moontlik is dit 'n oorsaak vir die paradokse wat in die ekonomie kan ontstaan en wat die probleemstelling van hierdie studie tot gevolg het. Ekonomie bou hul teorieë vanaf bepaalde beginsels wat bevraagteken kan word, maar wanneer hulle by die praktiese handeling in die sakewêreld kom, steur hulle hul nie veel aan die teorie nie. Bergmann (2005:54) wys daarop dat daar skeiding tussen ekonomiese teorie en die direkte versameling van bewyse oor ekonomiese agente is. Mill (1844:111) beweer egter dat dit wat waar is in die abstrakte, wel waar is in die praktyk, maar dat die nodige wysigings nodig is. Wanneer ekonomiese studies gedoen word, dien die teorie slegs as 'n agtergrond. Dit dui moontlik daarop dat daar iets fundamenteel skort met die teorie. John Stuart Mill (1844:107) het reeds aangetoon dat die suiwer streng wetenskaplike beginsels ter wille van die praktiese verlaat moet word.

Dit is ook die geval dat ekonome se voorveronderstellings oor wat waar is, dikwels 'n belangrike rol speel in hoe ekonomiese resultate vertolk word (Thurow, 1983:18). Vir Mill (1844:114) lê die waarde van Ekonomie as abstrakte wetenskap daarin dat die beginsels generies is en op talle situasies toegepas kan word. Thurow (1983:21) wys egter daarop dat indien die praktyk van die teorie verskil, die teorieë nie verander word nie, maar wel die praktyk; dit word dan as 'n uitsondering beskou wat reggestel moet word. Die veronderstelling is natuurlik dat die vryemark die volmaakte model daarstel. Al is die wetenskaplike gronde ook hoe korrek, stel J.S. Mill (1844:118) egter dat daar nie gepoog moet word om proposisies neer te lê nie, alvorens praktiese kennis van die werklike modus van die wêreld waarin dit plaasvind ondersoek is nie.

Thurow (1983:xvi) wys daarop dat 'n mate van tegniese konsekwentheid nodig is in Ekonomie, want talle van die bewerings wat ekonome met sterk oortuiging maak, word in beleid deur politici verwoord, terwyl dit soms ongesubstansieer en nie bewys is nie. Die ekonomie is egter ook dinamies en verander en ontwikkel na gelang van omstandighede (Thurow, 1983:8). J.S. Mill (1844:119) wys egter daarop dat die teorie op die detail let, terwyl dit in die praktyk geminag word en slegs oorsigtelik behandel word. Die teorie is gevolglik slegs 'n riglyn in die agtergrond.

Alhoewel ekonome soos Blaug (1992), en Heilbroner en Milberg (1995) hieroor kritiek uitgespreek het, het hulle baie min impak op die hoofstroomdenke van die profesie gehad. Veral die opleiding en loopbaangeleenthede van ekonome vandag dwing hulle om nie van die heersende metodologie af te wyk nie. Die metodologie voorsien reeds sedert Adam Smith kortpaaie tot beleidsadvies en daarom word daar nie maklik hiervan afgewyk nie (Sims, 1996).

Die verband tussen die makro-ekonomie, wat gaan om die werking van die land se ekonomie as geheel, en empiries-gebaseerde mikro-ekonomie, wat handel oor individuele markdeelnemers en bedrywe, is nie baie sterk nie en word ook gekritiseer (Bergmann, 2005:54). Die rede daarvoor lê hoofsaaklik daarin dat die mikro-ekonomie

vanuit die neoklassieke ekonomiese aannames benader word, terwyl die makro-
ekonomie dikwels berus op die aannames van die Keynesiaanse Ekonomiese Skool.

Waarskynlik het ekonome paradigmaties begin werk omdat hulle reken dat hulle 'n
natuurwetenskap beoefen. In sy boek "*The Structure of Scientific Revolutions*" beweer
Kuhn (1996) dat die uitkomst van navorsing in 'n "normale wetenskap" voorspelbaar is
en onverwagte uitkomst 'n skok is. Daar kan aangetoon word dat die probleem dikwels
magsverhoudinge binne die wetenskap self is. Binne 'n bepaalde paradigma kan
onverwagte uitkomst op mislukking dui. Skynbare mislukking trek nie belegging en
befondsing nie. Dit is 'n belangrike rede waarom die besigheidsmodel, waarvolgens
talle universiteite bestuur word, dikwels so oppervlakkig in onderrig en metode is. Daar
word eerder gehou by die "gewaarborgde" resultate, wat aanvaarbaar is vir maghebbers
met geld en wie fondse kan verskaf.

Om ewewig te herstel, is nie ontoreties nie, maar vir 'n teorie om van waarde te wees,
behoort dit fundamenteel te korrespondeer met dit wat in die praktyk gebeur, al is die
interne wiskunde daaragter ook hoe gegrond en standvastig (Thurow, 1983:232). Die
dinamika van die ekonomiese realiteit is altyd baie meer kompleks as wat enige teorie
voorstel. As iets in die praktyk nie sin maak nie, moet 'n ander teorie ingespan word
(Thurow, 1983:16). Die kompleksiteit van die ekonomie bring mee dat die vakgebied
daarvoor altyd 'n parsieële siening sal wees, want die geheel kan nie behoorlik omvat
word nie (Mill, 1844:121, Koutsoyiannis, 1991:257 en Browning & Zupan, 2012:6).

Soms maak aannames wat in spesifieke ekonometriese studies gemaak word nie sin
nie, maar dit word benut omdat dit wiskundig nagespeur kan word. Ekonome soos die
Nobelpryswenner Samuelson (1983) benut die wiskundige modelle dan juis om
sodanige aannames te openbaar en die interne konsekwentheid van die
gevolgtrekkings waartoe sodanige aannames lei, te verifieer. Om konsekwent eenderse
resultate te vind, beteken egter nie dat die model korrek is nie. Dit dui slegs op logiese
konsistensie, maar voldoen nie noodwendig aan ander metodologiese norme nie.

Hall en Hitch (1939) het bevind dat alle ondernemings nie noodwendig winste probeer maksimeer nie en ook nie die marginale reëls volg nie. Tog gebruik ondernemings dit steeds as die basiese vertrekpunt (Besanko *et al.*, 2007:280). Ondernemings weet hoe die ekonomie werk en bestuurders werk in daardie rigting, selfs al beplan hulle dit nie eksplisiet nie, want hulle besef dat dit vir hulle die grootste voordeel inhou (Sameulson & Marks, 2006:756 – sien ook par 3.3.4 hierbo). Groot ondernemings het in elk geval ekonome en beplanners in diens wat dit wel in hul taktiese en strategiese beplanning inbou (Earley, 1956).

'n Verdere oorsaak vir die verskil in morele waardes en ekonomiese beginsels mag moontlik bloot op foutiewe persepsies berus. So byvoorbeeld glo baie persone dat die regering alle ekonomie uitgawes vir hulle behoort te finansier, veral ten opsigte van basiese behoeftes (Mankiw & Taylor, 2011:461 en Goudswaard & De Lange, 1995:137). Talle reken dat die owerheid se bronne onuitputbaar is. Ander glo weer dat die geldmag die publiek soveel uitbuit, dat dit geregverdig is om te steel. Karl Marx (1867) het byvoorbeeld aanvaar dat slegs arbeid waarde tot produksie toevoeg en vergeet dat die kapitaalgoedere, soos masjinerie, ook tot die waardetoevoegingsproses bydra²³. Dit wat markdeelnemers reken waarde toevoeg, word deur Cole (1991) beskou as die rede waarom ekonome self dikwels verskil. Daar is ook sommige wat reken dat monopolieë enige prys kan vra, maar in werklikheid is hulle tot die markvraag beperk (Mohr & Fourie, 2007:301). Marx en Engels (1848) het egter fouteer deur te reken dat ondernemings en werkers in opposisie staan en nie besef dat hulle ook dieselfde doelstellings kan nastreef nie – veral in die moderne samelewing van vandag.

Ekonomiese ongeletterdheid en onkunde bestaan by sommige markdeelnemers. Daar is byvoorbeeld persone wat aanvaar dat hoër loonkoerse indiensname sal verseker, terwyl die omgekeerde juis waar is. Goudswaard en De Lange (1995:48) maak die fout deur te verduidelik dat nasionale produksie sal verhoog wanneer inkome styg en dat dit tot laer indiensname sal lei (seker weens die inkome-effek). Die vraag is egter wie dan

²³ In sy *Grundrisse* stel Karl Marx (1973:86) dit wel duidelik dat produksie sonder kapitaalgoedere, of instrumente van produksie, nie moontlik is nie.

die hoër produksie gaan lewer as daar minder werkers is. Dit is onlogies. Net so vergeet hulle dat hoër uitvoer ook hoër indiensname moet impliseer omdat iemand die nuwe produkte moet vervaardig. Hulle reken egter dat dit slegs die fabrieksbase bevoordeel, maar vergeet dat meer werkers dan ook inkome sal verdien. Hulle dra ook nie kennis van die volume empiriese getuienis wat die verband tussen internasionale handel en hoër welvaart aantoon nie (*sien* bv. Kenen, 2000). Goudswaard en De Lange (1995:15) kla ook dat min armes toegang tot krediet verkry, maar net op die volgende bladsy kla hulle oor arm lande se hoë skuldmas. Hulle beweer ook byvoorbeeld dat die persentasie armes in die wêreld toegeneem het en ekonomiese ontwikkeling in totaal agteruitgaan, wat eenvoudig onwaar is (World Bank, 2009:289).


Indiuidue se waardes en ekonomiese beginsels mag egter ook verskil omdat die “konvensionele wysheid” van ons tyd verkeerd mag wees. Talle persone aanvaar byvoorbeeld dat owerheidsinmenging ekonomiese ontwikkeling beperk en diegene wat hulle probeer help, benadeel, maar soms is owerheidsinmenging noodsaaklik of kan selfs tot persone se voordeel wees. So byvoorbeeld het die owerheid gesorg vir die totstandkoming van Eskom en Sasol, wat vandag vir die land groot voordele inhou, en owerheidsbesteding het die wêreld gedurende die 1930’s verlos van die ekonomiese depressie. Positiewe resultate op owerheidsinmenging in Korea is ook ’n goeie voorbeeld waar dit tot die bevolking se voordeel was (Thirlwall, 2006:290).

Die verskil tussen ekonomiese beginsels en indiuidue se waardes kan ook uit hul fundamentele grondmotiewe, geloof en voorveronderstellings spruit, wat veroorsaak dat hul lewensfilosofie hul rangorde van waarde-voorkeure laat verskil. Indiuidue mag byvoorbeeld meer konserwatief of liberaal, Calvinisties of humanisties wees, en dit kan hul siening oor menseregte of voorregte, winste, waarde en geluk beïnvloed.

Indien markdeelnemers die marginale beginsel volg, verseker dit nie noodwendig etiese optrede nie. As illustrasie kan belastingontduiking gebruik word om aan te toon hoe die dilemma wat deur die navolging van suiwer ekonomiese beginsels kan ontstaan. Die marginale reël stel dit dat ’n onderneming koste behoort te bespaar en belasting te

ontduik tot op die punt waar die marginale kostes van waarskynlike boetes gelyk is aan die marginale voordeel wat daaruit verkry kan word (Rosen, 1995:351 & Sandmo, 2001 & 2004). Grafies kan dit voorgestel word in Figuur 1 by punt E, waar die marginale voordelelyn MV die marginale kostelyn MK sny (Mohr & Fourie, 2007:259). Doen die onderneming dit nie, sal die mededingers 'n vergelykende voordeel verkry, terwyl die eerlike ondernemings gelikwieder word en die bedryf moet verlaat. In hierdie geval is laasgenoemde se kostestruktuur hoër as sy mededingers s'n en sal die klassieke marginale beginsels daartoe lei dat die

Figuur 1: Die Marginale Beginsel



Bron: Mohr & Fourie, 2007:259

ondernemings nie in die langtermyn volhoubaar sal kan opereer nie. In die moderne samelewing is hierdie ondernemings dan verplig om belasting te ontduik – nie omdat hulle krimineel is nie, maar ter wille van oorlewing. Wetgewing en wetstoepassing moet daarom effektief genoeg wees om te verseker dat mededingers nie oneties kan optree nie, anders is die speelveld nie vir almal gelyk nie.

In bogenoemde voorbeeld word belasting nie ontduik omdat markdeelnemers oneerlik is nie, maar omdat hulle suiwer ekonomiese beginsels navolg. Hulle word gedwing deur die stelsel. Dit is in die ekonomie noodsaaklik vir oorlewing, want in die vrye ekonomie is daar so baie ondernemings dat 'n enkele onderneming nie die mark kan beïnvloed of verander nie. Vir voortbestaan moet rolspelers die spelreëls volg. Die dinamika van die mark dikteer dit. Hef die onderneming byvoorbeeld te lae pryse, word kostes nie gedek nie en mag dit gelikwieder word, en as hoër pryse gehef word ook, want dan ondersteun verbruikers die onderneming se mededingers. Dus is ondernemings verplig om maksimum wins na te strew, of die bedryf te verlaat. Regverdige pryse kan dan ook nie minder wees as die prys wat die marginale beginsel dikteer nie. Die markreëls verander ook aanhoudend en ondernemings moet daarby aanpas. Die dinamiese aard

van die ekonomie maak dit dan moeilik om altyd reg op te tree, omdat nuwe reëls en protokol aanhoudend geskep moet word en dikwels nog nie bestaan nie.

Daar bestaan nog talle ander voorbeelde, soos byvoorbeeld dubbele boekhoustelsels, binnehandel op die aandelemark en ander eksternaliteite soos lugbesoedeling. Werknemers by paneelkloppers sal byvoorbeeld verplig wees om sommige transaksies elders aan te teken, waarvan die Ontvanger van Inkomste nie van weet nie. Kreatiewe boekhouding, wat oneerlikheid verbloem, kan soms ramspoedige gevolge hê, soos wat Enron en Saambou getoon het (Thomas, 2002). Om groot bonusse aan hul direksie te regverdig, het Saambou Bank byvoorbeeld sodanige kreatiewe boekhouding toegepas, wat uiteindelik tot hul ondergang bygedra het (De Beer, 2007:4)²⁴.

Die ideaal is dat almal dieselfde etiese waardes sou nastreef, sodat individue se waardes ooreenstem. Was almal byvoorbeeld Christene, kon dit misverstande verminder, maar selfs onder Christene is daar baie kerkgemeenskappe wat van mekaar verskil. Indien sakemanne kan besef dat etiese optrede winste verhoog, mag dit daartoe lei dat daar groter koördinasie van waardes voorkom (*sien* bv. Lotriet, 2007). In baie gevalle is dit reeds die geval. Al hoe meer markdeelnemers besef dat ondernemings wat hul sosiale verantwoordelikhede nakom, hoër winste maak. Etiese optrede behoort uit die hart te kom, maar as ondernemings dit nie kan bekostig nie, sal dit nie gebeur nie.

Indien die ekonomie vanuit 'n ander gesigshoek beskou word, kan misverstande ook vermy word. Ondernemings kan byvoorbeeld besef dat vakbonde voordele inhou, deursigtigheid verbeter, korrupsie verminder en dieselfde doelstellings as die ondernemings nastrewe (Van Vrede, 2007). Wat sommige persone as diefstal beskou, mag dalk inkomeherverdeling wees. In plaas daarvan om ondernemers as die vyand te sien (soos Marx & Engels, 1848), mag werkers besef dat hul inkome en lewensgehalte saam met ondernemings se winste kan toeneem.

²⁴ Dit was altans die bevinding van die ouditeursfirma KPMG (De Beer, 2007:4). Dit is egter nooit in die hof bewys nie.

Lotriet (2007) sê: “*Die Neo-Klassieke marginalisme gaan onsimpatiek met die etiek om*”. In die sakewêreld word dikwels van werkers en personeel verwag om oneties op te tree, of hulle verloor hul werk. Dit bring innerlike konflik by individue omdat dit met hul geloofsoortuigings en beginsels bots. Hulle het egter geen keuse nie want dit is hul lewensbehoud. Die ekonomiese ingesteldheid van die samelewing verteenwoordig die heersende paradigma wat ekonomiese wette tot norme in ’n geslote sisteem verhef en uitsluitend van alle ander norme is. Simons (2007:221) beskuldig die Weste van ekonomisme, waar die ekonomiese die denkraamwerk van alles in die samelewing oorheers. Alternatiewe paradigmas in die samelewing kan egter ook alternatiewe oplossings bied, wat ook aandag verdien.

Die dilemma van botsende ekonomiese en etiese waardes kom ook in die *algemeen* voor waar individue met botsende belange gekonfronteer word. Persone moet met beginsels saamleef wat teen hul eie beginsels indruis. Daar kan byvoorbeeld van personeel verwag word om saam met die baas alkohol te gebruik, terwyl dit teen hul beginsels is, of om verkeerd teenoor ander op te tree, of vloekwoorde in films en televisie te verduur.

Die vraag is natuurlik wat om daaraan te doen. Vakbonde kan menseregte help beskerm (Van Vrede, 2007), maar die fundamentele probleem behoort van kindertyd af deur opvoeding aangespreek te word. Sendingwerk in die samelewing kan ook help, maar daar bestaan geen waarborg dat dit nyweraars en sakemanne sal oortuig dat dit tot hul voordeel is nie. Dit hang natuurlik ook af van wat hiermee bereik wil word. Hierdie studie help reeds om markdeelnemers se motiewe te begryp en te verstaan dat sakemanne nie noodwendig krimineel is wanneer hulle hoë winste nastreef nie. Die belangrikste beginsel is dat indien individue ’n helder begrip van die filosofiese grondslae van Ekonomie het, dit talle kontradiksies sal elimineer.

Die volgende gedeelte ondersoek utilitarisme as een van die hoekstene waarop die moderne Ekonomie gebou is, asook die aannames wat daaruit voortvloei.

4.9 Utilitarisme

Die uitgangspunt van Ekonomie wat dan op empirisme en pragmatisme gegrond is, dien die Utilitarisme, op grond daarvan dat die eerste ekonomiese aanname winsmaksimering vir ondernemings behels, asook maksimering van nut en/of satisfaksie by die individu. Dit wat die hoogste vlak van geluk bring, is dan vir hulle eties. Jevons (1878:15) het ekonomie reeds beskou as “a calculus of pleasure and pain”²⁵, en hy beskryf die doel van ekonomie as “to maximise happiness by purchasing pleasure” (Jevons, 1871:23)²⁶. Hier besef ekonome nie dat dit bloot gegrond is op die hedonisme, wat nie die enigste doel van markdeelnemers is nie. (Daar is reeds in par 2.5 aandag gegee aan Leibniz en Locke se sienings van geluk, hedonisme en utilitarisme.)²⁷ Marshall (1890:1) bestempel Ekonomie alreeds, met die wording van die vakgebied, as die studie van die aanwending van hulpbronne, as “requisites of wellbeing”.

Die beginsel van utiliteit is dan ook uit die staanspoor die primêre uitgangspunt van Ekonomie. Uit die utilitêre beginsel van meer is beter, vloei die idee van maksimum wins as belangrike ekonomiese aanname logies voort (*sien* Mill se opvatting in afd. 2.6 hierbo). Die oorspronklike program van kapitalisme is veranker in die filosofie van die klassieke ekonomie wat gegrondves is op vryheid en gelykheid. Vryheid om die hoogste bereikbare produksievlakke te behaal en gelykheid in die beste moontlike verspreiding van lewensmiddele (Stark, 1943:207).

Daar is egter reeds in 1550 beweer dat wins ook die ander deugde bevorder, soos medemenslikheid en die nastrewing van kwaliteit (Venter, 2001:24). Dit beteken dat daar gedurende die Renaissance denkers was wat aanvaar het dat die nutsversameling

²⁵ As die aanname gemaak word dat die mens 'n rasionele wese is, vloei dit logies voort dat die mens ook in staat is om sy nut sodanig te kan bereken (Venter, 2002a:293).

²⁶ Die ekonoom Edgeworth noem die mens 'n “pleasure machine” – aangehaal deur Lionel Robbins (1935:15).

²⁷ Robbins (1935:140) beskou egter die idee dat hedonisme alle ekonomiese aktiwiteite ten grondslag lê, as 'n onwetenskaplike aanname.

wel etiese gedrag bevorder, selfs wanneer die direkte verband tussen die etiese en die nutsversameling ontken word.

Jaarlikse ekonomiese groei verteenwoordig 'n volgehoue toename in produksie en inkome, wat 'n styging in lewenskwaliteit en welvaart verteenwoordig. Die waarheid is egter dat ekonomiese groei nie noodwendig geluk verhoog nie. Stygende produksie bring al meer ooreising en “uitbranding” (“burn-out”) by werknemers na vore en in tye van ekonomiese groei is daar ook byvoorbeeld ook hoë selfmoord-syfers (StatsSA, 2009:3.28 & 15.3). Daar word dikwels vergeet dat geld nie geluk kan koop nie en dat geluk op ander waardes berus. Die aanname dat vooruitgang en ekonomiese groei die belangrikste doelstelling in die samelewing is om na te strew, is gevolglik nie waar nie.

Meeste ekonome, sakemanne en ander markdeelnemers het 'n onwrikbare geloof in die werking van die ekonomie (Friedman, 1953; Von Hayek 1952; Venter, 1996a en Parsons, 2009) en dit word in die volgende afdeling van nader beskou.

4.10 Ekonomiese Teorie as Onweerlegbare Waarheid

Meeste ekonome glo dat die empiriese bewyse van die voordele wat die vryemark en internasionale handel lewer, onweerlegbaar is (*sien* Friedman, 1953; Von Hayek 1952; Venter, 1996a en Parsons, 2009). Die beginsels en teorie van vrye mededinging word dan byna soos 'n ideologie of 'n heilige geloof, en diegene wat waag om dit te bevraagteken, word as aartsketters uitgemaak (Thurow, 1983:xix). Venter (2002a:289) haal Latouche aan wat beweer “The economy is the religion of our time”. Dit skep by persone 'n gevoel van etiese uitmuntendheid, omdat die Kapitalistiese stelsel se hoogstaande vermoë om welvaart, ontwikkeling en verligting van armoede en swaarkry te weeg te bring, alle negatiewe punte van kritiek oorskadu en uiteindelik alle swakpunte self laat verdwyn (*sien* Friedman, 1953). Omdat die Kapitalistiese stelsel die vermoë het om byvoorbeeld armoede te verlig en die lewensgehalte van mense te

verbeter, word die werking van die mark as meganisme gesien wat markdeelnemers lei om die etiese te doen en eties op te tree.

Die aannames van die Verligting (*sien* par 2.6 hierbo) waarvolgens individue almal ewe volwasse is, ewe rasideel optree en ook gelyke mag besit, is egter nie waar nie. Deur die eeue was daar 'n kultuurverskuiwing aan die werk. Alreeds gedurende die Middeleeue het die relatiewe vrede van die Heilige Romeinse Ryk die opkoms van 'n stedelike gemeenskap moontlik gemaak. Saam met hierdie stede het 'n groeiende handelsklas tot stand gekom, te midde van die ontdekkings van verre wêreldes, en dit het die stedelike kultuur en industrialisasie gaandeweg versterk. Die ontwikkeling van hierdie stedelike kultuur het die moontlikheid van tegniese-instrumenteel verworwe kennis verhoog. Die laat-feodale landelike gemeenskappe is agtergelaat, terwyl die adel en handelsklas na die stede verhuis het. Die idee van die mark en die voordele wat dit bied, kom dus uit die dae van die keiserryk en was die gevolg van die konsentrasie van mense in stede. Die mark is nie noodwendig net 'n fisiese plek nie, maar wel die situasie of proses waar markdeelnemers mekaar ontmoet en vraag- en aanbodfaktore meewerk. Die idee dat almal soveel voordeel uit die markproses kan geniet, word egter deur sommige bevraagteken wanneer markdeelnemers nie gelyke bedingingsmag in die mark besit nie en sommige ook in staat is om ander uit te buit as gevolg van hul rykdom en mag in die markplek.

Die mark en handel het nog altyd bestaan en ekonomiese vryheid is 'n belangrike vryheid. Vryheid is 'n belangrike element wat die ekonomiese optrede van produsente en verbruikers bepaal, maar vryheid impliseer ook verantwoordelike keuses en dit word dikwels voorstanders van die markmeganisme, wat nie wil toegee dat daar magsfaktore aan die werk is nie, ingeperk (*sien* Bastiat se siening in afd. 2.6 hierbo). Dit word spruit uit 'n mark meganiese siening van die mark (*sien* bv. afd. 4.6 hierbo en Venter, 2002a:289). Daarby wil diegene nie aanvaar dat daar samelewingsinstellings bestaan waarvan die eerste taak nie wins is nie, maar sorg, opvoeding en so meer. Die tendens is dat die hele lewe in ekonomiese terme gesien word en ekonomiese die oorheersende beginsel geword het (Venter, 2002a:289). Hierdie probleem spruit veral

uit die materialisme en nie alleen uit die ekonomiese nie. Diegene wat vas aan die markfundamentalisme glo, is as akademië dikwels ook onverdraagsaam teenoor teoretiese ondersoeke wat 'n ander koers gaan.

Venter (2007:133) wys daarop dat “Adam Smith’s ‘market behaviour’ has become a metaphor for all human interaction”. Daar word deesdae aanvaar dat ekonomiese wette universeel is. Net soos die wette van fisika, word daar veronderstel dat die wette van ekonomie oral en ten alle tye van toepassing is. Dit is dan juis hierdie alles-oorheersende toepassing van ekonomiese beginsels wat ekonomie die geloof van die tyd maak. Selfs skole, universiteite en kerkrade word as besigheidseenhede bedryf.

Daar is egter ook diegene wat die moontlike negatiewe kant van vrye mededinging, die vryemark, kapitalisme en ekonomie tot so mate oordryf dat dit self na 'n ideologie begin lyk (*sien* byvoorbeeld Simons, 2007 & Venter, 2009). Kriminele markdeelnemers wat die stelsel misbruik en hul medemens uitbuit, word as voordele gebruik om aan te toon watter negatiewe gevolge vrye mededinging kan lei. Indien iemand die stelsel misbruik of ander uitbuit, in plaas daarvan om as rentmeesters van die gemeenskap op te tree, is dit egter nie meer 'n vryemarkstelsel nie. Dit is dan krimineel. Dit is die plig van die owerheid om geregsdiens, soos byvoorbeeld korporatiewe forensiese deskundiges en die Mededingingskommissie daar te stel om sulke euwels uit te wis, die speelveld gelyk te hou en vryheid in die ekonomie te verseker.

Baie van die misdrywe en probleme wat in die moderne ekonomie en sakewêreld aangetref word en waaroor die probleemstelling van hierdie studie gaan, spruit voort uit die Westerse wêreld se klem op individualisme. Dit lei in meeste gevalle tot selfsug en pragmatisme, waar die doel meestal die middele heilig. Die individuele ekonomiese agent staan sentraal in die ekonomie en sodanige agente tree gewoonlik in eie-belang op, om hulself te bevoordeel. Die volgende gedeelte ondersoek dan individualisme as hoeksteen van die moderne ekonomie.

4.11 Indiwidualisme

Die indiwidu is die belangrikste ekonomiese agent. Daar is in afdeling 2.5 hierbo aangetoon dat Locke egoïsme en indiwidualiteit as waarborg van universele harmonie beskou. Hoe vryer indiwidue kan optree, hoe groter is die uiteindelijke sosiale voordeel (Locke, 1689:187). Daar is ook gewys dat Descartes indiwiduele verantwoordelikheid belangrik geag het. Vandag is die begrip van outentisiteit²⁸ 'n hoeksteen van die samelewing. Vir Lachmann, 'n Oostenrykse ekonoom, is die subjektiwiteit van verwagtings en voorkeure van besondere belang. Die ekonomiese aanname is dat mense uit eiebelang optree en indiwidualiteit is ook deel van die Westerse kultuur (*sien* par. 2.5 hierbo).

Daar is wel onderskeid te tref tussen die begrippe “indiwidualiteit” en “indiwidualisme”. 'n “isme” dui op oordrywing; in die geval van indiwidualisme is dit die oordrywing van die belang van die indiwidu. Die Christen aanvaar “indiwidualiteit” en ook indiwiduele verantwoordelikheid in-en-tot die gemeenskapsvorme waarin die ingeweef is, soos byvoorbeeld die gesin, staat en werksomgewing. In die moderne gees van outentisiteit en die moderne kompeterende ekonomie val die klem egter sodanig op die indiwidu dat indiwidualisme kenmerkend van die moderne ekonomiese stelsel geword het.

Locke (1689:186) wys egter daarop dat selfs God nie iets kan doen indien dit nie die beste vir almal is nie. Die hoogste geluk en welvaart is tog immers 'n liefdevolle vader se begeerte vir sy kinders. 'n Fokus op indiwidualisme lei noodwendig tot indiwiduele privaatbesit en dié word in die volgende paragrawe beskou.

²⁸ Reeds gedurende 1935 wys Knight (1935:145) daarop dat die moderne samelewing dit as 'n reg en selfs 'n plig beskou dat die indiwidu sy eie voordeel moet nastrewe, maar hy wys daarop dat dit in werklikheid om die mens se sug na vryheid en mag gaan.

4.12 Private Besitreg

As logiese uitvloeisel van individualisme berus die vryemarkstelsel op private reg van besit deur die individu. Dit is reeds sedert antieke tye die beginsel (*sien* afd. 2.2 hierbo). Locke wys daarop dat almal besef dat vrugte of vleis eers vir hom van waarde kan wees wanneer niemand anders enige aanspraak daarop het nie en hyself dit volkome beheer. Hierdie beginsel spruit uit die feit dat geen persoon die reg op 'n ander persoon of sy arbeid het nie (Locke, 1690:129). Wanneer die produk van handewerk vermeng word met besittings, word die produk die werker se private eiendom en sluit dit die gesamentlike regte van ander daaroor uit. 'n Fontein mag byvoorbeeld vry tot almal in die gemeenskap wees, maar die water wat 'n persoon met sy emmer daaruit trek, behoort aan hom alleen (Locke, 1690:131). Locke wys as uitgangspunt dat God reeds aan Adam in Gen. 1:28 die skepping as eiendom gegee het en dat die individu se reg op privaatbesit vanuit die staanspoor 'n logiese aanname is (1690:17).

Locke beweer egter dat individue nie meer mag besit as wat hy in een dag kan benut nie (1690:134). Eiendom is daarom ook nie vir hom 'n absolute reg nie (1690:27). Dit wat 'n persoon het, meer as wat hy kan benut, moet openbare besit word. Hy weerspreek homself egter wanneer hy wel die reg van erfgoed aanvaar (1690:62). Vir Locke bring die stoor van waarde in grond, goedere of in geld, en die akkumulاسie van welvaart, ongelykheid mee (Locke, 1690:140). Vir die kapitalisme voorsien dit egter juis die motivering aan individue om hul beste te lewer, wat tot voordeel van die medemens en die gemeenskap is. Locke (1960:212) het geld egter as 'n dooie skat gesien, net soos enige ander besitting. Hy het nie besef dat dit as 'n waardedraer en middel tot kapitaalgoedere, uitgestelde verbruik, opbrengs op krediet en/of risikoverskansing kan dien nie.

Eiendom is iets waaroor 'n individu, of gemeenskap van individue, alleenbesit of aksies mag uitvoer, relatief tot ander individue (Smith, 2008:17). Eiendomsregte verleen die besitreg tot die produk van arbeid, asook die verdere opbrengs wat die besparing daarvan oplewer. Dit verleen gevolglik ook die reg tot akkumulاسie. Dit lei dan ook tot

voordele vir die gemeenskap, as gevolg van die uitwerking wat akkumulasie en spaar en die kapitaalinvestering daarvan meebring. Bastiat (1850:31) beskou dit as ongeregig en oneties om enige-iets wat 'n persoon besit van hom weg te neem. Indien dit deur wetgewing of die staat gedoen word, is dit steeds volgens Bastiat oneties en bestempel hy dit as "wettige plundering". "Wettige plundering" sluit dan enige vorm van inkomeherverdeling, beskermende handelstariewe, subsidies, werkskepping, welsyn, openbare onderwys, progressiewe belasting, openbare werke, goedkoop krediet, minimumlone, owerheidsbesteding, proteksionisme, sosialisme en kommunisme in. Dit is georganiseerde ongeregigheid omdat dit die reg tot privaatbesit skend.

Adam Smith het ook die voordele wat privaatbesit meebring vir verbruik en vir die armes aangetoon (Smith, 1776:184). Die Nobelpryswenner, V.L. Smith (2008:18), ag eiendomsregte noodsaaklik vir selfgedrewe volhoubare ekonomiese ontwikkeling en die verligting van armoede. Markte word gebou op die veronderstelling van private eiendomsreg. Indien sodanige regte nie duidelik omskryf, begryp en afgedwing word nie, is geen koop en verkope in die handel moontlik nie (Thurow, 1983:231). In so geval verval die gemeenskap in grootskaalse misdaad en sal die stelsel stagneer.

Aanvanklik was arbeid deur denkers soos Locke en Hodgskin as enigste faktor van produksie beskou. Arbeid was dan ook die wettige wyse om private eiendom te bekom (Stark, 1943:57). Met die aanvaarding van private besit, het persone ook die reg verkry om die vrug van die opbrengs uit daardie eiendom op te eis en indien iemand anders daardie eiendom benut het, het die eienaar die reg om 'n deel van daardie opbrengs uit daardie eiendom op te eis, want terwyl iemand anders dit benut het, word die privaatvoordele wat dit sou oplewer, verbeur en moet die eienaar vir die opoffering vergoed word. Winste is gevolglik verkry uit die mag wat die kapitalis as grondeienaar verkry oor die grond en die arbeid wat daar verbruik is. Die gevolg was ook dat die eienaars en werkers makliker en beter fisiese benodighede kon verkry, wat morele en intellektuele verbetering bevorder het. Met die toekenning van eiendomsregte verleen die wetgewer aan die ontvanger die reg om handel te dryf en die eiendom te verwerk. Die eienaar het dan die reg om 'n deel van die werker se uitset op te eis, in ruil vir

sy uitgawes aangegaan en op grond van sy besit van die eiendom wat deur die werker benut word.

Om werkers toe te laat om grond of ander kapitaalgoedere van die eienaar te benut, is 'n vorm van spaar of uitgestelde gebruik deur die eienaar en die eienaar moet dan daarvoor vergoed word, net soos wanneer iemand geld sou leen, wat deur 'n ander gespaar is (Mankiw & Taylor, 2011:446). Elke gedeelte van gespaarde vaste kapitaalgoedere is dan 'n vorm van gespaarde arbeid. Hierdie vorm van gespaarde arbeid lei dan tot die regulering van arbeid, wat die produktiewe krag verhoog en meer welvaart vir almal skep. Arbeid is gevolglik nie meer die enigste determinant van pryse en waarde in die moderne ekonomie nie (Stark, 1943:67). Die benutting van fisiese kragte en tegnologiese vooruitgang laat produktiwiteit tot almal se voordeel verhoog. In die kontemporêre ekonomie word hande-arbeid al meer deur kennis- en inligtingsgoedere vervang, waar vaardighede en kennis-arbeid al meer winste na die besitter van kennis en geleenthede, sowel as die besitters van die kapitaalgoedere, laat oorgaan. Die verskuiwing van die klem na kennis- en inligtingsgoedere is dan ook die rede waarom hoër ontwikkelde ekonomieë al minder steun op hulpbronne soos yster, koper en landouproduksie, terwyl dienste 'n al groter deel van die bruto nasionale inkome uitmaak.

Waar fisiese arbeid aanvanklik alleen verantwoordelik was vir die produksie van goedere, speel arbeid 'n al kleiner rol. Aanvanklik het die landheer 'n deel van die opbrengs opgeëis nadat grond privaatbesit geword het (Roll, 1992:54). Winste was daarna 'n tweede aftrekking vanaf die natuurlike opbrengs van die werker, wat in effek tot verhoging van die prys en waarde van die produk lei. Uiteindelik vorm arbeid 'n baie klein deel van die totale insetkombinasie van produksiefaktore, en in die kontemporêre ekonomie is dit dikwels selfs onbenullig. Die uiteindelijke waarde van die produk staan gevolglik glad nie meer in verhouding tot die inset van arbeid wat die produk opgelewer het nie.

Pryse en hoeveelhede word in die mark op grond van vraag en aanbod vasgestel, en die indiensname en produksiebesluite wat dit dikteer, is op die aanname dat daar volmaakte kennis en inligting op die mark bestaan, gegrond – kennis oor alles wat aangebied word en die prys wat elke verkoper hef en wat elke verbruiker bereid is om te betaal. Markdeelnemers se voorkeure, en vraag- en produksiefunksies is ten volle aan mekaar bekend. Hierdie aanname van volmaakte kennis en inligting, asook die moontlike rol van onsekerheid, word in die volgende afdeling bespreek.

4.13 Volmaakte Kennis en Onsekerheid

Die aanvanklike basiese ekonomiese beginsels het aanvaar dat alle markdeelnemers volmaakte kennis besit (*sien* afd. 3.3 & 3.3.1 hierbo). Daar is byvoorbeeld aanvaar dat verbruikers presies weet wat die prys van 'n produk by alle handelaars is, en dat handelaars presies weet wat die hoogste prys is wat verbruikers bereid is om vir 'n sekere produk te betaal. Ondernemings het dan ook volmaakte kennis oor hul koste- en vraagfunksies en van hul omgewing. In moderne konteks kan dit tot 'n mate afgelei word deur middel van tekorte en verbruikersurplusse en produsentesurplusse. Winste kan gevolglik optimaal gemaksimeer word, omdat ondernemings presiese kennis van inkomste, uitgawes en hul produksiefunksies het en optimaliteit kan bereken (Koutsoyiannis, 1991:260).

Die werklikheid word egter gekenmerk deur onsekerheid en dit sorg ook vir bykomende risiko in die ekonomie. Asimmetrie van inligting²⁹ bestaan egter wel onder markdeelnemers (Smith, 2008:94). Dit bring mee dat dit baie moeilik is om te bepaal wat die waarskynlikheid van sekere uitkomst sal wees. Die ekonomie vereenvoudig egter die saak deur van aannames gebruik te maak wat wiskundig nagespeur kan word en besluite op grond van verwagte waardes gemaak kan word (Mohr & Rogers,

²⁹ Asimmetrie van inligting kom voor wanneer almal nie gelyke toegang tot inligting het nie. Sommige markdeelnemers sal dan kennis dra van markgebeure en aspekte, soos byvoorbeeld pryse wat aangebied word en subsidies deur die owerheid, en ander sal weer nie daarvan kennis dra nie. Die aanname in die ekonomie is dat daar simmetrie van inligting bestaan. Almal besit dus volmaakte inligting en kennis.

1994:98). Dit skakel egter nie onsekerheid uit nie. Grondleggers van die Oostenrykse Skool van Ekonomie, veral Von Mises en Von Hayek, toon aan dat met miljoene transaksies daagliks op die mark, dit onmoontlik is om te weet wat die ekonomie gaan maak of waar ewewig op 'n spesifieke stadium is (Kleynhans, 1993:34). Volmaakte inligting is egter nie nodig vir die bepaling van komplekse effektiewe ewilibrasie nie. Die prosesse van moderne modelleringsvaardighede kan byvoorbeeld gebruik word (Smith, 2008:326). Dit is in elk geval moontlik om te bepaal in watter rigting gemiddelde markneigings beweeg en in 'n wêreld van onsekerheid, is die wiskunde 'n kragtige hulpmiddel tot die menslike rede.

Die aanname dat *Homo Economicus* volmaakte kennis besit (*sien* afd. 3.5) is egter onwaar. Omdat assimetrie van inligting altyd teenwoordig is, is een van die belangrikste Keynesiaanse motiewe vir die vraag na geld juis om vir die onvoorsiene voorsorg te tref (Keynes, 1953:195). Meeste besluite word ten minste gedeeltelik te midde van onkunde en onsekerheid geneem (Thurow, 1983:236). Die waarskynlikheidsleer is tot 'n hoë mate verfyn en ontwikkel om die mate waarin risiko's geneem moet word, te verminder en onsekerheid tot 'n minimum te beperk (Koutsoyiannis, 1991:261). Tog weet niemand met sekerheid wat in die toekoms gaan gebeur nie. Daar word gewoonlik aangeneem dat dit wat in die verlede gebeur het, sal aanhou en daarom kan ekstrapolasies in die toekoms in, op grond van historiese data, geskat word. 'n Onderneming kan dan die waarskynlike verspreiding van moontlike uitkomstes skat, maar optrede van markdeelnemers, ekonomiese skokke en ander gebeure wat die voorspelling totaal in 'n ander rigting kan stuur, kan nie vooruit voorsien word nie. Die moontlikheid dat histerese mag voorkom is ook altyd daar (*sien* par. 3.7 hierbo).

Ondernemings kan dus nie die hoogste moontlike winste behaal en teen die marginale reël produseer (waar die addisionele inkomste gelyk is aan die addisionele koste-uitleg) nie, want weens onsekerheid het hulle nooit die presiese kennis van koste- en inkomefunksies nie. Dit beteken dat versekering uitgeneem moet word om voorsiening te maak vir onvoorsiene risiko's wat addisionele kostes meebring. Verbruikers en

ondernemings kan nie die beste allokasie van hul hulpbronne en die hoogste uitkoms kies nie, want hulle het nie volmaakte kennis van al die moontlikhede nie en ken nie die presiese vorm van produksiefunksies nie. Assimetrie van inligting en onsekerheid veroorsaak dan dat optimaliteit en doeltreffendheid ingeboet word (Smith, 2008:104). Ondernemings kan slegs poog om in 'n onsekere wêreld die beste van die saak te maak en te streef in daardie rigting.

Sommige entrepreneurs is meer risiko-vermydend, terwyl ander weer meer risiko sal neem in die hoop op meer winste, maar hul optrede is dan nie in kennis gesetel nie en die uitkoms ook nie seker nie. Die tydhorison waarop besluite geneem word, het ook 'n invloed op die uitkoms. Op die korttermyn bestaan daar meer sekerheid, terwyl oor 'n langer tyd wel meer inligting opgelewer word, maar dan is daar weer meer geleentheid vir onvoorsiene gebeure om op te duik. In die langtermyn kan alles verander, insluitende pryse en die gedrag van persone. Moderne risikobestuur is 'n hoogs-gespesialiseerde wetenskap wat wel verskillende tydshorisonne in ag neem. Die klassieke ekonomiese aannames, wat in afd. 3.3 hierbo aangedui is, het egter nie ruimte vir verskillende tydshorisonne gelaat nie. Die waarskynlikheid van toekomstige gebeure word subjektief bepaal, dit word deur tydshorisonne en risikogeneidheid beïnvloed, asook die koers waarteen die omgewing verander. Verskillende ondernemings en individue sal ook onder dieselfde omstandighede verskillend optree (Koutsoyiannis, 1991:262).

Die vooruitgang wat die Verligting sedert die agtiende eeu bevorder het en veral die intellektuele sukses van die moderne wetenskap en veral Newtonisme, met hul stewige rasionele en eksperimentele grondslae, het die oortuiging dat die wetenskaplike metode ook benut kon word om sosiale, politieke en veral morele waarhede te vestig, laat posvat (Henry, 2002:82 & Palmer, 1969:98). Die volgende afdeling besin oor die morele uitgangspunte wat uit die navorsing sover afgelei kan word.

4.14 Morele Uitgangspunte

Die probleemstelling wat in Hoofstuk 1 gestel is, is of die wyse hoe markdeelnemers die ekonomie vertolk en in die ekonomie optree, afgelei kan word uit die Westerse denke. In hierdie gedeelte word besin oor die morele uitgangspunte wat moontlik uit bogenoemde opvattinge van filosowe, ekonome en ander denkers afgelei kan word.

Aan die een kant is daar denkers wat redeneer dat die ekonomie en markstelsels waardeevry is en sodanig bestudeer behoort te word. In die akademie word dan ook sogenaamde “Positiewe Ekonomie” gedoseer en word dit benadruk dat dit neutraal staan teenoor wat reg en verkeerd is. In die volgende paragrawe sal daar egter aangetoon word dat sodanige wetenskapsbeoefening nie heeltemal moontlik is nie. Die voorveronderstellings wat bepaalde denkrigtings onderlê, lei dan ook tot spesifieke implikasies. Daar sal gewys word op die keuse tussen kapitalisme en sosialisme. Met die tyd verander die wêreld en waardes daarmee saam. Daar sal aangetoon word dat die konstante verhoudings tussen arbeid, kapitaalgoedere en produksie ook verander terwyl tegnologie verander en fisiese arbeid al meer deur kennisarbeid vervang word. In besonder beïnvloed dit die wyse waarop denkers die waarde van arbeid sien. Naby daaraan verwant is die strewe na vryheid en uiteindelik beweer sommige denkers dan dat dit die strewe na geluk is wat die samelewing voortdryf.

Sommige denkers beskou die hoofdoel van die ekonomie as die akkumulasie van welvaart, omdat dit die hoogste mate van geluk vir die gemeenskap kan help bevorder. Om dit egter te bereik, vereis egter dat die samelewing volgens die korrekte ekonomiese stelsel gereël sal word. Indien die stelsel nie behoorlik funksioneer nie, kan dit rampspoedige gevolge vir landsburgers inhou. In pragmatiese terme, werk geen stelsel egter heeltemal ideologies gedrewe nie. Die keuse tussen ekonomiese stelsels behels egter weer bepaalde waardeoordele. In sommige gevalle lei dit tot gebeurlikheidsetiek en uiteindelik tot 'n pragmatiese

benadering. Dikwels kan dit tot uitbuiting van sommige markdeelnemers lei en die owerheid het dan 'n besliste rol om te vertolk.

Daar word dan verder gewys dat talle denkers in die vryemarkeconomie reken dat die rol van die owerheid slegs is om te verseker dat die vryemark volmaak funksioneer en dat dit tot voordeel van die samelewing is. Dat die markeconomie ook die verbruiker kan benadeel, is waar en ontvang ook aandag. Talle ekonomiese denkers reken dat die neutrale markmeganisme volmaak is en tot voordeel van die hele samelewing is. Daar word egter gewys dat indien daar geredeneer word dat die ekonomie markdeelnemers bevorder, dit reeds 'n waardeoordeel is. Laastens word daar terugkeer na die hoekstene van die ekonomiese wetenskap, naamlik die vraag-en-aanbodmeganisme en die marginale reël. Daar word getoon dat dit ook nie waardevry is nie, maar dat die deugde wat dikwels daaraan toegedig word, ook nie heeltemal gegrond is nie. Eerstens sal daar nou aan denkers wat verskil het oor die normatiewe inhoud van Ekonomie en die besigheidswêreld aandag geskenk word.

In afdeling 2.2 hierbo is aangetoon dat Plato pragmaties ingestel was teenoor die morele. Die aanname is dan ook dikwels dat indien iets suiwer of volmaak is, dit ook moreel en eties geregverdig is. John Neville Keynes (1917:80) beskou die taak van Ekonomie as hoogs eties, omdat dit oor een van die heel belangrikste probleme van die mensdom handel, naamlik materiële oorlewing. Ekonomie gaan oor effektiewe produksie, en die verspreiding van lewensmiddele en welvaart, en maak aanspraak op geregtigheid en moraliteit. Die studie van die Ekonomie is ook gerig op die ekonomiese ontwikkeling van die samelewing, met die oog daarop om die lewenslot van almal te verbeter.

Daar is in die voorafgaande afdeling (afd. 4.9) aangetoon dat die Utilitarisme, onder denkers soos Bentham, James Mill en John Stuart Mill, handelinge en ekonomiese beleid as moreel aanvaarbaar beskou het indien dit die som van individuele nut in die samelewing maksimeer (Hausman, 1984:33). In afdeling 2.5 is gemeld dat Locke moraliteit as iets vals beskou het, terwyl Leibniz gestel het dat daar harmonie tussen die

fisiese en die morele wêreld bestaan, terwyl Bastiat verklaar dat individue vry is en daarom bo die natuur verhewe is. Die voorafgaande impliseer dat ekonomiese agente wel die wette van die natuur in die ekonomiese wetenskap volg, maar dat hulle ook vir hulself kan dink en weet wat die regte dinge is om te doen en gevolglik eties optree.

Kant het weer beweer dat niks oor moraliteit uit die natuur geleer kan word nie. Norme word volgens hom op grond van praktiese kennis geformuleer en onafhanklike eie morele waardes kan daarom gestel word (*sien* par. 2.6). Ekonomie het daarom ekonomiese teorie, wat waardestry is, probeer ontwerp (daarom die term “Positiewe Ekonomie”). Deur die gebruikmaking van aannames het hulle die beginsels van ewewig, vraag en aanbod op ’n sogenaamde neutrale wyse geformuleer. In hul teorie is daar gepoog om waardestrye stellings te maak en teorie sonder enige lewens- en wêreldsiening te bou ³⁰.

Venter (2002a:311) haal egter Latouche aan wat daarop wys dat hulle nie daarin kon slaag nie, omdat hulle uit die staanspoor aanvaar het dat die individu ’n selfsugtige utilitaris is, wat reeds ’n waarde-oordeel is. Hierdie ekonomie handhaaf ook ’n ontologie wat die natuur as die gemeenskap se natuurlike vyand beskou; wat beperkings op markdeelnemers en hul hulpbronne plaas. Agter Friedman se ekonomiese teorieë skuil daar ook die norm van vryheid wat bevorder moet word (Venter, 2002a:311). Die poging om norme in ekonomiese teoretisering te vermy, lei onteenseglik tot ’n reduksionisme en ongeag hoe dit geformuleer word, sal daar altyd norme in ekonomiese doelstellings verskuil wees.

Reeds gedurende die 17de eeu was daar denkers wat geglo het dat ekonomiese wins ook die etiese bevorder (*sien* bv. Afd. 2.6 hierbo) – met ander woorde “soek eers die koninkryk van die aarde”. Die grondleggers van Ekonomie het egter gedurende die 18de eeu die etiese waardes gekompromitteer (Venter, 2002b:7). Elke denkskool het ander aspekte van die ekonomie en samelewing beklemtoon en uit verband geneem,

³⁰ *Sien* byvoorbeeld Frank Knight (1935:148), Milton Friedman (1953) en Mankiw (2007:28).

wat tot bepaalde implikasies gelei het. Die gemeenskap van vryheid en gelykheid wat Locke en Adam Smith bedink en in die vooruitsig gestel het, impliseer dat die nasionale welvaart so wyd as moontlik versprei word, terwyl die sosialiste eerder privaatbesit wou opskort. Albei het dieselfde doelstellings gehad, maar die middele het verskil.

Die gevolg van die industriële rewolusie was dat die beginsels van vryheid en gelykheid van mekaar vervreem is, omdat grootskaalse produksie tegniese superioriteit teweeg gebring het. Die direkte verband tussen arbeid en die finale produk is hiermee verbreek, aangesien masjiene massaproduksie teweeg gebring het en een arbeidsinset nie meer slegs een eenheidsuitset kon produseer nie. Masjiene kon met een operateur nou 'n wisselende hoeveelheid uitsette lewer. Met hedendaagse rekenaars en robotika-tegnologie kan selfs individuele verbruiker-spesifieke goedere in dieselfde maat as massaproduksie-goedere vervaardig word. Die uitkoms bly egter dieselfde deurdat die verband tussen arbeidsinset en produksie-uitset versteur is en arbeid nie meer as maatstaf van waarde gebruik kan word nie. Hodgskin beweer "*Capitalism is not only socially unjust but also economically vicious*" (Stark, 1943;75). Dit is egter ook die geval in sosialisme. Vandag se tegnologie benodig baie min arbeiders – in sommige gevalle geen. Dit kan egter meebring dat baie persone sonder enige lewensmiddele gelaat word. 'n Goeie rekenaarprogram is byvoorbeeld al wat 'n robot benodig om motors op massaproduksie ten volle te vervaardig, terwyl daar byna geen werkers meer teenwoordigheid hoef te wees nie. Die gevaar bestaan dat die hele stelsel uiteindelik in duie kan stort, indien te min persone werk en inkome het, sodat daar te min kopers in die ekonomie is om die vervaardigde produkte te kan koop. Indien die redenasie enduit gevoer word, sit die grootste gedeelte van die samelewing uiteindelik sonder inkomste, almal verval in armoede en die stelsel stort in duie.

Die deug van moderne tegnologie is meestal daarin geleë dat dit arbeidsbesparend is. Moderne tegnologie mag meebring dat die samelewing meer vryetyd gaan verkry. Die afgelope veertig jaar heers daar reeds debatte oor 'n sogenaamde vryetyd-samelewing. Veblen (1904) se idee van 'n "leisure class" mag moontlik in die nabye toekoms oorgaan in 'n "leisure" samelewing. Loubser en Venter (2009) wys op die ironie dat die

ekonomie nie só gestruktureerd is en oor voldoende hulpbronne beskik om die armes en werklooses gratis te kan versorg en besig te hou nie. Aan die ander kant mag dit gebeur dat dié wat wel werk het, besig is om slawe te word, om die “entertainment society” aan die gang te hou.

Die normatiewe wat uit die oorspronklike filosofie en ekonomiese denke afgelei is, verander gevolglik ook saam met die veranderende tye, denke en tegnologiese ontwikkeling. Die konsep van denkers soos Locke en Hodgskin dat arbeid die enigste bron van welvaart is (Stark, 1943:59), het sedert 1825 dramaties verander en teen 2010 bestaan sodanige vaste verhoudings tussen arbeid en uitset nie meer nie. Verskillende kommoditeite vereis verskillende produksiekostes en kombinasies van insette of produksiefaktore³¹. Die arbeidswaarde-relasies van vroeër is vandag versteurd en meestal totaal vernietig. As John Stuart Mill (1836:54) aantoon dat markdeelnemers meestal daarna streef om die meeste welvaart te verkry vir die minste arbeidsinset en moeite, dui dit reeds daarop dat daar nie meer ’n konstante verband tussen inset en uitset kan wees nie. Die ekonomie is dinamies en baie konsepte en instellings het die afgelope honderd jaar of meer dramaties verander. Die rykste individu is nie meer diegene wat die meeste handarbeid verrig nie, maar wel hulle wat toegang tot kapitaalgoedere, kennis, tegnologie, talent, innoverende denke en opleiding het. Daar moet egter gelet word daarop dat kapitaalgoedere, soos masjiene, ook deur individue besit word en dat dit arbeid gekos het om dit in die eerste plek te bekom.

In geheel gesien moet hier fyn onderskei word tussen die “arbeidswaarde-teorie” en die “arbeidswaarderingsmodel” soos dié van Goudzwaard en De Lange (1995). By herhaling stel Goudzwaard en De Lange dit dat die Kapitalisme nie respek vir arbeid het nie. Daarmee bedoel hulle dat die Kapitalisme ongevoelig is vir die feit dat arbeid menslike lewens sinvol maak, want dit is één manier om die kultuuropdrag van die mens (die Godgegewe amp van menswees) te vervul. Volgens hulle kan outomatisering

³¹ Marx (1973:90) filosofeer in sy *Grundrisse* dat produksie ook as verbruik gesien kan word, en anders om. Die een veronderstel die ander en die subjek en objek kan dikwels plekke omruil.

en massaproduksie van die mens 'n masjienbediener maak en die vreugde van “self maak”, produseer en tot stand bring, wegneem.

'n Blote vraag-aanbod kyk na werk in die arbeidsmark, reduceer werk tot 'n kommoditeit met 'n prys. Die “arbeidswaarde-teorie”, beide Vroeg-Kapitalisties en Marxisties, is 'n soort ekonomisme, waar die ekonomiese aspekte van die lewe oordryf word en as allesoorheersend beskou word. Sodanige arbeidswaarde-teorie word 'n soort kosteteorie, waar Marx ook kultuur tot produksie reduceer. Wanneer die Kapitalisme in vraag-aanbodterme na arbeid begin kyk, dan word werk dikwels glad nie as werk, as vreugdevolle uitvoering van die kultuuroopdrag, raakgesien nie. Die Kapitalisme was die Marxisme vooruit met die onderbou-bo-bou-skema – dan is kultuur³² slegs 'n neweproduk van selfonderhouding. Die onderwerping van kultuur aan die beginsel van selfonderhouding is dan een van die redes waarom basiese en grondslagwetenskappe soms aan universiteite geminag word. Universiteite moet dan volgens 'n besigheidsmodel bestuur word, terwyl ander aspekte van kultuur as irrelevant beskou word – die prysmeganisme verreken dit nie as sinvolle werk nie, veral indien dit min geld vir die instansie inbring. 'n “Arbeidswaarderingsmodel” is dus wyer en dieper as die “arbeidswaarde-teorie”. Karl Marx (1972:88) beweer dan ook dat elke vorm van produksie sy eie wettige relasies skep en die visie van reg en geregtigheid wysig.

Daar is sover aangetoon dat indien bepaalde waardes in die samelewing en veral in die ekonomie nagestrewes word, dit bepaalde implikasies op die wyse wat die ekonomie georganiseer word en die wyse wat die rol van arbeid vertolk word, het. Die bepaalde waardes wat vir die samelewing geld het egter ook 'n invloed op vryheid. Sonder sosiale gelykheid bestaan vryheid nie en sonder ekonomiese vryheid, is vryheid waardeloos. 'n Vrye ekonomiese stelsel is daarom 'n noodsaaklike voorvereiste vir enige vryheid. Knight (1935:146) wys egter daarop dat die klassieke ekonome 'n logiese fout begaan in hul klem op die deugde van vryheid. Hulle het geglo dat die individu beter kan oordeel wat vir hom- of haarself die beste is. Knight beweer dat hedonisme egter in

³² Kultuur is dit wat die mens op elke lewensterrein tot stand bring. Dit sluit die fisiese sowel as die geestelike in en in totaliteit dui dit op 'n bepaalde peil van beskawing (Gouws & Odendal, 2005:624).

werklikheid hul grondslag was en dat die vryheid wat hulle beklemtoon het, in werklikheid bloot 'n instrument tot plesier is. Die vrye keuses van die individu, wat die mark mees doeltreffend tot ewewig sal lei, is in werklikheid bloot op die maksimering van individuele geluk gefokus.

Volgens William Thompson (*soos aangehaal deur Stark, 1943:119*) vind hierdie nastrewing van geluk sy beslag in massa-akkumulering van welvaart vir die gemeenskap, wat volgens hom die hoofdoel van die ekonomie is. Gelyke welvaart vir almal verseker vryheid in ruil en handel en bewerk daarmee sosiale harmonie. Vrywillige handel verseker geluk aan al die betrokke partye. Hoe nader verspreiding aan volmaakte geregtigheid kom, hoe nader kom die uitset van industrie aan die ideaal van absolute maksimering en gelyke en hoogste welvaart vir almal.

Die vrye werking van die spontane kragte van ekonomiese interaksie realiseer sosiale interaksie. Volgens Stark (1943:197) wys Richard Jennings daarop dat dit winste en gevolglike invloedryke mag na markdeelnemers kan kanaliseer wat nie noodwendig die welsyn van die gemeenskap op die hart het nie. Fabriekes en ander ondernemings sluit byvoorbeeld soms hul deure in tye van ekonomiese krisis of wanneer die eienaar die bedryf wil verlaat, en laat die werknemers gestrand, sonder enige inkomste of heenkome (*sien De Beer, 2007*). Aangesien die ekonomiese stelsel ook die samelewing kan benadeel, is dit belangrik om 'n stelsel wat die mees voordelige vir die gemeenskap sal wees, te vind.

Alle ekonomiese stelsels het gebreke en daar is steeds 'n soeke na die volmaakte stelsel (Kleynhans, 2004:190). Goudswaard en De Lange (1995) idealiseer 'n sogenaamde "caring society", terwyl William Thompson reken dat die ideaal daarin lê dat markdeelnemers moet beseft dat ware geluk in die diens aan ander geleë is, wat in wedersydse naasteliefde gesetel is (Stark, 1943:147). Om ander gelukkig te sien, bring volgens Thompson net soveel individuele vreugde as om 'n smaaklike vrug te eet. Daarom lê die oplossing van die produksie en verdelingsprobleem vir hom in vrywillige kommunisme, waar almal werk en bydra tot die gemeenskaplike kommune, in die wete

dat dit almal, insluitend die individu, gelukkiger maak indien die welvaart van die kommune verhoog. Hierdie onderwerp is reeds hierbo ook aangeraak.

Vir Thompson is harmonie en universele gelykheid die gemeenskap se waardevolste bates, wat deur die beginsel van vrye mededinging vernietig kan word. Die beloning van kapitalisme is dat dit individue motiveer om hul mees voortreflike talente te ontwikkel en bates na enkele individuele kanaliseer, en dit lei tot ongelykheid. Vryheid tot mededinging bring volgens hom sosiale, morele en intellektuele nadele, omdat dit diegene wat suksesvol in hul daaglikse roeping is, lei tot selfsug ten einde hul sukses te bewaar. Dit lei Thompson dan om 'n stelsel van arbeid gegrond op wedersydse samewerking te bepleit (Stark, 1943:147). Op die basis van gesamentlike besit en vrywillige egalisasie of gelykheid in die verspreiding van inkome, kan naasteliefde ten beste uitgelewe word, waar individue nie meer net vir hulself leef nie, maar in die eerste plek vir hul naaste, as deel van die gemeenskap. In 'n geïdealiseerde kommune sal almal daarna strewende om die onkunde en misleiding van ander uit die weg te ruim, terwyl hulle die kennis en vaardighede van ander sal verhoog, in die belang van die gemeenskaplike voordeel en produksie (Marx & Engels, 1848:105). Sodoende sal die gelykheid in verspreiding ook die effektiwiteit van produksie verhoog. Waar vaardighede versprei is, sal besoldiging aan almal ook gelyk wees. Hoe groter die effektiwiteit van ander dan is, hoe meer voordeel sal daar ook vir elkeen wees. In so 'n kommune sal daar dan vraag en aanbod van produkte vir die naaste wees. Die vraag is egter of so 'n gemeenskap in die behoeftes van almal sal voorsien. Ander denkers verskil egter en reken dat so 'n stelsel nie die beste in die behoeftes van almal in die samelewing sal voorsien nie. Die nastrewing van die basiese ekonomiese aannames lei gevolglik tot bepaalde morele aannames, wat nie noodwendig deur almal eenders vertolk word nie.

Alhoewel markdeelnemers normaalweg weet wat die regte ding is om te doen, beweer Bastiat (1850:9) egter dat individue in werklikheid vol hebsug is en 'n sosialistiese stelsel daarom nie kan werk nie. Talle markdeelnemers sal, waar moontlik, probeer lewe en vooruitgaan deur misbruik van ander te maak. Meeste markdeelnemers sal deur harde werk 'n lewe maak, maar sommiges sal 'n lewe probeer maak, en welvarend

word, deur die vrugte van ander se arbeid te plunder. Om laasgenoemde te voorkom, is die beskerming van die owerheid nodig. Kommunistiese en sosialistiese stelsels het in die praktyk meestal misluk. Wat die motivering sal wees om te presteer indien almal gelyke vergoeding ontvang, is nie duidelik nie. In der mate is daar ook nog nie daarin geslaag om die samelewing te oorreed om naasteliefde as belangrikste individuele doelstelling te aanvaar nie.

Word die samelewing normatief benader, word daar aanvaar dat persone soms norme³³ oortree en buigsaam is vir nuwe toepassings van norme. Hier behoort ook fyner tussen 'n neutrale benadering (van byvoorbeeld Thompson) en 'n normatiewe benadering (van byvoorbeeld Goudswaard en De Lange, 1995) onderskei te word. Die neutrale benadering is utopies. Dit voorsien 'n gedetailleerde strukturele uiteensetting van 'n gesonde samelewing. Meestal bereik 'n neutrale benadering juis die teenoorgestelde van wat dit beoog. Dit bereik gewoonlik nie gelykheid en mededeelsaamheid nie, omdat dit in dwingelandy verval; soos die geval met Kommunistiese USSR was (Diederichs, 1933:161). Daarteenoor stel 'n normatiewe benadering slegs watter lewensnorme die samelewing behoort te leer, sodat hulle self die struktuur sal kan aanpas (reformeer) soos wat nodig is.

So beweer Albrecht *et al.* (2004:120) dat die toename in morele verval in Amerika daartoe lei dat al meer individue met gebeurlikheidsetiek ("situational ethics") in die sakewêreld optree. Gebeurlikheidsetiek impliseer dat hulle doen wat reg is, solank dit betalend is, maar ook ongeregig sal optree wanneer dit winsgewend is om sodanig te handel. Sulke gebeurlikheidsetiek maak dit vir bestuurders maklik om hul ongeoorloofde optrede rasioneel te regverdig. In navolging hiervan, verval die samelewing al meer in 'n tipe pragmatisme.

Daar bestaan verskeie wettige en ander beperkings op ekonomiese aktiwiteite, soos byvoorbeeld minimum lone, en die verbod op slawerny. Hierdie beperkings kan egter

³³ In die filosofie word daar duidelik onderskeid getref tussen norme en waardes. In hierdie skripsie is die twee terme egter in meeste gevalle as sinoniem gebruik.

glad nie uit ekonomiese teorie afgelei word nie, maar dit kan die uitkomst van die ekonomiese proses wel beïnvloed. Baie van hierdie beperkings word beskou as ekonomiese probleme waarby tegniese oordeel nodig is. Dit is egter 'n koste-item, net soos enige ander kommoditeit; dit is die prys wat betaal moet word vir daardie verbruikersitem, produk, voorreg of norm (Thurow, 1983:231). Dieselfde kan gesê word van die versteuringseffek wat vakbonde veroorsaak. Die owerheid het gevolglik 'n rol om te speel, maar balans is nodig.

Die vryemark is volgens talle ekonome die naaste aan die volmaaktheid, perfeksie of uitmuntendheid van die ekonomie (Thurow, 1983:24). Aangesien die klassieke ekonomie en meeste ekonome die vryemark as die gewenste beskou (*sien* Friedman, 1953; Von Hayek 1952; Venter, 1996a en Parsons, 2009), word ekonomiese modelle ook as normatiewe modelle voorgehou, wat aantoon hoe *Homo Economicus* behoort op te tree en sy aktiwiteite behoort te organiseer (Thurow, 1983:23). Wins- en nutsmaksimering is dus die norm waarna gestreef behoort te word. Venter (2002a:291) wys daarop dat die Nobelpryswenner, die ekonoom Friedman, wel weet wat die behorendseise van die samelewing is, maar vir hom maak dit nie saak wanneer dit by ekonomiese voorspellings as positiewe wetenskap kom nie. Vir Friedman gaan die resultate die etiese vooraf en die geweldige waarde van die uitkoms vir die samelewing oorskadu dit alles. Dit impliseer weer 'n pragmatiese benadering tot die ekonomie en samelewing.

Friedman en meeste ander ekonome probeer waarde-oordele in ekonomie vermy deur te onderskei tussen normatiewe ekonomie wat voorskryf hoe die ekonomie behoort te wees, teenoor positiewe ekonomie wat bloot stel hoe die ekonomie is, sonder enige waarde-oordele (Hausman, 1984). Hulle bedryf dan positiewe ekonomie, maar besef nie dat daarin ook waarde-oordele in hul basiese uitgangspunte en aannames vervat is nie (Venter, 2002a:299). Die veronderstelling dat “meer” beter is en dat vooruitgang goed is, is maar net enkele voorbeelde daarvan.

Thurow (1983:227) beweer dat die vraag en aanbodmodel aanneem dat ekonomiese gebeure geen sosiale gevolge het nie en ook geen ekonomiese implikasies nie. Thurow reken dat dit absurd is, en uit wat hierbo gesê is, kan hierdie aanname nie aanvaar word nie. Indien die neutrale werking van die markmeganisme die samelewing bevoordeel en dit as die gewenste uitkoms beskou word, impliseer dit 'n normatiewe waardestelsel.

Markdeelnemers hoef nie goed van karakter te wees om goeie uitkomst te lewer nie (Smith, 2008:325). Vrye mededinging dwing vervaardigers op die mark om teen die heel laagste koste te produseer en teen die laagste prys te verkoop. Op hierdie wyse word ekonomiese doeltreffendheid verseker. Niks word vermors nie en aan elkeen word so veel as moontlik aangebied, teen die beste kwaliteit. Verswak die kwaliteit of prys, sal verbruikers daardie verskaffer vermy en sal hy die bedryf moet verlaat. Markdeelnemers wat byvoorbeeld sogenaamd "Christelik" wil op tree, sal gevolglik so mededingend moontlik die beste produkte aan die mark lewer³⁴. Sodra verbruikers agterkom dat 'n onderneming die publiek met te hoë pryse uitbuit, word die onderneming gestraf deurdat kopers die onderneming vermy en dit uiteindelik die bedryf sal moet verlaat. Daar bestaan ook ander vorme van mededinging, soos byvoorbeeld kwaliteit, diens, produk differensiasie en 'n aangename koop-ervaring. Daar moet egter gesorg word dat in sodanige analise wel homogene produkte se pryse met mekaar vergelyk word. 'n Produk van hoë kwaliteit en 'n minderwaardige produk is nie dieselfde ding nie en hul pryse behoort daarom ook te verskil. Gewenste uitkomst in die mark is gevolglik normatief en markdeelnemers kan dit nie vermy nie.

Ewig in die mark word bewerkstellig deur vraag en aanbod. Ten einde te kan oorleef en volhoubaar te produseer, moet markdeelnemers ten minste soveel hulpbronne (of geld) ontvang, wat in waarde gelyk is aan wat gespandeer is. Meeste markdeelnemers streef daarna om meer te ontvang as wat die koste-uitleg was en sodoende individuele welvaart te verhoog. Wat dan in werklikheid dan in die mark gebeur, is dat die markprys


³⁴ Dit geld natuurlik vir alle besighede, Christelik en andersyds.

nie gelyk is aan die koste verbonde aan die vervaardiging (of verkryging) van die produk nie. Die markprys is dan gelyk aan die prys wat verbruikers bereid is om op te offer om daardie produk te ontvang. Die markprys is gevolglik so hoog as wat verbruikers bereid is om te betaal, en verkopers sal die prys so hoog as moontlik maak. In die vryemark is duisende kopers. Verkopers is gevolglik nie verleë nie en indien daar verbruikers is wat nie bereid is om te hoë pryse te betaal nie, is daar baie ander wat wel reken dat die produk noodsaaklik is en dit wel sal koop. Meeste verbruikers reken dan dat hulle uitgelewer is aan aanhoudend stygende hoë pryse waaraan niks gedoen kan word nie. Markdeelnemers kan egter wel in georganiseerde verbruikersrade gesamentlik verset bied, maar dit is meestal moeilik om te organiseer.

Ongeag of pryse laag of hoog is, stel die mikro-ekonomie dat die vraag en aanbodmeganisme sal sorg dat ewewig bereik word en die marginale reël geld. In die neoklassieke ekonomie is dit waar, want die marginale reël stel maksimum optimaalbereikbare wins vas teen die punt waar die addisionele koste verbonde aan 'n produk, gelyk is aan die addisionele inkomste wat uit die verkoop van die produk verkry word. Die addisionele inkomste wat tydens die verkoop van 'n produk ontvang word, is gelyk aan die prys. Hierdie ewewigsituasie beteken dat enige prys wat betaal word optimaal is, al is dit ook volgens sommige verbruikers buitensporig. Die rede hiervoor is dat die prys by ewewig altyd aan die marginale koste gelyk is – teen watter vlak die pryslyn ook al die kostelyne sny.

In Figuur 2 word die mikro-ekonomiese aanbodkromme van 'n volmaakte mededinger voorgestel deur die marginale kostekromme (MK) en die vraagkromme is dan die prys P wat dan ook die gemiddelde inkomste (MI) is. Ewewig is waar MK gelyk aan MI is en daar kan gesien word dat dit is waar die pryslyn die

Figuur 2: Koste-en-Inkome Krommes



marginale kostekromme sny. Bokant die minimumdraaipunt van die gemiddelde kostekromme (GK) is enige punt dan 'n ewewigspunt tussen vraag en aanbod. Die normatiewe voordeel wat die marginale reël volgens die ekonomiese teorie inhou (*sien* bv. afd. 3.3 en 3.3.4 hierbo), is gevolglik fiktief.

Die prys van 'n produk is dan wel waar vraag en aanbod gelyk is, maar nie gelyk aan wat dit wat dit gekos het om 'n produk te vervaardig nie. Dit is soveel as wat daar uit die koper gekry kan word. Enige punt op die marginale kostekromme, bokant die gemiddelde koste se minimum punt, is dan wins. Hierdie wins is 'n addisionele bedrag wat vanaf die koper aan die verkoper oorgedra word. Al geskied dit ook vrywillig, reken die koper dat hy of sy geen ander keuse het nie en is dit in effek diefstal aan die kant van die verkoper. Daar kan aangevoer word dat entrepreneurs hulle daarop mag roem dat hulle goeie sakemanne is, maar uiteindelik is die wins wat geneem word in effek diefstal en oneties, al is dit ook wettig. Daar moet op gelet word dat die vergoeding vir die dienste van die firma, insluitende lone en entrepreneursvergoeding reeds ingesluit is in die marginale kostes van die firma. Sou 'n prys hoër as dit gehê word, kan dit as onregverdig beskou word. Die vraag is egter hoeveel vergoeding vir die risiko van die entrepreneur as regverdig beskou behoort te word en daaroor bestaan daar by lede van die samelewing meningsverskil. Indien die aannames van die Klassieke Ekonomie wat as grondslag van hierdie studie dien aanvaar word, dan sal die prys wat die verbruiker bereid is om te betaal as die regverdige prys beskou word. Sommige markdeelnemers mag egter steeds hiervan verskil.

Aan die anderkant is dit egter waar dat markdeelnemers nie slegs hul basiese kostes kan dek nie, want hulle spandeer al hul tyd aan die beskikbaarstelling van produkte of dienste, en moet steeds 'n inkomste ontvang om van te lewe. Wins is ook die beloning aan entrepreneurs wat risiko's neem met hul swaar-verdiende inkomste en spaargeld, wanneer hulle 'n onderneming begin. Dit dien as motivering om goedere en dienste aan te bied en vervul daarom ook in noodsaaklike behoeftes van verbruikers. Wins is daarom wel nodig, maar wanneer dit buitensporig raak, is dit oneties.

In Ekonomie word daar gepoog om waardeevrye wetenskap te beoefen, maar dikwels moet daar tussen reg en verkeerd geoordeel word. In die voorafgaande is reeds aangetoon dat waardeevrye wetenskapsbeoefening nie moontlik is nie. So byvoorbeeld het ekonomiese beleid gewoonlik 'n uitwerking op inkomeverdeling. Bloot tegnies gesien in Ekonomie sal sommige markdeelnemers se inkome styg en ander daal. Dit is bloot 'n verskynsel en dikwels word daar gepoog om nie waardeoordeel hierby te betrek nie; maar as dit die lot van persone beïnvloed, moet beleidsmakers tog aanvanklik besluite neem en hierdie besluite is in waardes begrond. Dieselfde word dikwels in die ontwikkelingsekonomie as onderafdeling van die Ekonomie aangetref. Arm lande se ekonomiese ontwikkeling word bevorder deur byvoorbeeld spesiale trekkingsregte van ondersteuningsfondse deur die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) te ontvang, of lande word aangemoedig om rentekoerse te verhoog om sodoende deur die substitusie-effek werk te skep, omdat die relatiewe prys van kapitaalgoedere daardeur verhoog word. Bogenoemde stellings is wel saaklike waardeevrye bewegings en teorie wat geen waardeoordele behels nie, maar die oorspronklike uitgangspunt is wel op voorveronderstellings gebou. Die aannames is eerstens dat vooruitgang en ontwikkeling vir die samelewing ten beste is, en dat die huidige stand van sake nie goed is nie, dat armoede en skewe inkomeverdeling in lande uitgewis moet word, en dat sulke lande en mense gehelp behoort te word. Die vertrekpunt van die Ekonomie is gevolglik al reeds in waardeoordele gesetel wat as moreel geregverdig aanvaar word.

Hierdie studie probeer vasstel of die grondslae van die moderne ekonomie uit die geskiedenis van die Westerse filosofie afkomstig is en in hierdie gedeelte is daar besin oor die morele uitgangspunte wat moontlik uit die filosofie van vorige denkers en ekonome afgelei kan word. Daar is gewys dat daar aan die een kant denkers is wat redeneer dat Ekonomie en markstelsels waardeevry is en sodanig bestudeer moet word. Daarna is egter aangetoon dat sodanige wetenskapsbeoefening onmoontlik is. Die voorveronderstellings wat bepaalde denkrigting onderlê het spesifieke implikasies. Die voorveronderstellings bepaal die keuse van ekonomiese stelsel, asook hoe daar oor die waarde van arbeid, oor vryheid, geluk en uiteindelik die akkumulاسie van welvaart in die ekonomie gedink word ten einde daardie geluk te

bereik. Daar is aangetoon dat veranderende tye en tegnologiese ontwikkeling ook die wyse wat denkers oor die gemeenskap en die ekonomie dink, beïnvloed. In sommige gevalle lei dit tot gebeurlikheidsetiek en uiteindelik tot 'n pragmatiese benadering. Dikwels kan dit tot uitbuiting van sommige markdeelnemers lei en die owerheid het dan 'n besliste rol om te vertolk.

Daar is aangetoon dat talle ekonomiese denkers veronderstel dat die neutrale markmeganisme volmaak is en tot voordeel van die hele samelewing is. Die aanname dat markmeganisme volmaak en tot die voordeel van die hele samelewing is, is egter reeds weer 'n waardeoordeel. Laastens was daar teruggekeer na die hoekstene van die ekonomiese wetenskap, naamlik die vraag-en-aanbodmeganisme en die marginale reël. Daar is aangetoon dat dit ook nie waardevry kan wees nie, maar dat die deugde wat dikwels daaraan toegedig word ook nie heeltemal gegrond is nie.

Na alles wat in hierdie studie ondersoek en bevind is, word daar nou einde laas weer teruggekeer na die marginale beginsel en word dit nou in die volgende paragrawe weer van nader beskou.

4.15 Die Marginale Beginsel Herbesin

Dit is gepas om nou weer in hierdie afdeling oor die marginale beginsel wat die ekonomiese wetenskap onderlê, te herbesin. Volgens Thurow (1983:226) is 'n realistiese model van rasonele keuses een wat 'n strategiese posisie ten opsigte van die wêreld inneem en aanvaar dat daar nie genoeg tyd is om elke marge te maksimeer nie. Sommige keuses word uit gewoonte geneem, aangesien dit die mees effektiewe aksie is om te aanvaar. Wanneer keuse van nader beskou word, openbaar dit dikwels dat daar in elk geval volgens marginale beginsels gehandel is (*sien ook* afd. 3.3.4 & 4.8 hierbo). Die doel van hierdie studie is om vas te stel of ekonomiese beginsels wetenskaplik begrond is en filosofiese begronding het (*sien* afd. 1.3). Aangesien die

marginale beginsel een van die hoekstene van die moderne Ekonomie is, is die doel van hierdie gedeelte om die logika daaragter te ondersoek.

Locke (1689:191) aanvaar dat individue die grootste voordeel vir hulself nastreef. Volgens Locke dien dit as motivering tot arbeid, tot op die punt waar inspanning en voordeel gelyk is, en waar die subjektiewe en objektiewe waarde ewewig is. Volgens Locke is hierdie ewewig in die marge waar begeerte of behoefte en inspanning korrespondeer. Markewewig is dan waar marginale koste gelyk is aan die marginale voordeel, waar die addisionele (marginale) inspanning gelyke marginale nut of tevredenheid meebring. Dit lei markdeelnemers in die neem van besluite rakende die hoeveelheid opoffering wat iets werd is.

Locke (1689:191) fouteer egter deur te reken dat die punt waar marginale koste en marginale voordeel balanseer, ook is waar totale koste en voordele gelyk is (Stark, 1943:14). Dit is nie moontlik nie. Natuurlike hulpbronne en kapitaalgoedere word ook nie gratis verkry nie, soos Locke (1690:137) aanvaar het. Dit spruit egter uit sy beperkte siening van privaatbesit en sy arbeidsteorie van waarde. Hierin het Marx hom ook nagevolg. Daar is reeds aangetoon dat Locke beweer dat persone nie meer grond mag besit as wat hulle in staat is om in een dag te verwerk nie (1690:132). Wat Locke egter nie besef is nie, is dat markdeelnemers deur ondervinding en opleiding met die tyd beter word, werkers se produktiwiteit verhoog, tesame met die gebruik van beter tegnologie, beter bemestingstowwe, tegnieke en arbeidsbesparende masjiene of kapitaalgoedere. Die fisiokrate het aan die begin van die Renaissance reeds agtergekom dat welvaart nie net geskep word deur winste uit verkope en veral internasionale handel op te pot, soos wat die merkantilisme geglo het nie, maar dat welvaart veral volg waar kapitaalgoedere geakkumuleer word (Roll, 1992:86). Die akkumulاسie van kapitaal kan dan welvaart skep, wat nie in konstante verhouding met die arbeidsinset is nie. Reeds in 1824 merk William Thompson op dat kapitaal nie net 'n produk van arbeid is nie, maar ook 'n substituuat vir arbeid kan wees (Stark, 1943:107). Om kapitaalgoedere in die eerste plek te bekom, verg wel arbeidsinset, maar wanneer

markdeelnemers dit eers besit, kan dit opbrengs oplewer met minimale arbeidsinset, veral in die geval van moderne tegnologie en toerusting.

Soos die mensdom ontwikkel, is al minder arbeid nodig om dieselfde grond oppervlakte te bewerk en kan een persoon nou aanmerklik meer op 'n dag produseer as vroeër (Kleynhans & Naudé, 2003:248). Die arbeidswaardeleer is reeds in afdeling 4.14 hierbo bespreek. Teen die begin van die koloniale tydperk was nege uit elke tien persone in diens van die landbou. Die fokus was slegs die produksie van voedsel en landbouproduksie was slegs op 'n oorlewingsvlak. Teen die begin van die twintigste eeu was daar al soveel ontwikkeling in Westerse lande dat slegs 38 persent van die arbeidsmag nog produktief in diens van plase was. Skaars twintig jaar later het dit gedaal tot 27 persent. Na die Tweede Wêreldoorlog het dit verder gedaal tot 11 persent, en teen die 1960's maar nege persent. Toe reeds het elke Westerse plaaswerker voedsel vir nog 22 ander persone geproduseer (Davis, 1963:179). Met die koms van meganisasie en die sogenaamde “groen rewolusie” word steeds al minder arbeid benodig (Ghatak, 2006:291).

Indien die dramatiese verhoging in produktiwiteit van arbeid en masjiene in aanmerking geneem word, stort die arbeidsteorie van waarde in duie. Die idee dat slegs arbeid waarde toevoeg en so as maatstaf van daaglikse produksie en private besit geneem kan word, werk dan nie, omdat die relatiewe grootte van arbeidsuitset nie meer konstant is nie. Die konstante en/of direkte verhouding tussen kapitaal en arbeid, en daarmee saam ook tussen inset en uitset, het reeds met Adam Smith (1776:109) se konsep van die verdeling van arbeid en spesialisasie begin verkrummel. Dit neem egter niks weg van die geldigheid van die marginale reël nie en dit is hierdie objektiewe teorie waarop die neoklassieke ekonome voortgebou het, omdat dit pragmaties benut kan word (Stark, 1943:14) en al meer die natuurwetenskappe navolg.

Soos meeste Positiviste en moderne ekonome het Herman Goosen ook die verhoging van menslike welvaart as die hoogste rede vir die mensdom se bestaan beskou, en gedienstig aan die hedonistiese kriteria, is die rede daarvoor om geluk te verhoog

(Stark, 1943:153). As daar aanvaar word dat die doel van markdeelnemers is om die gemeenskap te bevoordeel, maak dit sin. Ekonomie is dan 'n etiese wetenskap van genot (*sien* Leibniz en Locke se sienings oor hedonisme in afd. 2.5 en Jevons (1871) se definisie van Ekonomie in afd. 4.9). Volgens die klassieke wet van dalende grensnut, sal 'n versadigingspunt egter later bereik word. Ewig is dan die punt waar die opoffering vir produksie teenoor die plesier van verbruik uitbalanseer. Dan word die hoogste vlak van tevredenheid bereik, waar die laaste sent gespandeer op elke item dieselde tevredenheid sal meebring. Hierdie punt van tevredenheid is weer die klassieke wet van geweegde grensnut waar vebruikersoptimaliteit bestaan. Sodanige ewewig bring egter ook mee dat die laaste sent van 'n arm man baie meer werd is as die laaste sent van 'n ryke. Die ewig tussen opoffering en voordeel impliseer ook Edgeworth (1881:56) se teorie van ekonomiese ewewig wat die voordeel van ruiltransaksies aandui. Markdeelnemers sal ruil indien die addisionele waarde wat verkry word ten miste gelyk is aan dit wat opgeoffer word. Die enigste rede waarom ruil enigsins plaasvind, is omdat markdeelnemers subjektief verskillende grade van waarde aan elke kommoditeit toeken. Markdeelnemers ruil gewoonlik net indien hulle na die transaksie beter as voorheen af is. Die somtotaal van geluk of welvaart in die gemeenskap na so transaksie is dan meer. Alhoewel markdeelnemers ten minste in gelyke mate geruil het, is almal daarna beter daaraan toe.

Daar kan gevra word of optimale allokasie van hulpbronne volgens die marginale reël enigsins nog in 'n wêreld waar daar dikwels uitbuiting voorkom, moontlik is. Die idee is dat die individu maksimum voordeel probeer bereik met die bronne onder sy beheer, onder die aanname dat ander dit ook doen en die eie-belang neutraliseer. Dit gebeur egter dikwels nie weens beperkings wat daargestel is. Die idee is egter nie dat die hoogste uitkoms moontlik is nie, maar bloot die hoogste vlak van welvaart en produksie wat die individu kan bereik, met inagnome van die beperkinge wat bestaan. Sodanige beperkinge bring soms mee dat die optimale vlak baie laer is as wat teoreties potensieel moontlik is, maar dit is die beste waartoe die markdeelnemer in staat is.

Indien die beginsels van die Ekonomiese wetenskap veralgemeen word, kan dit gestel word dat, die sogenaamde wetenskap van geluk (om Jevons (1871:23) se definisie van afd. 4.9 te gebruik) se hoofbeginsel dit stel dat, die hoogste vlak van geluk verkry word, wanneer tyd en energie so verdeel is tussen die verkillende aspekte van tevredenheid, dat die waarde van die laaste item van 'n gelukbrengende objek wat geproduseer word, gelyk is aan die opoffering wat die inset om dit te produseer sou verg (Stark, 1943:158). By nadere ondersoek impliseer dit weereens dat hierdie grondleggers van Ekonomie juis besig was om die marginale reël te ontwikkel; want die hoogste voordeel of nut in die klassieke ekonomie word verkry waar die waarde van die laaste addisionele item geproduseer of verkry, gelyk is aan die laaste bykomende koste of prys wat dit geverg het om daardie item te bekom – met ander woorde waar marginale inkome aan die marginale koste gelyk is, en dit is juis die marginale reël.

Gaandeweg het die ekonomiese kennis vanaf 'n transendentale na 'n positivistiese wêreldbeeld verskuif en dit lei nie noodwendig tot meer insig nie. Die fout wat meeste denkers maak wanneer hulle die verbande in die ekonomie ondersoek, is dat die feit uit die oog verloor word dat Ekonomie in die eerste plek 'n geesteswetenskap is. Dit gaan oor wat tussen persone gebeur. Welvaart word nie vandag meer in die eerste plek deur die interverwantskap tussen mens en materie geskep nie, maar sentreer primêr om inligting en dienstesektore. Die mens is verteenwoordiger van die kollektiewe geheel, maar is tegelykertyd ook 'n selfgesentreerde onafhanklike eenheid wat met ander mense omgaan.

In hierdie afdeling van die studie is die filosofiese gronde van die marginale reël van Ekonomie nagevors. Daar is aangetoon dat die filosofiese spore van denkers uit die geskiedenis wel implisiet te bespeur is en dat dit logies opgebou is en verklaar kan word. Direkte duidelike filosofiese werk en teorieë is egter min, aangesien ekonomiese denkers meestal nie filosowe is nie. In die volgende gedeelte sal hierdie hoofstuk saamgevat word.

4.16 Slotopmerkings

Hierdie hoofstuk het as 'n toepassing van die vorige hoofstukke gedien. Die probleemstelling van hierdie studie is om te bepaal of dit moontlik is om die wyse waarop markdeelnemers die ekonomie vertolk en in die ekonomie optree, uit die Westerse denke afgelei kan word. Daar wil bepaal word of Ekonomie op deeglike filosofiese grondslae gefundeer is en na behore gesubstansieer is. In hierdie hoofstuk is basiese kerntemas uit die filosofie wat Ekonomie onderlê, geneem en bespreek. Daar is veral gesoek na die opvattinge van filosowe uit die ideëgeskiedenis en probeer bepaal of dit 'n fondasie vir Ekonomie en gedrag van die sakewêreld kan bied.

In die eerste plek is die aanname van rasionaliteit ondersoek en bespreek. Daar is aangetoon dat markdeelnemers nie altyd rasioneel optree nie, maar dat daar tog oor die optrede van die mark as geheel logiese afleidings gemaak kan word. Daarna is die konflikmotief wat die vryemarkbeginsel aandryf, bespreek. Daar is aangetoon dat dit positiewe en negatiewe uitwerkinge mag hê. Die filosofiese raakpunte van die konflikmotief en rasionalisme is ook bespreek.

Daarna is aandag geskenk aan die rol wat empirisme en positiwisme in die hedendaagse ekonomie speel. Hier is veral na die filosofie van John Locke verwys, maar ook na dié van ander. Daar is aangetoon dat Ekonomie ook as natuurwetenskap bestudeer kan word en die groot rol wat die wiskunde tot die Westerse epistemologie bygedra het, is getoon. Die empiriste het veral die tydens die Eeu van die Rede en veral tydens die Verligting daarna gestrewe om die Fisika en ander natuurwetenskappe na te volg. Dit hou wel voordele in, maar die slaafse navolging van byvoorbeeld die evolusionisme en 'n meganiese wêreldbeskouing het ook sy beperkings. Ekonomie is 'n wetenskap op sy eie, dinamies van aard en verander deurentyd. Alle metafore het hul beperkinge.

Voortvloeiend uit die empirisme het die Utilitarisme ontstaan, wat veral deur J.S. Mill bestudeer is. Daarvolgens het 'n voorwerp slegs waarde indien dit nut het en uiteindelik

is hierdie utiliteitsbeginsel bloot afgestem op die hedonisme. Ekonomiese agente handel slegs in die mark solank dit vir hulle voordele bring, en meer gemak, tevredenheid en plesier verskaf. Dit word as rasioneel beskou. Hierdie verwerping van ongemak en nastrewing van tevredenheid word in Ekonomie ook vertolk as die verhoging van welvaart en die vermindering van armoede en swaarkry.

Hierdie temas sentreer sterk op die individualisme wat dan bespreek is. Die moderne markdeelnemer is sterk ingestel op individuele outentisiteit. Elke deelnemer probeer die meeste bereik en die aanname is dat dit uiteindelik ook die gemeenskap bevoordeel. Daarmee saam gaan die konsep van privaatbesit wat reeds deur die Antieke Grieke aanvaar was. Daar is egter ook na die teendeel daarvan gewys en aangetoon hoe dit individue en die gemeenskap kan bevoordeel en benadeel. Daar is ook aangetoon dat die rol van arbeid in die moderne wêreld dramaties verander het, die direkte verband tussen arbeidsinset en produksie nie meer bestaan nie en dat dit 'n invloed op die idees van sommige denkers het, soos byvoorbeeld dié van Locke en Marx. Uiteindelik lei die sterk klem op utiliteit en individualisme, in 'n dinamiese ekonomie waar markdeelnemers dikwels nie ten volle in beheer is nie, noodwendig ook tot 'n pragmatisme wat die moderne ekonomie en markdeelnemers dryf. Dit mag as logiese konsekwensies van die volmaakte mededingingsmodel beskou word.

Aan die einde is ondersoek ingestel na die morele afleidings wat vir die hedendaagse lewe afgelei kan word uit dit wat in die hoofstuk bestudeer is. Locke en Kant het gereken daar kan geen morele waardes uit die natuurwetenskappe geleer word nie, terwyl ander soos Bastiat weer daarvan verskil het. Daar is aangetoon dat ekonomiese beginsels wat vir die individu waardeloos lyk, wel waardegeleaaide voorveronderstellings het, maar dat markdeelnemers nie altyd daarvan bewus is nie. Dit rig handeling en die rigting van die ekonomie onbewus.

Dit is dan ook die rede waarom daar 'n oënskynlike diskrepansie bestaan tussen ekonomiese beginsels en dit wat in die praktyk van die sakewêreld gebeur. Daar is aangetoon dat die ekonomiese beginsels wel steeds in die mark aan die werk is, maar

dat markdeelnemers nie daarvan bewus is nie. Aan die einde van die hoofstuk is daar dan weer teruggekeer na die marginale beginsel wat in Hoofstuk 3 gestel is. Daar is dan herbesin oor die gronde daarvan en die logika agter die beginsel was in die geheel gesien, wel bevestigend.

Die filosofiese idees wat in Hoofstuk 2 bespreek is, het nie so sterk in die bespreking van die ekonomiese beginsels in hierdie hoofstuk gefigureer soos wat beoog is nie. Dit gaan saam met die verloop en ontwikkeling van die geskiedenis, waar die moderne ekonomie eers gedurende die agtiende eeu sy beslag gekry het, met die begin van die industriële rewolusie tesame met denkers wat in daardie tye daarvoor begin dink het, soos Locke, Bastiat, Karl Marx en Adam Smith. Die volgende hoofstuk sal 'n opsomming en samevatting van die navorsing verskaf.

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

Die probleemstelling van hierdie studie het in Hoofstuk 1 aangedui dat hierdie studie wou bepaal word of die wyse wat markdeelnemers die ekonomie vertolk en in die ekonomie optree, afgelei kan word uit die Westerse denke. Daar was gevolglik na die grondslae van die ekonomie in die Westerse filosofie gesoek, om daardeur te probeer vasstel of die ekonomiese wetenskap wel behoorlik gefundeer is. Om dit te vermag, is die raamwerk van die filosofiese geskiedenis gedurende die afgelope drie millennia eerstens geskets, waarna die basiese ekonomiese aannames en beginsels beskryf is. In die vierde hoofstuk is die belangrike temas en paradigmas wat in die filosofie van belang is, en die moderne ekonomie onderlê, ondersoek en teen die agtergrond van die vorige twee hoofstukke ondersoek en toegepas. Daar moet vervolgens besin word of daar 'n antwoord op die probleemstelling gevind is.

In Hoofstuk 2 is die geskiedenis van die filosofie vanaf die Antieke tyd tot die hede nagespeur. Die oorsig oor die geskiedenis van die filosofie het as agtergrond gedien waarteen die moderne ekonomiese denke geëvalueer kan word. In 'n hierdie skripsie van beperkte omvang, is slegs bepaalde hoofmomente van die geskiedenis van die filosofie, wat moontlik lig kan werp op die probleemstelling, aangespreek. Die oorsig oor die geskiedenis van die filosofiese denke het die agtergrond verskaf waarmee die denkdekor van die Westerse wêreld ingeklee is en waarbinne ekonomiese denke kon ontwikkel.

Eerstens het Hoofstuk 2 die studie ingelei met 'n uiteensetting van die Antieke Griekse filosofie, wat die fundamente van die Westerse filosofiese denke gelê het. Daarna was die Middeleeue bespreek, waarna die Renaissance gevolg het. Na die denke van die Renaissance bespreek is, is daar besondere aandag gegee aan die sogenaamde “*Age of Reason*”, waartydens die Rasionalisme in besonder beslag gekry het, gevolg deur die Eeu van Verligting van die agtiende eeu. Gedurende hierdie era het empirisme en humanisme al belangriker geword. In hierdie era was daar ook al meer besin oor die lot van die mensdom, armoede en welvaart. Laastens is die moderne strominge van die kontemporêre filosofie kortliks aangeraak.

Die derde hoofstuk het die basiese beginsels van Ekonomie, waarvolgens die sakewêreld handel, beskryf. In hierdie hoofstuk is Ekonomie eerstens gedefinieer en die verskillende definisies van Ekonomie wat in die literatuur bestaan, is bespreek. Dit het ook die doel van ekonomie verduidelik. Daarna is die basiese aannames van Ekonomie weergegee en die belangrikste aannames is bespreek. Daar is spesiale aandag geskenk aan die aannames van volmaakte inligting, die rol van die entrepreneur, winsmaksimering as eerste ekonomiese aanname van die onderneming en nutsmaksimering van die verbruiker as doelwit, en die marginale reël – wat as die heel belangrikste aannames gesien word.

Hierna is aandag geskenk aan die vryemarkbeginsel, asook die standaardinstrumente van die ekonomiese wetenskap, naamlik die vraag-en-aanbod-model, die *ceteris paribus*-beginsel en ekonomiese ewewig. Daar is ook op van die onderliggende filosofiese raakpunte gewys, asook punte van kritiek, alhoewel dit die onderwerp van die volgende hoofstuk is.

In Hoofstuk 4 is die basiese kerntemas uit die filosofie, wat die Ekonomie onderlê bespreek. Daar is na raakpunte met filosowe deur die geskiedenis gesoek om te bepaal of Ekonomie op deeglike filosofiese grondslae gefundeer is en na behore

gesubstansieer kan word. Daar is nie ten volle daarin geslaag nie, waarskynlik omdat die moderne Ekonomie eers tydens die agtiende eeu sy beslag gekry het.

Daar is egter wel aangetoon dat die basiese beginsels van Ekonomie se grondslae in filosofiese geskiedenis gevind kan word. Daar is gewys dat dit reeds by die Antieke Grieke en veral by Plato ontstaan het. Daar is aangetoon dat die klassieke ekonomiese beginsels behoorlik gesubstansieer kan word en op deeglike grondslae gebou is; wat deur die groot filosowe van die verlede, soos Plato, Aristoteles, Locke en Leibniz, gelê is.

Hoofstuk 4 het begin deur te besin oor die aanname dat markdeelnemers rasioneel is. Rasionaliteit in sy verskillende vorme is gedefinieer en op die ekonomie toegepas. Hierdie studie het bevind dat die aanname van rasionaliteit bepaalde ekonomiese gedrag dikteer en volmaakte inligting en kennis impliseer. Hierdie implikasies hou egter dikwels nie stand in die praktyk nie. Markdeelnemers tree nie noodwendig altyd rasioneel op nie. Akademici wat die gebruik van die wiskunde en die natuurwetenskaplike metodes in Ekonomie voorstaan aanvaar dat rasionele gedrag in die mark bestaan en dat markdeelnemers altyd logies tree op. Die markmeganisme sal dan vanself sorg dat daar in alle lede van die samelewing se behoeftes voorsien sal word en almal se welvaart verhoog word. In hierdie opsig is na die voorstanders hiervan verwys, soos Locke en Turgot, terwyl daar ook denkers soos Thurow, Venter en Marx is wat dit nie kan aanvaar nie.

Die werking van die vryemarkmeganisme in die moderne ekonomie is fundamenteel gegrond in mededinging. Sommige denkers van die verlede, soos Hobbes, Machiavelli en Darwin, het benadruk dat konflik vir die gemeenskap voordele inhou, terwyl ander soos Venter en Marx konflik as vernietigend beskou. Darwinisme het die gang van die geskiedenis sedert die negentiende eeu gedikteer. Vrye mededinging word uiteindelik as onontbeerlik vir die behoorlike werking van die ekonomiese stelsel en die verhoging van sosiale welvaart beskou. Sommige denkers beskou dit as die Christelike

werkswyse, terwyl ander soos Edgeworth dit weer as 'n vernietigende slagveld sien, waar die swakkeres ondergaan.

In navolging van die natuurwetenskappe in die bestudering van ekonomie is daar veral van empiriste soos Locke geleer dat dit wel vir die mensdom tot voordeel kan wees. Kant het die positivistiese uitgang bevorder terwyl Hume en J.N. Keynes weer nie kon aanvaar dat veralgemenings vanaf waarnemings moontlik is nie. Karl Popper sluit by hulle aan en wys daarop dat niks wetenskaplik bewys kan word nie, maar slegs vals bewys kan word. Om hierdie rede beweer Kuhn dat 'n teorie slegs gebruik word totdat 'n beter teorie uitgevind word en daar dan 'n paradigmaskuif na die nuwe idee gemaak word. Die gebruik van die natuurwetenskappe en wiskunde in die ekonomie is gevolglik nie meer net gerieflike instrumente nie, maar is bepalend in die totale markstruktuur en menslike denke.

Indien die meganiese wêreldbeeld van Ekonomie aanvaar word en aanvaar word dat die Ekonomie soos Fisika werk, is markdeelnemers uitgelewer aan die natuur sonder veel beheer daarvoor aangesien dit dan bloot 'n selfgedrewe masjien is. Die beste wat individue dan kan doen is om die werking van die ekonomie slaaf na te volg en dit wat werk, bloot te aanvaar. Die meganiese wêreldbeeld loop dan noodwendig uit op die aanvaarding van pragmatisme soos voorgestaan deur denkers soos James en Rorty. Iets word slegs as waarheid aanvaar solank dit werk. Die pragmatisme wat spruit uit hierdie meganiese wêreldbeeld verklaar dan ook waarom markdeelnemers soms irrasioneel optree en logika nie altyd in die mark gevind kan word nie. Solank iets die teorie werk, of solank winste of nut verhoog kan word, is dit goed en bevorderlik. In die ekonomie is deug dus byvoorbeeld geleë in die generering van winste.

Die moderne ekonomiese wetenskap is vandag 'n besonder gesofistikeerde wetenskap, en ook die mees wiskundige van alle geesteswetenskappe. Die werklikheid is egter dat markdeelnemers in die praktyk hulle baie min steur aan wat die teorie bepaal, maar dit verminder nie die geldigheid van die teorie nie. Die vervreemding tussen teorie en praktyk is dan van nader bestudeer. Daar kan aangevoer word dat onderliggende teorie

wel deur navorsers te bespeur is, maar dat dit baie meer insig vereis. Markdeelnemers tree egter pragmaties op en dan is daar min logika en rasionalisme te bespeur. Daar is ook aangetoon dat markdeelnemers soms selfs oneties moet optree indien hulle winste wil maksimeer en die marginale reël nagestreef moet word.

Weens die kompleksiteit van die ekonomie en die samelewing is dit nie moontlik om die ekonomie as geheel te isoleer en te bestudeer nie. Nie een teorie of skool is by magte om die werking van die ekonomie in sy geheel te verklaar en behoorlik te voorspel nie. Aangesien geen teorie by magte is om die werklikheid ten volle getrou voor te stel nie, is dan ook die hoofrede waarom ekonomiese teorie en dit wat markdeelnemers in die praktyk doen, dikwels verskil. Elke teorie en skool maak 'n bydrae om die werking van die ekonomie te leer ken, maar die mensdom kan die kompleksiteit daarvan steeds nie beheers nie, en weens die dinamiese aard daarvan verander die mark en die ekonomie ook aanhoudend. Die gevolg is dat Ekonomie en die sakewêreld 'n eklektiese benadering volg deur die beste uit elke teorie of skool te benut (Copeland, 1990:351). Geen ekonomiese teorie sal ooit 'n deeglik aaneengeskakelde beeld van die ekonomie en sy werking kan gee nie. Die omvang en kompleksiteit van die ekonomiese werklikheid bring dan ook mee dat hierdie skripsie slegs 'n "inleiding" tot die probleemstelling kan wees. Ruimte vir verdere navorsing oor hierdie onderwerp is onbeperk.

In die mark tree elke markdeelnemer op sy eie in die gees van outentisiteit op en dit impliseer dat individualisme 'n kenmerk van die moderne mededingende ekonomiese stelsel is. Individualisme het dan ook besondere aandag in hierdie studie ontvang. Hier was dit veral Locke wat daarop gefokus het. Individualisme impliseer vir meeste denkers noodwendig ook privaatbesit in die ekonomie. Die konsepte van individualisme en privaatbesit was reeds in Antieke Griekeland bekend by denkers soos Plato en Aristoteles. Daar is egter ook na die teendeel daarvan gewys en daar is aangetoon hoe dit die individu kan bevoordeel en benadeel.

Saam met die moderne neiging tot pragmatisme, mededinging en winste wat elkeen vir homself probeer wen, is utilitarisme ook 'n belangrike tema wat ondersoek is. Markdeelnemers handel ten einde hul voordeel te verhoog. Jevons het dit gestel dat die doel van ekonomie is om die geluk van aankoop-plesier aan vraagkant te maksimeer. Epicurus het alreeds gestel dat plesier die hoogste deug is. Leibniz, Mill en Locke het die afkooptoestand tussen pyn en plesier ook bestudeer, terwyl Bentham dit as deel van die goue reël gesien het en as etiese uitgangspunt gebruik het ten einde die beste vir die gemeenskap te bevorder. Die doel van Ekonomie kan in hierdie verband verwoord word as die nastrewing van die hoogste welvaart vir die gemeenskap en die vermindering van armoede en ontbering.

Die aanname van volmaakte kennis in Ekonomie, wat sterk herinner aan Plato se volmaakte ideewêreld, is daarna aangespreek en vind noue aansluiting by die aanname van rasionalisme. Vir die markmeganisme om volmaak te funksioneer, is volmaakte inligting van byvoorbeeld kostes en pryse wat verkopers en kopers bereid is om te aanvaar, noodsaaklik. Niks in die wêreld is egter volmaak nie en so ook nie die mark nie. Daar bestaan onsekerheid by markdeelnemers en markmislukking kom wel voor. Daar is egter wel algemene verskynsels, soos byvoorbeeld dat kopers minder van 'n kommoditeit sal koop indien die prys daarvan styg, en dit is daarom wel moontlik vir markdeelnemers om te beplan, winste te verhoog en risiko's te vermy.

Aan die einde van Hoofstuk 4 is daar na morele uitgangspunte in hierdie studie gesoek. Locke en Kant staan dit direk teë aangesien hulle glo dat morele waardes nie uit die werking van die natuurwetenskappe afgelei kan word nie en hul benadering tot Ekonomie is ook empiristies en positivisties. J.N. Keynes het die taak van Ekonomie weer as hoogs eties beskou. Diegene wat reken dat die markmeganisme volmaak is, reken dat dit eties is om die vrye werking van die ekonomie en hoër winste te bevorder. Goudzwaard bepleit weer 'n ekonomiese stelsel wat die mensdom eerste stel. Ander beskou dit weer as bloot addisionele kostes in die stelsel en inmenging in die vryemarkstelsel. Marx en Knight het hul bedenkinge oor die moraal van die hele ekonomiese stelsel, terwyl denkers soos Bastiat en Tompson weer besondere deug

daarin sien. Meeste ekonome poog om die ekonomiese wetenskap neutraal te benader en reken dat daar geen etiese waardes en standpunte in is nie. Daar is egter gewys dat daar in meeste van die ekonomiese aannames en beginsels morele waardes in hul voorveronderstellings verskuil is.

Laastens is daar in Hoofstuk 4 herbesin oor die marginale beginsel wat meeste ekonomiese beginsels en instrumente, soos vraag-en-aanbod, onderlê. Daar is gewys op die feit dat die ekonomie noodwendig volgens dié beginsel werk, ongeag of markdeelnemers dit as 'n reël probeer nastreef of nie. Daar is ook gewys op die wyse wat Locke marginale kostes en voordeel benader het. Daar is aangetoon dat die rol van arbeid in die moderne wêreld verander het en dat die direkte verband tussen arbeidsinset en produksie vervaag. Dit impliseer dat die idees van sommige denkers van die verlede, soos Locke en Marx, nie meer vandag soos in die verlede, direk sonder wysigings toegepas kan word nie. Moderne veranderinge in die wêreld het ook 'n invloed op die Ekonomiese wetenskap, maar in meeste gevalle verstek dit die beginsels. Die marginale beginsel verseker dat skaars hulpbronne optimaal toegeken word en dit help om menslike welvaart te verhoog. Laastens is aangetoon dat Ekonomie in die eerste plek 'n geesteswetenskap is en dat die nabootsing van die natuurwetenskaplike metodes nie altyd tot die gewenste uitwerkings sal lei nie.

Die probleemstelling wat in hierdie studie ondersoek is, is of die wyse wat markdeelnemers die ekonomie vertolk en in die ekonomie optree, uit die Westerse denke van die verlede afgelei kan word. Die sogenaamde ekonomiese beginsels stel nie die wêreld voor soos dit in werklikheid is nie, maar dat dit berus op 'n aantal aannames, wat nie ten volle gesubstansieer kan word nie. Die studie het ook ten doel gehad om die basiese ekonomiese beginsels wat ter sprake is, te ondersoek. Dit is in Hoofstuk 3 gedoen. Die ontwikkeling van filosofiese denke tot op hede is ondersoek (Hoofstuk 2) en in Hoofstuk 4 is die belangrike konsepte wat ekonomiese denke onderlê, nagespeur, om te bepaal of die ekonomiese wetenskap behoorlik gesubstansieer is en hoe hierdie konsepte die werking van die moderne ekonomiese temas bepaal. Hierdie doelstellings is almal aan voldoen. Dat daar wel gronde vir die

hedendaagse ekonomiese beginsels in die geskiedenis bestaan, is wel gevind, maar tog is daar nie soveel filosofiese raakpunte uit die geskiedenis gevind as waarvoor gehoop was nie.

Daar is gevind dat van die ekonomiese beginsels wel ooreenstem met die denke van sommige filosowe van die verlede en dat daar wel in talle gevalle gronde vir die uitgangspunte bestaan, maar dat dit met omsigtigheid bejeën moet word. Daar moet ook nie uit die oog verloor word dat hierdie filosowe, soos veral Locke in die eerste plek, empiriste was en hul vertrekpunt gevolglik reeds in die empirisme en positiwisme geleë is en dus reeds 'n bepaalde uitgangspunt veronderstel nie. Die fondasie is gevolglik nie so stewig as wat dit skyn te wees nie.

Daar behoort ook in ag geneem te word dat wetenskaplike kennis deur die jare baie verbeter en ontwikkel het, en dat klassieke filosowe van ouds ook nie alles geweet het nie. Die wyse waarvolgens die menslike samelewing georganiseer word en die wyse waarin daar aan persone se behoeftes voorsien word, en hoe die ekonomie en die mark saamgestel is, het deur die jare ingrypend verander.

Daar is bevind dat die wyse waarop die moderne ekonomie funksioneer, in die filosofiese onderbou van die moderne rasionalisme en irrasioneel liberale samelewingsvisie ingebou is. Die filosofiese grondslae is reeds implisiet aanwesig in die veronderstellings en basiese begrippe van ekonomiese beginsels en die etiese kode van die moderne, liberale burgerlike samelewing; en dat baie van hierdie aannames nie noodwendig gesubstansieer is nie. Daar is egter aangetoon dat dié beginsels op die werk van vorige denkers gebou het, maar daar is ook aangetoon dat die aannames in baie gevalle nie waar is nie, en in ander, 'n oorvereenvoudiging van die werklikheid is, omdat die ekonomiese werklikheid so kompleks van aard is. Dit lei markdeelnemers en akademici gevolglik tot 'n eklektiese en pragmatiese benadering. Hierdie skripsie is egter slegs 'n inleidende studie en navorsing is nog nodig. Elke afdeling verdien nog verdere in-diepte studie en navorsing om die hipotese verder te ondersoek. Dit dui ook die universele aard van die navorsingsvraag aan, want in die filosofie word die groot

lewensvrae vir millennia bestudeer, sonder dat 'n finale antwoord ooit bereik sal word. Bertrand Russell (1921:249) stel dit dan ook te reg dat:

Philosophy is to be studied, not for the sake of any definite answers to its questions, since no definite answers can, and as a rule, be known to be true, but rather for the sake of the questions themselves; because these questions enlarge our conception of what is possible, enrich our intellectual imagination, and diminish the dogmatic assurance which closes the mind against speculation; but above all because, through the greatness of the universe which philosophy contemplates, the mind is also rendered great, and becomes capable of that union with the universe which constitutes its highest good.

Uiteindelik lê die sterk klem op utiliteit en individualisme in 'n dinamiese ekonomie waar die individu dikwels nie ten volle in beheer is nie, en lei dit noodwendig ook tot 'n pragmatisme wat die moderne ekonomie en markdeelnemers dryf. Die slotsom is gevolglik dat die basiese ekonomiese beginsels uit die filosofiese empirisme afgelei is, wat aanleiding gee tot die nastrewing van die metodes van die natuurwetenskappe, individualisme, die utiliteitsbeginsel, en 'n strewe na rasionalisme en logika, wat uiteindelik meebring dat die moderne ekonomie die filosofie van die Pragmatisme nastreef.

BIBLIOGRAFIE

- Albrecht, W.S. & Albrecht, C.C. & Albrecht, C.O. 2004. Fraud and Corporate Executives: Agency, Stewardship and Broken Trust. *Journal of Forensic Accountancy*. 5: 109-130.
- Alchian, A. 1950. Uncertainty, Evolution and Economic Theory. *Journal of Political Economy*. 211-221.
- Amdahl, K. & Loats, J. 2001. Calculus for Cats. Clearwater Publishing.
- Aquinas, T. 1256. On the Truth of the Catholic Faith. *Summa Contra Gentiles*. Vertaal deur A.C. Pegis. 1955-weergawe. New York: Image Books.
- Aristoteles. 350 vC. Politics. The Pennsylvania State University. Penn State Electronic Classics Series Publication. Vertaal deur J. Jowet. 1999-weergawe. Kitchener: Batoche Books.
- Armstrong, H & Taylor, J. 1993. Regional Economics and Policy. 2^{de} weerg. Londen: Harvester Wheatsheaf.
- Backhaus, R.E. & Medema, S.G. 2009. On the Definition of Economics. *Journal of Economic Perspectives*. 23(1):221-233.
- Bastiat, F. 1850. The Law. New York: Foundation of Education, Inc. 1990-weergawe.
- Baye, M.R. 1997. Managerial Economics and Business Strategy. Chicago: Irwin.
- Bergmann, B.R. 2005. The Current State of Economics: Needs Lots of Work. *Annals of the American Academy of Political and Social Science*, Vol. 600, The Use and Usefulness of the Social Sciences: Achievements, Disappointments, and Promise (Jul.): 52-67.
- Berlin, I. 1963. The Emergence of Science. The Age of Enlightenment. The 18th Century Philosophers. New York: Mentor Books.
- Besanko, D., Dranove, D., Shanley, M. & Schaefer, S. 2007. Economics of Strategy. Hoboken: John Wiley & Sons.

- Blaug, M. 1992. *The Methodology of Economics: How Economists Explain*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Bouquet, A.C. 1954. *Sacred Books of the World*. Melbourne: Penguin Books.
- Breit, W. & Spencer, R.W. eds. 1997. *Lives of the Laureates. Thirteen Nobel Economists*. Cambridge: MIT Press.
- Brown, C. 1990. *Christianity and Western Thought. A History of Philosophers, Ideas and Movements*. Vol. 1: From the Ancient World to the Age of Enlightenment. Downers Grove, Illinois: Intervarsity Press.
- Browning, E.K. & Zupan, M.A. 2012. *Microeconomics: Theory and Application*. Danvers: John Wiley & Sons.
- Buchholz, T.G. 2007. *New Ideas from Dead Economists – An Introduction to Modern Economic Thought*. London: Penguin.
- Canterbery, E.R. 2009. *The Making of Economics, vol. II, The Modern Superstructure*. New Jersey: World Scientific.
- Chalk, A.F. 1951. Natural Law and the Rise of Economic Individualism in England. *Journal of Political Economy*. 59:330-347.
- Cole, K.C. 1998. *The Universe and the Teacup. The Mathematics of Truth and Beauty*. New York: Harcourt.
- Copeland, L.S. 1990. *Exchange Rates and International Finance*. Wokingham: Addison-Wesley Publishing.
- Darwin, C. 1859. *The Origin of Species*. 1986-weergawe: Vertaal deur Barrow, J.W. London: Penguin.
- Davies, P. 2001. *The mind of God. Science and the search for ultimate meaning*. London: Penguin.
- De Bono, E. 2009. *Think! Before it's Too Late*. Londen: Vermilion.

- De Beer, H. 2007. Omvang en Aard van Ekonomiese Misdaad in Suid-Afrika en die Invloed op die Ekonomie. Programrede tydens by die PUK-Forum seminaar (KPMG). Potchefstroom.
- De Santillana, G. 1956. The Age of Adventure. The Renaissance Philosophers. New York: Mentor Books.
- Dehaene, S. 1998. The Number Sense. How the Mind Creates Mathematics. Londen: Penguin Books.
- Derrida, J. 1978. Writing and Difference. Vertaal deur A. Bass. Chicago: University of Chicago University Press.
- Derrida, J. 1990. Signature Event Context. *In: Limited Inc.* Evanston: Northwestern University Press.
- Derrida, J. 1991. Letter to a Japanese Friend. *In: Kamuf, P (red.). A Derrida reader: Between the blinds.* New York: Columbia University Press, pp. 269-276.
- Descartes, R. 1637. Discourse on Method and Meditation. 1968-weergawe. Vertaal deur Sutcliffe, F.E. Londen: Penguin.
- Diederichs, N. 1938. Die Kommunisme, sy Teorie en Taktiek. Bloemfontein: Nasionale Pers.
- Dooyeweerd, H. 1948. The Method of Transcendental Criticism. (*In: Transcendental Problems of Philosophic Thought.* Grand Rapids: Eerdmans. pp. 29-55).
- Downs, R.B. 2004. Books that changed the world. New York: Signet Classic.
- Earley, J.S. 1955. Recent Developments in Cost Accounting and the Marginal Analysis. *Journal of Political Economy.* 63(3):227-242. Jun.
- Easterly, W. & Levine, R. 1997a. Africa's Growth Tragedy: Policies and Ethnic Divisions. *The Quarterly Journal of Economics.* 112(4): 1203-1250. Nov.
- Edgeworth, F.Y. 1881. Mathematical Physics. 1932 weergawe. London School of Economics Reprints.

- Ehlers, R. & Smal, M.M. 2006. The Relative Accuracy of the South African Reserve Bank Inflation Forecasts. *Monetary Policy Review*. November 2006: 30-31. Pretoria: Suid-Afrikaanse Reserwebank.
- Ekelund, R.B. & Hebert, R.F. 2007. A History of Economic Theory and Method. New York: Waveland Press.
- Farmer, R.E.A. 2010. How the Economy Works. Oxford: Oxford University Press.
- Feyerabend, P. 1975. Against Method. Londen: MLB.
- Friedman, M. 1953. Essays in Positive Economics. Chicago: Chicago University Press.
- Friedman, M. 1997. Milton Friedman *In: Breit, W. & Spencer, R.W. eds.* 1997.
- Frost, S.E. 1962. Basic Teachings of the Great Philosophers. New York: Dolphin.
- Gadamer, H.G. 1975. Truth and Method. Londen: Sheed & Ward.
- Ghatak, S. 2006. Introduction to Development Economics. Londen: Routledge.
- Goudswaard, B. & De Lange, H. 1995. Beyond Poverty and Affluence. Toronto: Toronto University Press.
- Gouws, R.H. & Odendal F.F. 2005. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. Kaapstad: Pearson Education.
- Gregory, A. Eureka! The Birth of Science. Lanham, Maryland: Totem Books.
- Grubel, H.G. & Boland, L.A. 1986. On the Efficient use of Mathematics in Economics: Some Theory, Facts and Results of an Opinion Survey. *Kyklos*. 39(3):419-442.
- Hall, R.L. & Hitch, C.J. 1939. Price Theory and Business Behaviour. *Oxford Economic Papers*, 2: 12-45. Mei.
- Hampshire, 1964. Age of Reason. The 17th Century Philosophers. New York: Mentor Books.
- Hausman, D.M. *red.* 1984. The Philosophy of Economics: An Anthology. Cambridge: Cambridge University Press.
- Heidegger, M. 1961. Introduction to Metaphysics. New York: Anchor Books.

- Heilbroner, R. & Milberg, W. 1995. *The Crisis of Vision in Modern Economic Thought*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Henry, J. 2002. *Knowledge is Power. How Magic, the Government and an Apocalyptic Vision Inspired Francis Bacon to Create Modern Science*. Cambridge: Icon Books.
- Heyne, P.T. 2008. *Are Economists Basically Immoral? And Other Essays on Economics, Ethics and Religion*. Liberty Fund Inc.
- Heyns, J.A. 1967. *Denkers deur die Eeue*. Elsiesrivier: Tafelberg.
- Hume, D. 1738. *A Treatise of Human Nature*. 1911 edition with an introduction by A.D. Lindsay. London: Dent.
- Hume, D. 1955. *An Inquiry Concerning Human Understanding*. Indianapolis: Bobbs-Merrill.
- James, W. 1902. *The Varieties of Religious Experience*. Londen: Longmans.
- James, W. 1907. *Pragmatism and Four Essays from the Meaning of Truth*. Cleveland: Meridian Books. 1970-weergawe.
- Jevons, J.S. 1871. *The Theory of Political Economy*. London: Macmillan and Co.
- Jevons, J.S. 1878. *Political Economy*. Londen: Macmillan and Co.
- Kant, I. 1975. *Idee einder algemeneine Geschichte in Weltbürgerliche Absicht*. In: Kant, 1975. *Werke in Zehn Bänden*. Bd 9. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft. Vertaal deur J.J. Venter. pp. 33-50.
- Kant, I. 1781. *Immanuel Kant's Critique of Pure Reason*. Vertaal deur N.K. Smith 1956-edition. Londen: MacMillan.
- Kant, I. 1785. *Fundamental Principles of the Metaphysics of Ethics*. Vertaal deur T.K. Abbott 1926-weergawe. Londen: Longmans, Green & Co. LTD.
- Kemp, T. 1989. *Historical Patterns of Industrialization*. Essex: Longman.
- Kenen, P.B. 2000. *The International Economy*. Cambridge: Cambridge University Press.

- Keynes, J.N. 1917. The Scope and Method of Political Economy. *In*: Hausman, D.M. The Philosophy of Economics. Cambridge: Cambridge University Press.
- Keynes, J.M. 1953. The General Theory of Employment, Interest, and Money. San Diego: Harvest HBJ Book.
- Kleynhans, E.P.J. 1993. Die Fundamentele Beskouing van die Oostenrykse Skool. BA honneursskripsie. Aucklandpark: Randse Afrikaanse Universiteit.
- Kleynhans, E.P.J. 2003. Ekonomiese Ontwikkelingslesse vir Suid-Afrika uit die Geskiedenis van Die Afrikaner (1936-1948). Referaat gelewer tydens die kongres van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Kleynhans, E.P.J. 2004. 'n Geïntegreerde Benadering tot die Armoedevraagstuk met Inagneming van Ekonomie en Kultuur. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*. 44(2 & 3): 180-192. Jun./Sep.
- Kleynhans, E.P.J. & Naudé, W.A. 2003. Ekonomiese Ontwikkeling: 'n Suid-Afrikaanse Perspektief. 7^{de} uitgawe. Potchefstroom: Skool vir Ekonomie, Risikobestuur en Internasionale Handel, Potchefstroomse Universiteit.
- Kline, M. 1985. Mathematics of Nonmathematicians. New York: Dover.
- Kline, M. 1986. Mathematics in Western Culture. Londen: Penguin.
- Knight, F. 1935. The Ethics of Competition and Other Essays. New York: Harper.
- Koutsoyiannis, A. 1991. Modern Microeconomics. Londen: Macmillan.
- Kuhn, T.S. 1996. The Structure of Scientific Revolutions. Chicago: University of Chicago Press.
- Le Roux, E. 2009. The Current Position of the Economy in Light of the Economic Crises. The View of Rand Merchant Bank. Voordrag gelewer by die Noordwes-Universiteit. Potchefstroom. 15 Okt. 2009.
- Leibniz, G.W. 1714. Philosophical Writings. 1951-weergawe. London: Dent.

- Locke, J. 1689. *An Essay Concerning Human Understanding*. Londen: George Routledge.
- Locke, J. 1690. *Two Treatises of Civil Government*. Londen: J.M. Dent & Sons Ltd. 1924 edition.
- Lotriet, R.A. 2007. Die Antitese in die Parallele van Misdaad-Bulle en Etiek-Bere. Referaat gelewer tydens die kongres van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Universiteit van Pretoria.
- Loubser, R.A. & Venter, J.J. 2009. Philosophical issues in environmental management: the nature-culture dialectic and sustainability. *Acta Academica*. 41(1):22-68.
- Louw, D. & Edwards, D. 1995. *Psychology*. Johannesburg: Lexicon.
- Low, B. 1928. *The Unconscious in Action*. Londen: University of London Press.
- Lyotard, 1984. *The Post-Modern Condition*. Minnesota: University Of Minnesota Press.
- Mair, D. & Miller, A.G. 1992. *A Modern Guide to Economic Thought*. Vermont: Edward Elger.
- Machlup, F. 1967. Theories of the Firm: Marginalist, Behavioral, Managerial. *The American Economic Review*. 57(1967):1-33. Mar.
- Malthus, T.R. 1798. *An Essay on the Principle of Population*. 1985 Edition: Edited by A. Flew, London: Penguin.
- Mankiw, N.G. & Taylor, M.P. 2011. *Principles of Microeconomics*. Hampshire: South-Western Cengage.
- Marshall, A. 1890. *Principles of Economics*. Londen: Macmillan & Co.
- Marshall, A. 1892. *Elements of Economics of Industry*. Londen: Macmillan & Co.
- Marx, K. 1867. *Capital*. Londen: Dent. 1942-weergawe.
- Marx, K. 1973. *Grundrisse. Foundations of the Critique of Political Economy (rough draft)*. Vertaal deur N.M. Harmondsworth: Penguin Books.
- Marx, K. & Engels, F. 1848. *The Communist Manifesto*. 1985-weergawe: Vertaal deur Taylor, A.J.P. London: Penguin.

- Mautner, T. 2005. *The Penguin Dictionary of Philosophy*. Londen: Penguin.
- McNess, S.K. 1975. An Evaluation of Economic Forecasts. *New England Economic Review*. Nov.-Des.: 3.
- Meier, G.M. & Raunch, J.E. 2005. *Leading issues in economic development*. New York: Oxford University Press.
- Mill, J.S. 1844. *Essays on Some Unsettled Questions of Political Economy*. The Pennsylvania State University. Penn State Electronic Classics Series Publication. 2004-weergawe. <http://www.hn.psu.edu/faculty/jmanis/mill.htm>.
- Mill, J.S. 1879. *Utilitarianism*. The Pennsylvania State University. Penn State Electronic Classics Series Publication. 2004-weergawe. <http://www.hn.psu.edu/faculty/jmanis/mill.htm> .
- Modell, S. 1974. *A History of the Western World*. Vol. 2. New Jersey: Prentice Hall.
- Mohr, P. 2010. *Understanding the Economy*. Pretoria: Van Schaik.
- Mohr, P. & Fourie, L. 2007. *Economics for South African Students*. Pretoria: Van Schaik.
- Mohr, P. & Rogers, C. 1994. *Makro-Ekonomie*. Johannesburg: Lexicon.
- Nafzinger, E.W. 1990. *The Economics of Developing Countries*. New Jersey: Prentice Hall.
- Palmer, R.E. 1969. *Hermeneutics. Interpretation Theory in Schleiermacher, Dilthey, Heidegger, and Gadamer*. Evenson: Northwestern University Press.
- Parsons, R. 2009. Openingsrede gelewer deur die voormalige president van die Ekonomiese Vereniging van Suid-Afrikaanse tydens die 2^{de} Gauteng Nagraadse Konferensie vir Ekonomie. Noordwes-Universiteit, Potchefstroom.
- Pidd, M. 2001. The Futures of OR. *Journal of the Operational Research Society*. 52(11):1181-1190.

Plato. 360 vC. The Republic. The Pennsylvania State University. Penn State Electronic Classics Series Publication. 1998 edition.

<http://www2.hn.psu.edu/faculty/jmanis/plato.htm>

Plato. 1986. The Dialogues of Plato. Vertaal deur E. Segal. New York: Bantam.

Popper, K. 1959. The Logic of Scientific Discovery. London: Hutchinson.

Quddus, M. 2009. Gesprek per e-pos met prof. Quddus, Dekaan: School of Business: University of Southern Indiana. muquddus@pvamu.edu. 19 Jun.

Quddus, M. & Rashid, S. 1993. The Overmathematicization of Economics: Lessons for Business Disciplines. *Journal of Education for Business*. 68(5):288-293.

Rheingold, H. 2005. *In: Brockman, J. ed. What we Believe but Cannot Prove*. London: Pocket Books.

Rescher, N. 1967. The Philosophy of Leibniz. New Jersey: Prentice-Hall.

Robbins, L. 1935. An Essay on the Nature and Significance of Economic Science. London: MacMillan.

Roll, E. 1992. A History of Economic Thought. Londen: Faber & Faber.

Rorty, R. 1982. The Consequences of Pragmatism. Minneapolis: University of Minnesota Press.

Rorty, R. 1999. Philosophy and Social Hope. Londen: Penguin.

Rosen, H.S. 1995. Public finance. Chicago: Irwin.

Rousseau, J.J. 1762. The Social Contract & Discourses. Vertaal deur C.D.H. Cole 1961-weergawe. Londen: Dent.

Rossouw, J. 2007. Onderhoud gevoer oor die akkuraatheid van ekonometriele voorspellings van die Suid-Afrikaanse Reserwebank. Pretoria. 22 Junie.

Russell, B. 1921. The Problems of Philosophy. Londen: Williams & Norgate.

Samuelson, P.A. 1983. Foundations of Economic Analysis. Harvard Publishers.

- Sameulson, W.F. & Marks, S.G. 2006. *Managerial Economics*. Hoboken: John Wiley & Sons.
- Sandmo, A. 2001. Optimal Taxation in the Presence of Externalities. *Swedish Journal of Economics*: 86-98.
- Sandmo, A. 2004. The Theory of Tax Evasion: A Retrospective View. Norwegian School of Economics and Business Administration. Discussion paper 31/04.
- Scully, G.W. 1988. The Institutional Framework and Economic Development. *Journal of Political Economy*. 96(3):652-662.
- Simon, H.E. 1955. A Behavioural Model of Rational Choice. *Quarterly Journal of Economics*. 69(1): 99-118.
- Simons, P. 2007. Tilling the Good Earth: The Impact of Technicism and Economism on Agriculture. Doktorale proefskrif: PhD Filosofie. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.
- Sims, C.A. 1996. Macroeconomics and Methodology. *The Journal of Economic Perspectives*, 10(1): 105-120. Winter.
- Smith, A. 1759. *The Theory of Moral Sentiments*. 2002-weergawe. geredigeer deur K. Haakonssen. New York: Cambridge University Press.
- Smith, A. 1776. *The Wealth of Nations*. Books 1-3. 1986-weergawe: Inleiding deur Skinner, A. Londen: Penguin.
- Smith, V.L. 2008. *Rationality in Economics. Constructivist and Ecological Forms*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Snyman, J.J. & Du Plessis, P.G.W. 1987. *Wetenskapsbeelde in die Geesteswetenskappe*. Pretoria: RGN.
- StatsSA. 2009. *South African Statistics 2009*. Pretoria: Statistics South Africa.
- Stark, W. 1943. *The Ideal Foundation of Economic Thought. Three Essays on the Philosophy of Economics*. Londen: Kegan Paul, Trench, Truber & Co. Ltd.

- Stumpf, S.E. & Fieser, J. 2007. *Socrates to Sartre and Beyond. A History of Philosophy*. Boston: McGraw Hill.
- Taylor, C. 1999. *The Ethics of Authenticity*. Harvard University.
- Thurow, L.C. 1983. *Dangerous Currents. The State of Economics*. New York: Random House.
- Thirlwall, A.P. 2006. *Growth and Development*. London: Palgrave Macmillan.
- Thomas, C.B. 2002. Called to Account. *Time*. 18 Junie.
- Todaro, M.P. & Smith, S.C. 2011. *Economic Development*. London: Pearson.
- Urmson, J.O. & Rée, J. 2000. *The Concise Encyclopaedia of Western Philosophy and Philosophers*. Londen: Routledge.
- Van den Heever, J. 2009. Voordrag gelewer tydens die Monetêre Beleidsforum (MPF) van die Suid-Afrikaanse Reserwebank op 20 November 2009. Klerksdorp.
- Van Vrede, F. 2007. Korrupsie en die Rol van Vakbonde in die Handhawing van “Good Governance”. Referaat gelewer tydens die kongres van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Universiteit van Pretoria.
- Veblen, T. 1898. Why is Economics not an Evolutionary Science? *Quarterly Journal of Economics*. 12(4):373-397. Jul.
- Veblen, T. 1904. *The Theory of Business Enterprise*. New York: Scribner.
- Venter, E.A. 1968. *Die Ontwikkeling van die Westerse Denke*. Bloemfontein: Sacum.
- Venter, J.J. 1983. Rasionaliteit by Anselmus van Kantelberg. *Humanitas* (HSRC), 9(1):1-14.
- Venter, J.J. 1996a. Conceiving Conflict/Competition Gripped By A World Picture: C. Darwin, D. H. Lawrence and F. A. von Hayek. *In: Tymieniecka, A-T. red. Life in the Glory of its Radiating Manifestations 25th Anniversary Publication. Analecta Husserliana. The Yearbook of Phenomenological Research*. Vol. 68. The World Institute for Advanced Phenomenological Research and Learning. Dordrecht: Kluwer Academic Publishers. pp. 205-248.

- Venter, J.J. 1996b. World-Picture, Individual and Society. *Neohelicon*. 23(1): 175-199.
- Venter, J.J. 2001. Early Modern Conceptions of "Natural Law". *Acta Academica*. (33)2:1-39. Aug.
- Venter, J.J. 2002a. Economism: The Debate about the Universality Claims of Orthodox Economics. In: Tymieniecka, A. ed. *Life Truth in its Various Perspectives. Cognition, Self- Knowledge, Creativity, Scientific Research, Sharing-in-Life, Economics ...* Dordrecht: Kluwer Academic Publishers. pp. 289-320.
- Venter, J.J. 2002b. "Nature", "law", "Humanity" – The Rise of Positivism, with Reference to Quesnay, Turgot and Comte. *Acta Academica*. 34(1):1-55.
- Venter, J.J. 2007. Dignity and Work: Global Market and Self-Sustenance. *The Journal for Transdisciplinary Research in Southern Africa*. 3(1): 133-168. July.
- Venter, J.J. 2009. Nature, law, Humanity. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.
- Viviers, W., Cuyvers, L., Dumont., M., de Pelsmacker, P., Muller, M-L., Jegers M. & Saayman, A. 2008. Export Intensity and the Competitive Intelligence of Exporting Companies. *South African Journal of Economic and Management Sciences*, 11(1):85-97, Mar.
- Von Hayek, F.A. 1952. *The Counter Revolution of Science. Studies in the Abuse of Reason*. Glenco: The Free Press.
- Von Mises, L. 1962. *The Ultimate Foundation of Economic Science*. Princeton: New Jersey: D. Van Nostrand Company.
- Warnke, G. 1987. *Gadamer: Hermeneutics, Tradition and Reason*. California: Stanford University Press.
- Weber, Max. 1949. *The Methodology of Social Sciences*. Vertaal en redigeer deur Shils, E.A. & Finch, H.A. New York: Free Press.
- World Bank. 2009. *World Development Report*. New York: Oxford University Press.